


Siener van Rensburg

Die laaste loopgraaf

Adriaan Snyman



Siener van Rensburg
Die laaste loopgraaf


Adriaan Snyman

VAANDEL-Uitgewers

Bedankings

My dank aan die volgende persone vir hul bydraes:

mnre. SJ Becker, J. Borman, H. Boshoff, E. Brits,
MF Botes, FJ de Beer, James Gregory, J. Haasbroek,
Kobus Meyer, S. Naude, D. Van Rooyen, P. Swart,
Frans Vermaak, Michael Viljoen en dr. AJP Burger;
mevv. C. Du Raan, I. Du Toit, Z. Kay, E. Stopforth
en M. Visser.



Verklaring

- 1 Voorgestelde nuwe kaai (300 m)
- 2 Voorgestelde houer depot
- 3 Voorgestelde ys-aanleg
- 4 Voorgestelde hervinning
- 5 Voorgestelde wasgeriewe
- 6 Voorgestelde sportoegang
- 7 Voorgestelde padtoegang
- 8 Voorgestelde stoor
- 9 Voorgestelde tenkplaas
- 10 Voorgestelde substasie
- 11 Voorgestelde substasie
- 12 Voorgestelde brandstofpypleiding
- 13 Voorgestelde substasie

- Voorgestelde teerblad
Vraglading en pud
- Voorgestelde geplaveide area
Houerhantering en rifuwerkerstapels

**Namibian Ports Authority
PORT OF LÜDERITZ**

FUTURE DEVELOPMENT PLAN
SKETCH NO 263

Skaal in meters

Siener van Rensburg het gesê daar sal nog vyf belangrike gebeurtenisse plaasvind nadat 'n swart regering oorgeneem het:

- *Groot oorlogsmoeilikhede wat die land in chaos gaan dompel.*
- *Ons geld gaan so min werd wees dat ons die mure daarmee kan uitplak.*
- *'n Man met 'n bruin pak klere sal die volk weer bymekaar bring.*
- *Daar gaan 'n staatsgreep wees.*
- *Algehele vryheid en ongekende voorspoed vir die Afrikaner.*

Inhoud

Voorwoord	9
Hoofstuk een	
Krause-dokument.....	11
Hoofstuk twee	
Skeeloog en die bobbejaan.....	14
Siener en sy haters.....	14
2 000 jaar gelede.....	16
Oorgawe van Walvisbaai.....	17
NP se ondergang.....	19
Hoofstuk Drie	
God se juweel.....	26
Die hart van die dwaas.....	27
In dieselfde juk.....	29
Hoofstuk vier	
Siener en Psalm 23.....	31
Hoofstuk vyf	
Prinses Diana se dood.....	36
El Nino.....	38
Godspraak oor die SAKP.....	39
Verdeel en heers.....	43
Hoofstuk ses	
Die Boere en Israel.....	48
In die land Kanaän.....	48
By die Jabbokrivier.....	51
Hoofstuk sewe	
Engeland se ondergang: Bybelprofesie.....	61
Suid-Afrika word verlos!.....	66

Hoofstuk agt

Die Boererewolusie.....	70
Die aanval op Johannesburg.....	71

Hoofstuk nege

Siener en ander profete.....	75
Die aanslag van buite.....	76
Profesieë van Gottfried von Werdenberg.....	77
Voor die 3de Wêreldoorlog.....	77
Die Derde Wêreldoorlog.....	79
Die ná-oorlogstye.....	81

Hoofstuk tien

Duikbote by Lüderitzbucht.....	83
Duitse fregat besoek Kaapstad.....	84
Die Lüderitz-spoorlyn.....	85
Lüderitz: Ons dag van afrekening.....	86

Hoofstuk elf

Die oupa Krause-dokument.....	88
Die staking sal misluk.....	88
Die Nuwe Duitsland.....	91

Hoofstuk twaalf

Siener en Daniël.....	95
-----------------------	----

Hoofstuk dertien

Duitse wil en staal.....	101
Twee vliegtuie.....	101
Wapens.....	103
Die kis op Kerkplein.....	107

Hoofstuk veertien

`n Volk se ontwaking.....	110
Ons President.....	121

Die bladsy is skoon.

Voorwoord

Net voordat Suid-Afrika in 1961 die Statebond verlaat het, het dr. H.F. Verwoerd vir oulaas die SA-Klub in Londen toegespreek en onder andere die volgende gesê: Die blankes in Suid-Afrika het 'n paar keuses: "Hulle sal hulself, hulle besittings, asook die geslagte wat nog kom, moet opoffer deur aan 'n Swart Regering oor te gee, en dan die land te verlaat; óf hulle kan aanbly en deel word van 'n Swart Nasie totdat daar geen onderskeid meer is nie."

" 'n Ander moontlikheid," het by gesê, "is om onself te bluf deur oënskynlik geringe *toegewings te maak, en te hoop dat ons sodoende die bouse dag nog 'n rukkie kan uitstel, sodat ons kinders en kleinkinders daaronder sal ly, maar nie ons self nie.* Dit word gedoen deur sommige swartes in die Regering en alle ander fasette van die blanke gemeenskaps-lewe op te neem..."

En toe vra dr. Verwoerd wat die witman gaan doen as hierdie toegewings tot gevolg het dat die swartes alleenheerskappy kry? "Moet die witman dan veg of moet by hom daaraan onderwerp? Wanneer sal hy dan erken dat sy poging om die mag te behou, gefaal het, **en dat hy homself in die laaste loopgraaf bevind waar hy vir sy selfbeskikking sal moet** veg?

In daardie kort, bewoë rede het dr. Verwoerd 'n profetiese uitspraak oor die blanke Afrikaner se toekoms gemaak; 'n uitspraak wat ons vandag eers ten volle kan begryp, want dit is presies net soos hy voorspel het, het die NP regering homself probeer bluf deur toegewings te maak met die hoop dat die gebeure in die res van Afrika hom nie hier sal herhaal nie. Die swarte se hebsug, vernietigingsdrang, totale onvermoë om enige iets in stand te hou en sy grenslose haat vir die blanke, wat sedert die dae van die Belgiese Kongo daartoe gelei het, dat ten spyte van die miljarde rande wat oor baie dekades heen in hulle gepomp is, alle gevestigde en alle bestaande infra-

strukture reeds verwoes is. Met die verdwyning van apartheid het die laaste rede waarom die Weste nog altyd 'n helpende hand na Afrika moes uitsteek, ook verdwyn. Sy gewete is nou gestil en by kan sonder enige verdere skuld-gevoel sy aandag op ander belangriker plekke vestig.

"Afrika, land van verdrukking, ellende en smart", is nou soos 'n vigslyer met veragting eenkant toe gestoot. Al wat apartheid hom nagelaat het, is 'n kaal geplukte, Donker Afrika.

En die dag toe FW de Klerk sien dis onafwendbaar dat alles hier ook na die hoenders gaan, het hy "met 'n glimlag en 'n lied in sy hart" (sy eie woorde) sy hoed gevat en die laer verlaat- gedros, om sonder enige gewetens wroeging sy volksgenote alleen in daardie laaste loop-graaf agter te laat.

Maar byna 70 jaar voordat dr. Verwoerd hierdie toespraak in Londen gelewer het, het Siener van Rensburg al die NP se verraad en die oorgawe aan 'n swart regering voorspel, asook sy volk se verbete stryd in die "laaste loopgraaf". Hy het dit ons "Tweede Bloedrivier" genoem. Volgens die jongste inligting tot my beskikking, sal hierdie dinge egter eers na die verkiesing van 1999 plaasvind. En rondom daardie tyd sal die drie "blou briewe" in die Parlement aankom, en die wiel vir die finale stryd aan die rol sit.

Siener het egter ook gewaarsku dat ons in daardie dag sonder profeet en sonder leier sal sit!

Hierdie boek vertel u daarvan...

Adriaan Snyman

Hoofstuk een

Die Krause-dokument

Met die publikasie van *Siener van Rensburg - BoodsAPPER van God* in November 1995, was vyf jaar se intensiewe navorsing oor Siener se visioene en die verklarings daarvan agter die rug, en ek was ook nie van plan om weer oor hom te skryf nie.

Maar die Boereprofeet het self gesê sy stem sal eers finaal stil raak wanneer die vyande van sy volk "in die niet gaan verdwyn om tot in ewigheid nie weer gesien te word nie". Dit sou eger eers gebeur nadat die "diep kloof" wat sy volk in twee geskeur en uitmekaar gedryf het, weer toegeval het, sodat hulle weer mekaar die hand kan reik - volkome vry en onafhanklik, en ook sonder 'n pennie skuld.

En nou, skaars twee jaar na die verskyning van *BoodsAPPER*, het ek reeds weer soveel nuwe interessante inligting, gesigte en/of verklarings ontvang dat dit 'n aanvullende publikasie regverdig.

'n Beduidende hoeveelheid van hierdie gegewens kom van persone wie se naaste familie of vriende die Boereprofeet nog geken het, en met wie hy persoonlik oor sy gesigte en die verklarings daarvan gepraat het. Hoewel die meerderheid van die gesigte/verklarings reeds bekend is, is daar tog 'n aantal wat bykomende besonderhede bevat en, sover ek kon vasstel, nog nie gepubliseer is nie.

Volgens ander medewerkers is hierdie inligting oor Siener deur hulle grootouers of ouers aan hul oorgedra; ander weer het gesê familieleden of vriende het dit opgeteken, en nog ander het verklaar dit berus op hoorsê, en daarom is hulle nie seker of dit wel van die oom Nicolaas afkomstig was nie.

Laastens het ek ook 'n netjiese handgeskrewe manuskrip van Siener se gesigte en verklarings in keurige Afrikaans ontvang (die *Krause-dokument*). Vir my is dit een van die belangrikste Sienerfondse die afgelope aantal jare.

Die dokument beslaan meer as 90 bladsye en dit bevat al sy bekende visioene soos deur sy dogter Anna in die twee gesigteboeke opgeteken; asook sy beskrywing van die uitbreek en verloop van die 3de Wêreld-oorlog (soos deur Oupa Krause in die tronk aan mnr. Brits vertel), en 'n aantal briewe wat Siener self geskryf het. Verder is daar 'n paar uiters interessante nuwe gesigte wat nooit deur Anna opgeteken is nie.

Dat Siener van Rensburg as Boereprofeet vandag 'n baie, baie groot invloed op die nasate van sy volk het, is nie te betwyfel nie. Hy het self gesê daar sal nog 'n tyd kom dat hy weer baie in die nuus sal wees; 'n tyd wanneer sy volksgenote onder mekaar sal baklei - en 'n donker tyd wanneer hulle onder 'n swart regering gaan staan.

Daardie profesie is reeds in ons dag bewaarheid.

Dis ook opvallend hoe baie van sy gesigte juis in hierdie dae van groot verwarring, angs en onsekerheid in die land, besig is om in vervulling te gaan. Om maar net enkele voorbeelde te noem:

1) Die ANC se "Nurembergverhore" ook bekend as die Waarheids -en-Versoeningskommissie - wat genadeloos alles oor die Boer se verlede sal oopkrap, en waartydens Afrikaner volksgenote mekaar skaamteloos slegsê en verraai (10 Mei 1922).

2) 'n Egskeiding en tragedie wat die Britse koningshuis sal tref en wat tot gevolg sal hê dat "die vrou op die troon gaan verdwyn" (20 Jan. 1919, en 'n ongedateerde visioen ontvang van mev. Bessie van Rooyen).

3) Die skeuring, naamsverandering en uiteindelijke ondergang van die NP (9 Mei 1919 en 11 Mei 1919).

4) Die ineenstorting en bankrotskap van feitlik alle munisipaliteite (11 Julie 1919).

5) Sy volk wat leierloos sal wees wanneer die nag oor hulle toesak; en

6) Die kerke wat so deurmekaar sal wees dat daar geen leiding van hulle sal uitgaan nie. Dit sal meebring dat die volk in groot getalle die Kerk gaan verlaat om soos Siener gesê het, 'n "nuwe Godsdienst" daar te stel; 'n Godsdienst waarin hy weer, soos in die dae van die Groot Trek, weet dat hy God se volk is God en

voor Hom, en Hom alleen die knie moet buig.

Hierdie bykomende inligting en verklarings gee ons nie net 'n nuwe, breër perspektief op die huidige situasie in die land nie, maar stel 'n mens ook in staat om 'n vooruitskouing te maak van hoe Siener se "tydtafel" in die nabye toekoms moontlik kan verloop.

'n Scenario van die verwagte gebeure en chronologiese volgorde daarvan, word in die laaste hoofstuk aangebied. Omdat Siener nooit sy gesigte aan spesifieke datums gekoppel het nie, is dit moeilik om presies te bepaal wanneer dinge gaan begin gebeur; maar dit wil tog lyk asof die huidige El Nino verskynsel 'n belangrike rol gaan speel. Verder sal daar waarskynlik gewag moet word vir die 1999 verkiesing voordat die "blou briewe" die Parlement uitmekaar gaan laat spat.

Hoofstuk twee

Skeeloog en die bobbejaan

James Gregory skryf: Vir amper 50 jaar lank was ek bewus van Siener. (Ek is ouer as dit!) In die familie is stories van hom vertel wat ons as kinders vas laat glo het aan hierdie magiese figuur. Soms as ons stout was, is ons bang gemaak met Siener en dan was, almal stroopsoet - vir 'n wyle! U beskryf een voorval van Skeeloog wat die opstal sou plunder, maar teen ligdag verwilderd gevlug het. Dit is ook jare gelede aan ons gevertel, maar met 'n stertjie by: Dit was nadat Skeeloog gevang was dat hy gesê het hulle het skielik 'n groot bobbejaan-agtige gevaarte bo-op die dak sien staan met oë soos kole vuur en wyd gesperde kake. Ek onthou dit nog klokhelder. Vandag wens ek partykeer dat so 'n gevaarte op my dak wil kom staan as bose mense hier naby is!

Ek het so pas advokaat P.J. Pretorius se boek "Volksverraad" gelees en dit val so saam met 'n boek van ons troue Afrikaner leiers se herhaaldelike verraad van hulle eie mense. Dit strek van Cecil John Rhodes tot en met 1994. Skokkende feite en tog het Siener dit toe reeds geweet.

(Hy was die enigste ware profeet wat ooit vir hierdie volk opgetree het, maar net soos in die dae van Nehemia, word hy deur sy eie mense bespot, uitgelag, geminag en gehaat).

Siener en sy haters

Sedert die verskyning van die eerste reeks boekies oor Siener se gesigte in 1993 (Siener van Rensburg Profeet vir sy volk), het die liberale pers met mening die swaard teen hom uitgetrek en word sy visioene genadeloos deur hulle bespot en afgekam. So het die Afrikaanspratende wit ANC dienaar en Boerehater, Max du Preez, Siener kort en kragtig afgemaak as 'n "flentergat profeet"; terwyl ene At van Wyk van Beeld self sy lyf profeet probeer hou deur te sê dat by geen Siener nodig het om vir hom

te voorspel dat die eens magtige NP binnekort tot niet sal gaan nie, want, profeteer hy, almal weet dit glo reeds. Miskien moet iemand hom net vertel dat die Siener sy voorspelling meer as sewe dekades gelede gemaak het toe die NP nog in die doeke was!

Miskien sal dit hierdie Siener haters interesseer om te weet dat oom Nicolaas ook reeds op 10 Mei 1922 vader Tutu se Lieg en bieggkommissie sien kom het: *Die Unie kom in gezich heel maal omgeploeg maar dit lyk net soos 'n ou ashoop waardeur die ploeg geploeg het.*

Siener se visioen stel dit baie duidelik dat die mense genadeloos gaan optree en die land as 't ware van bo tot onder omkeer in hulle ywer om die misdade van die verlede oop te vlek. Hy voorspel ook dat hulle niks en niemand sal ontsien of gespaar sal word nie. Leiers, partye, asook amptenare, klein en groot, gaan opgekommandeer word om in die openbaar 'die ashoop om te ploeg' en te vertel van die geheime wandade, korrupsie, kullery en leuens waaraan hulle en hul kamerade hulle onder die ou bedeling skuldig gemaak het.

En daardie "voormanne" (leiers) op wie ons so staat gemaak het, sal uit vrees vir die ANC se "straf maatreëls" oor hulle sogenaamde "apartheids wandade" nie meer bymekaar sal staan soos toe hulle ons aan die Kommuniste en swartmagte uitgewer het nie. Nee, nou baklei elkeen vir sy eie bas en slag hulle mekaar links en regs, terwyl die beer Max du Preez die "voorreg" het om saans op sy TV program die 'ashoop' behoorlik oop te ploeg. In hierdie drukgang sal daar hopelik van die verraaiers se oë oopgaan en sal hulle begin besef dat die loon van verraad nog nooit winsgewend was nie!

Dis egter nie net Siener van Rensburg wat geprofeteer het dat die geraamtes in die kas van God se volk nog eendag so genadeloos uitgeskud gaan word nie, ook die Bybel het by monde van die profeet Jeremia gewaarsku dat daar nog so 'n skandelelike dag vir ons gaan aanbreek:

In die tyd, spreek die HERE, sal hulle die bene van die konings van Juda en die bene van sy vorste en die bene van die priesters en die bene van die profete en die bene van die inwoners

2 000 jaar gelede

'n Welmenende Amerikaner het onlangs die volgende kort boodskap op die Internet gelaat: "Wanneer ek aan die Boerenasie dink, sal twee teenstrydige gebeurtenisse altyd by my opkom: Ten eerste, hulle Verbond met God by Bloedrivier in 1838, en tweedens, hul eis dat Mandela uit die tronk vrygelaat moet word sodat hulle hul land, hulle toekoms, hulle alles aan hom en sy Kommunistiese broers kon oorgee.

"Sover ek weet, het geen ander volk sedert die dae van Israel met God 'n verbond (Geloofte) aangegaan me. Maar sover ek weet, het ook geen ander volk met nog 'n sweempie van trots sy kosbaarste besittings met soveel minagting opsy gestoot nie!" aldus die Amerikaner.

'n Mens wil graag 'n derde "gebeurtenis" hier byvoeg, iets wat ons vriend daar oorkant dalk ontgaan het, en dit is dat die gebeurde rondom Barabas se vrylating 2 000 jaar gelede hom weer in 1994 herhaal het toe ons eie Pilatus (alias FW de Klerk) die volk ook voor 'n keuse gestel het, en hulle almal, net soos die skare van destyds, uit een mond geskree het: "Gee vir ons die tronkvoël, die moordenaar! Want ons het geen ander koning behalwe die Keiser nie. En laat Christus se bloed maar op ons en ons kinders wees!"

Toe het Pilatus tevrede en glimlaggend hulle nuwe held uit die tronk vrygelaat; sy hande in onskuld gaan was, en die gerief van sy paleis - askies sy vakansiehuis in Spanje - opgesoek, terwyl die skare hulle Koning bespuug het deur 'n portret van Barabas met 'n doringkroon op sy kop in hul heiligdom op te hang.

Verder het hulle ook 'n skildery van hul nuwe, swart Jesus (ene Albert Luthuli) wat vir hulle gekruisig is van oorkant die water laat haal om in hul Groot Galery uit te stal. Op sy kop is daar 'n doringkroon en die dorings is ligstrale wat uit sy kop skyn. Voor hom staan die Romeinse soldaat, Hendrik Verwoerd, wat hom met 'n spies bedreig, en agter die soldaat staan sy makker, BJ Vorster, ook met 'n spies in die hand. Links van die gekruis-

sigde swart Jesus staan sy moeder, 'n Kleurlingvrou in die gewaad van 'n Jodin, en agter haar 'n Indiërman ('n apostel?) in soortgelyke gewaad.

En soos die profeet Jesaja ook gesê het, het geeneen van ons pastore, predikante of moderators hul snawels oopgemaak om 'n woord to sê nie, want niemand van hulle was bereid om hierdie swart Jesus aanstoot te gee nie!

Ja, verseker sal die ware Jesus se Bloed oor ons armsalige en ellendige volk kom wanneer die Tweede Slag van Bloedrivier aanbreek!

Oorgawe van Walvisbaai

Mnr. SJ Becker van Windhoek skryf:

Omdat ek 'n Suid-wester is, is die Siener se visioene met betrekking tot Suidwes vir my interessant en het ek al baie daarvoor gepeins. Ek is in besit van 'n afskrif van 'n brief wat iemand (wat blykbaar baie van die Siener se visioene geweet het) in 1977 aan 'n Nat geskryf het. Hierin beweer die betrokke persoon dat Siener van Rensburg 'n duidelike visioen van ene dr. Hertzog gehad het en dat hy hom presies beskryf het. Die persoon wat soos dr. Hertzog lyk sou volgens die Siener tweemaal op sy perd spring en Suidwes probeer verower maar elke keer wou die mense niks met hom te doen hê nie en het hy onverrigtersake teruggekeer. Die visioen is of van dr. Hertzog persoonlik of van die HNP in die algemeen. Ek het die ervaring om die visioen bewaarheid te sien in die stryd van die HNP teen die prysgawe van SWA.

Daar is die geveg tussen die bont bul en die rooi bul in Suidwes. Die bont bul verdryf die rooi bul tot in Angola, maar wen nie die geveg nie - sy horings is af, of stukkend. Op 1-4-89 het Swapo, nadat daar al 'n wapenstilstand was, SWA verraderlik ingeval. Maar die gemengde polisie teeninsurgensie eenheid, Koevoet, onder leiding van generaal Sterk Hans Dreyer en met meesal Afrikaner aanvoerders (die bont bul), het met groot verliese vir hulle self die aanval afgeslaan en die invallers moes terug vlug

oor die Angola grens. Ironies genoeg in hierdie Tiendaagse Oorlog was die SA Sekuriteitsmagte 'n tyd lank werklik in diens van die VVO totdat die orde herstel is. Toe het die Veiligheidsraad geëis dat Koevoet ontbind word. Generaal Dreyer het Suidwes verlaat en die manne moes 'n ander heenkome vind. Die bont bul se horings was af.

Die visioen (die bont bul en rooi bul) kan natuurlik ook betrekking hê op die tweede fase van die oorlog in Angola.

Die skrywer van *The War for Africa*, Fred Bridgeland, beskryf breedvoerig hoe die SA magte FAPLA opgevoeter het, soos die Boere in die tweede Vtyheidsoorlog met die Engelse gedoen het, maar aan bande gelê is deur politieke besluite. Die opskrif van Hoofstuk VI lui: "Begging for permission to destroy the Enemy".

Ook in die geval het die bont bul nie finaal gewen nie vanweë politieke besluite. Die bont bul se horings was af

So meen ek dat menige van Siener se visioene al in ons tyd bewaarheid is.

So meen ek ook dat die volgende visioene al bewaarheid is: Op 24 Desember 1988 het mnr. PW Botha 'n protokol geteken waarin SA afstand doen van SWA en alle aanspraak op die gebied. Die Siener (met respek) het dit verkeerdelik "gesien" as die in werking stel van die ooreenkoms tussen genl. Manie Maritz en die Duitse regering waarkragtens Duitse beheer oor SWA erken word. Suid-Afrika kan nie meer Suidwes aan die Duitsers teruggee nie, want SA het hom reeds verloor.

Siener het dus die prysgawe van Walvisbaai en die Ghwano eilande (word nou die Aflandige Eilande genoem) voorsien. Hy praat nou wel van Lüderitz, maar daar moet onthou word dat met sy besoek aan SWA in 1914 was Luderitz 'n belangrike hawe en sentrum van die diamant bedryf.

Die SA Regering het met die toepassing van resolusie 435 die VVO gemagtig om Walvisbaai as basis te gebruik, en later het dit aan die lig gekom dat van die VVO se eenhede (soos die Keniane) ammunisie (soos plofstowwe) het waarmee vredes-

magte gewoonlik nie toegerus word nje. Dis eerder vir oorlog bedoel.

Ek is nie seker nie, maar die Siener verwys ook na ander dokumente waaroor daar kontroversie sal wees. Persoonlik meen ek dit het te doen met die Waldheim verslae van 1972/1973 oor Vorster se heimlike belofte om SWA prys te gee, en wat toe deur die HNP bekend gemaak is tot die verleentheid van Vorster en sy party. En natuurlik ook resoluie 435 waaroor daar groot onmin was.

Ek wil verder gaan. Die blou briewe wat die een na die ander by die Parlement opdaag, is waarskynlik niks anders as druk deur die VVO, die Westerse magte, die internasionale Geldmag, ens., nie. Waarskynlik die een VVO besluit na die ander, waarskynlik ekonomiese druk, ens., wat daartoe lei dat die moframme (kabinet of parlement) uitmekaarspat, en lei tot die ontbinding van die laaste blanke parlement (die prysgawe van alle blank soeweremiteit). Die Parlementslede kry hulle pensioene en hou nie weer bymekaar soos voorheen nie.

Siener van Rensburg het waarskynlik ook die SA Vredesmag net voor die 1994 verkiesing in 'n visioen gesien.

Vergelyk die onluste in Natal voor die 1994 "verkiesing" die probleme van die "Vredesmag", met hulle blou uniforms, die skip wat SA van 'n Russiese staat gekoop het wat as 'n ondersteuningskip van die Vredesmag aan die Natalse kus aangewend is, en wat dalk as 'n vliegdekskip deur Siener waargeneem is. Siener van Rensburg het verder ook voorsien dat groot getalle Afrikaners Suidwes sou verlaat "In Suidwes wys die disselbome suid", het hy voorspel. Hierdie uittog het wel gedurende die jare 1972/1992 plaasgevind, maar het basies nou tot stilstand gekom.

lewers het ek ook gelees dat die Siener gesê het dat wanneer die uittog voltooi is, die Afrikaner in SA onderdruk sal word. Ook dit gebeur reeds...

NP se ondergang

Die Nasionale Party was in Steller se dae nog maar aan die

begin van sy bestaan. Die eerste verkiesings was maar pas agter die rug toe Siener oorlede is. Nogtans het hy die pad van hierdie Party wat later die sterkste Party in die land sou word, tot by sy doodloop gesien.

Siener van Rensburg het hierdie einde van die Nasionale Party sedert 1919 tot 1921 in vier stappe gesien. Eerstens sou daar 'n skeuring wees; dan die oorgawe aan 'n swart regering onder druk van die Weste; daarna het by die vinnige agteruitgang van die NP voorspel; vierdens die bedanking van sy hoofleier; en vyfdeens sy naamsverandering (populier) en verdwyning.

1. Skeuring: Die skeuring van die Nasionale Party het baie duidelik in oom Nicolaas van Rensburg se visioene voorgekom. Verallyn die visioen van 9 Mei 1919:

In die Unie kom waans by mekaar wat hout op het; en toe dit weg raak is die hele wereld pik swart, net of hij afgebrand is. In die Kaap is een paal en een slachter mes kloof en stuk af.

Die waens wat bymekaar kom, dui op voorbereidings vir 'n oorlog; maar hoewel dit 'n onverklaarde oorlog is (die hout op die waens), sal die uitwerking daarvan groot ellende en bloedvergieting tot gevolg hê. 'n Paal was altyd vir oom Nicolaas die simbool van 'n sterk party of regering. Maar nou word daar 'n stuk van die paal afgekloof, wat beteken dat die regerende party (NP) in die Kaap (Parlement) gaan skeur. Dit het dan ook plaasgevind toe eers die HNP in 1969, en later die KP, in 1982 weggebreek het.

Ek het reeds in BoodsAPPER van God daarop gewys dat die skeuring van die Boerevolk dikwels in oom Nicolaas se visioene voorgekom het. Maar hierdie gesig dui op 'n groot en 'n finale skeuring wat sy oorsprong in die Kaap sou hê, die Parlement.

Hierdie skeuring van die Boerevolk het herhaalde male in oom Nicolaas van Rensburg se visioene voorgekom. So het by op 9 Mei 1919 die volgende gesig gehad:

In die Unie kom waans bymekaar wat hout op het; toe dit weg raak is die hele wereld pik swart, net of hij afgebrand is.

In die Kaap is een paal en een slachter mes kloof en stuk af.

Hierdie gesig is nie net nog 'n variasie daarvan nie. Die oorsaak van die grootste skeuring in Afrikaner geledere gaan in die Kaap, waarskynlik die Parlement, begin.

Op 11 Mei 1919, twee dae later, het Siener 'n nog duideliker visioen oor hierdie skeuring gehad:

Toe zaag die zaag een hout in die Unie aan twee en toe is dit een populier hout.

Die uitleg van hierdie visioen sluit gedeeltelik aan by die vorige een. Die hout word hier in twee gesaag en dit verander toe in populier hout. 'n Boere regering of blanke regeermag word in Siener se visioene as 'n garingboom gesimboliseer.

'n Populierboom is volksvreemd en in hierdie geval sal dit die ANC met hulle Kommunisties idees aan die eenkant wees en die „nou kwynende, Nasionale Party vol vreemde volke aan die ander kant. Die nuwe Party, die ANC, sal die bewind oorneem. Maar intussen het 'n leser van Lichtenburg my daarop gewys dat daar ook 'n ander verklaring vir die gesig van 11 Mei 1919 bestaan:

Toe zaag die zaag een hout in die Unie aan twee en toe is dit een populier hout.

Volgens horn is hierdie visioen aanvullend tot die gesig van 9 Mei 1919, behalwe dat die verwysing na populierhout niks met die ANC te doen het nie, maar "dit hou wel verband met die skeuring van die NP" (die deurgesaagde hout).

Na sy skeuring kry die NP 'n heel nuwe gedaante wat vir die Boerevolk onaanvaarbaar sal wees, en kort daarna gaan die NP leier bedank en die nuwe leier sal dan die Party se naam verander (hy word populierhout). Soos in BoodsAPPER van God gesê word, was 'n garingboom vir die Siener nog altyd 'n simbool van die blanke se regeermag in die Unie maar na die party se skeuring, is hy die Boere vyandig gesind en dit veroorsaak die bitterste verdeeldheid in ons volksgeskiedenis".

2. Oorgawe: Die oorgawe van blanke heerskappy het begin die dag toe oom Nicolaas die Boer gesien het wat sy skoene uittrek en voor die Weste op sy knieë neerbuig. Daarna het die swart regering gevolg.

26 Feb. 1922 - *In die Noorde van die Unie is 'n boer wat sy veldskoene uit sy voete (laat) gaan en by buig op sy knieë na die Weste.*

En op:

12 Maart 1917 - al het hy in 'n gesig 'gesien' dat ons nog eendag onder 'n swart regering gaan staan:

.....Ek is by Wolmaransstad en trek nuwe veldskoene aan zwartis (wat swart is).

3. Agteruitgang: Ondanks die beloftes wat mnr. De Klerk na afloop van 1994 se verkiesing gemaak het dat die NP van krag tot krag sal gaan en dat hy (De Klerk) in 1999 nog steeds daar sal wees om die ANC op hulle baadjie te gee en weer die regeermag oor te neem, het hy sy ondersteuners ander maal lelik op die neus laat kyk; want vandag, skaars drie jaar later, is die NP heeltemal verrinneweer en mnr. De Klerk self ook nie meer daar om leiding te gee nie.

In 1914 skryf ene Jan Petrus van 'n gesig wat Siener oor die ondergang van die NP gesien het:

Die Siener het gewaar 'n groot boom in ons land en dit begin somer van bo-af weg te krummel, of te 'pluiings', soos hyself gesê het; en dan vergaan die boom sodat daar net 'n gat in die grond oorbly waar die boom gestaan het. Daarna sien hy in die Vrystaat en die Transvaal elk 'n pragtige blou boom verrys, en hulle dra pragtige druiwekorrels, ongeveer so groot soos 'n fatsoenlike perske.

Sy verklaring hiervoor was dat ons Regering tot niet sal gaan en dat daar twee ander Regerings, in die Vrystaat en in die Transvaal, sou opkom.

Siener het egter nie net die NP se dramatiese agteruitgang korrek voorspel nie, maar ook grootskaalse rasse vermenging wat daar in die tyd sou plaasvind:

15 Nov. 1921- *Aan die Noorde kom 'n ou stevel uit, die leer word slegter en naderhand is daar 'n kaal voet. Ek gaan tussen my skape deur hier op die kopje en die skape lê en slaap **deurmekaar - baster en mof.***

Toe Siener na die 1914 Rebelle saam met mnr. Willie Louerns in die gevangenis was, het laasgenoemde by Siener daarvoor gekla dat hulle in die tronk moet sit omdat hulle teen die Boere verraaiers en Engeland opgestaan het, het oom Nicolaas hom toe moed ingepreparaat deur aan hom te sê hy sien iets goeds vir die Afrikaner in die verre toekoms:

Ek sien in Engeland 'n swart vark met hier en daar 'n wit haar op horn.

Siener het gesê dit beteken dat die swart nasies oorsee nog eendag teen die wittes (in Engeland) gaan opstaan, en daar sal dan ander wittes wees wat hierdie swartes gaan steun, en bygevoeg:

Toe het ek dieselfde vark ook hier sien hang en geweet dat ons ook moeilikheid met die swartes gaan hê, maar dit sou nie verhinder dat ons nog eendag 'n vrye en onafhanklike republiek gaan kry nie.

4. NP leier verlaat die skip: Die "kaal voet" waarna Siener in die visioen agterin sy Bybel verwys, dui daarop dat die party nou sonder leier (stewel) sit, hy moes of gesterf, of bedank het. (FW de Klerk het einde Augustus 1997 as partyleier uit die NP bedank). Volgens Siener se gesig gaan De Klerk se bedanking ook die einde van die NP wees; want in die visioen is daar geen aanduiding dat die NP veel langer sal voortbestaan nadat sy stewel (leier) so verweer het dat dit vanself van die voet afgeval het nie. Hy kan in koalisie met ander partye nog 'n rukkie voort bestaan, maar as party het hy geen seggenskap of invloed van enige waarde meer nie.

5. NP verander sy naam: Volgens verskeie briewe wat ek ontvang het, is dit ook alreeds 'n uitgemaakte saak dat die nuwe NP leier, mnr. Marthinus van Schalkwyk, "die party se naam voor die 1999 verkiesing moet verander, soos Siener reeds op 11 Mei 1919 voorspel het:

Toe zaag die zaag een hout in die Unie aan twee en toe is dit een populier hout.

Ek stem saam daarmee dat die uitleg van hierdie visioen deel vorm van die visioen van 9 Mei 1919 en vir ons aantoon wat die gevolge van die skeuring (die hout wat in twee gesaag word) sal wees: dit verander in populierhout 'n politieke koers wat heeltemal "volksvreemd" is! En juis daarom sal die volk dit met die nodige minagting verwerp.

Dit wil sê na sy skeuring en ommekeer, gaan die `Nuwe NP' sy eertydse ondersteuners heeltemal koud laat; want hy sal voortaan nie meer hulle (die blanke se) belange op die hart dra nie, maar agter vreemde volke aan hoereer. Dit is so dat 'n garingboom nog altyd vir die Siener die simbool van die blanke se regeermag in die Unie was maar na sy skeuring, verander die party van hart, en dit sal dan die ergste verdeeldheid, broedertwis en haat in ons volksgeskiedems tot gevolg hê.

Aangaande hierdie `broedertwis' se mnr. Joos Haasbroek van Potchefstroom dat dit nie net die gevolg is van die NP se verraad teenoor sy volksgenote nie, maar veral vanweë die verraad in eie geledere.

Die verraad onder mekaar was nog nooit so erg in ons volksgeskiedenis as juis nou nie. Ter wille van die guns van die vyand en die verdrukker, verraai gesinslede, boesem vriende, kamerade mekaar. Die volk is diep verdeeld, maar deur 'n tweede Bloedrivier sal hulle gedwing word om weer saam te staan.

Hoofstuk drie

God se juweel

Op 11 Junie 1997 skryf oom Joos Haasbroek soos volg aangaande die volk se verdeeldheid:

"Ja, die voorspellings van oom Nicolaas kom werklik uit. Kort kort sê ek vir my vrou: Kyk wat gebeur nou - Oom Nicolaas het dit net so voorspel. Ons moet maar net baie sterk vashou aan ons geloof in die Here, want ons is nog nie op die punt tot waar ons gaan daal nie. Dit lê net hier om die draai.

Stelselmatig word ons blankes afgetakel; soveel so, dat ons nou amper nog net goed genoeg is om te betaal sodat daar met hulle onheilsdade voortgegaan kan word. Ons moet egter nooit vergeet dat ons nou in ballingskap onder die swartes is soos wat Israel in ballingskap onder die Heidense nasies was nie. Wat ons verkeerd gedoen het, is darem nie so erg as wat die Jode gedoen het nie, want hulle het tot vir Christus vermoor.

Kyk, Suid Afrika is vir my soos Johanna Brandt dit beskryf het: God se juweel, en daarom glo ek wil die Here hê dat ons in 'Harmonie' hier moet leef en liefde teenoor mekaar moet betoon. Maar in stede daarvan is daar nou onder ons blankes soveel haat en nyd dat God op hierdie stadium niks anders kan doen as om ons in ballingskap te plaas sodat ons uiteindelik deur swaarkry weer gedwing sal word om saam te leef as ons in Suid Afrika wil oorleef nie.

"Dit is nie 'n mooi prentjie nie, maar dis dinge wat ons in die gesig staar en wat ons sal moet regstel voordat God sy siening teenoor ons gaan verander.

"Onthou jy oom Nicolaas het oor die dinge wat kom, gesê ons sal laaste daar ingaan, maar weer eerste daar uit-kom? Dit kan dalk te doen hê met al die woelinge hierbo in Afrika. Oral in Afrika is daar moeilikheid, en dit kan net wees dat ons laaste in die woelinge betrokke gaan raak, maar heel eerste klaar sal wees daarmee.

Ek dink Zimbabwe en Suid Afrika het op hierdie stadium die meeste blankes om wel die woelinge hier gou klaar te maak. Maar dan sê ek weer, ons sal ons prioriteite teenoor God reg moet kry, anders kan dit dalk lol met ons hier.

"Onthou net oom Niklaas het ook gesê in hierdie dag en tyd van ons volk *moet ons nie vir ons aan die **voormanne** (leiers) loop vasmaak nie, dit is baie belangrik, want selfs in die krisisuur van ons volk se bestaan, sal hulle **voorgee** om ons te help, maar hul enigste doel sal egter wees **om vir hulleself munt te slaan uit die ellendige posisie waarin ons is.***

Ons grootste stryd gaan nie wees teen die vyand nie, maar teen die *bont korhane* (verraaiers) onder ons eie mense...

Die hart van die dwaas

Ondanks hierdie waarskuwings van die Siener, wil die Boer-volk hom steeds nie losmaak van die party politiek wat net tweedrag en verdeeldheid bring nie.

Selfs 'n party soos die KP wat so 'n jaar of twee gelede nog probeer "voorgee" het dat by "regs" is, dit wil sê "behoudend", het onlangs by monde van sy Vrystaatse ondervoorsitter, mnr. Kobus Beyers, verklaar dat hy (die KP) nie meer as 'n "regse party" bekend wil staan nie, omdat daar 'n stigma aan die woord kleef wat net verdeeldheid bring.

Verdeeldheid tussen wie?

Die KP en die linkses?

'n Mooi verskoning wanneer jy jou rug op die beginsels en die tradisies van jou volk wil draai om met die vyand te kan hande vat!

(Dis nogal interessant dat die woordjie "regs" in die Bybel juis gebruik word om daardie een eienskap uit te beeld wat God se volgelingen kenmerk en van die heidene onderskei; want die Woord sê uitdruklik diegene wat "regs" is, is ook "wys", en dis dan ook hulle wat hul in elke opsig distansieer van God se vyande, wat weier om saam met hulle in dieselfde juk te trek, en liever vra na die *ou paaie, die goeie weg, om daarop te*

kan wandel.)

Wat 'n tragiese oomblik in die bestaan van die eens trotse Boervolk dat sy sogenaamde "leiers" hulle vandag juis distansieer van daardie "ou paaie", waardes, karaktertrekke en eienskappe wat hulle nog altyd van hul vyande onderskei het en waarvoor hulle leiers van die verlede ook 'n bloedoffer van 27 000 vroue en kinders op die altaar gelê het.

Daar word vir 1999 'n Algemene Verkiesing beplan, en hoe nader die dag kom, hoe groter raak die afvalligheid in eie gelede, en hoe minder gaan die volk hom aan Siener se waarskuwings steur.

Alreeds is van die "regse" partye besig om ons gewetens af te pers, om ons daarvan te oortuig dat dit die beste sal wees om maar liever "alles oorboord te gooi" en aan die Godloën-aars se verkiesing deel te neem.

Daar is van hierdie leiers wat sê dat diegene wat nie wil onderhandel of gaan stem omdat hulle nie deel wil wees van die Kommunistiese strukture van die Nuwe Wêreldorde nie, die eintlike "volksverraaiers" is!

Ook hierteen het die Siener ons gewaarsku toe by gesê het: *"Moenie toegee nie, staan vas en veg tot die bitter einde al veg julle ook met die rug teen die muur..."*

Maar toe die oomblik van waarheid in 1990 aangebreek het, was daar skaars 'n handjievol Gideoniete wat bereid was om die wapen op te neem en vir die eer van hulle God en volk in die bresse te tree.

Soos Barend Strydom in sy boek* wat pas verskyn het, sê: "Daar is 'regse volksgenote' wat ons as melaats beskou en liefs nie in die openbaar in ons geselskap gesien wil word nie, hoewel hulle agteraf saampraat en ons optredes goed keur"

Tereg vra Hy dan:

"Wat het hulle gedoen toe hulle Verlosser se Naam uit die Parlement se gebed verwyder is, toe hul volk aan die heidene uitgelewer is?"

* Barend Strydom - 'n Belydenis

Ons dapper gevegsmanne het verskoning gemaak, eenkant toe gestaan en gevra:

"Maar sê nou ons wen die oorlog, wat maak ons dan?"

Toe het hulle met 'n uitgestrekte hand na die vyand toe oorgestap om met hulle blad te steek en vredesverdrae te sluit!

Die gemakstugtige Boerevolk was maar te dankbaar om hul voorbeeld te kon volg, om sodoende nog 'n rukkie langer hul mooi huise, nuwe motors en vet salarisse te kon geniet. Want al wat hulle eintlik in die proses verloor het, was maar net die Sabbat en die Naam van hul Verlosser wat nie meer in die Parlement gehoor word nie!

En wie wil nou daaroor 'n bohaai opskop?

In dieselfde juk

Net soos die profete van die ou tyd, het Siener van Rensburg ook gewaarsku, maar geen enkele leier wou luister nie.

Inteendeel, hulle het hom al in sy eie leeftyd uitgelag, soos generaal Kemp die dag daar op Upington toe Siener hom gewaarsku het om nie op die Sabbat generaal Botha se magte aan te val nie.

Maar Kemp wou nie luister nie, en sy Rebellemagte is daardie Sondagoggend verpletter.

Op 10 Oktober 1990, word in ons Staatskoerant aangekondig dat die Naam van ons Heiland uit die gebed in die Parlement geskrap word. Ons vermeende getroue vriend en koning, F W de Klerk en sy NP, het met daardie optrede finaal die Messias se Bloedoffer verwerp om die guns van die heiden te wen.

En skaars drie jaar en sewe maande later, op 10 Mei 1994, staan Christen, Islam en Hindoe aanbidders in die Parlements-huis om gesamentlik en afsonderlik hul God en afgode aan te roep; en so onder die gebede deur word daar ook nog af-en-toe sydelings gespoeë tot eer van 'n voorvadergees of twee.

Om die skyn van `Christelikheid' te bewaar, is die voor-vadergeesaanbidder, biskop Desmond Tutu, as `verteenwoordiger

van Christus' gevra om namens almal in die Nuwe Suid Afrika, tot God toe te tree.

En toe, ten aanskoue van die hele wêreld, vind daardie groot wonderwerk plaas waarna die mensdom al sedert die dae van die Kruisiging uitgesien het, naamlik, die heuglike dag waarop heiden, ateis en gelowige saam in dieselfde juk kon trek. En tot vandag toe weerklink die wêreld se lofprysinge oor hierdie grootse oomblik steeds in ons ore!

Maar die ware gelowige sidder as hy dink watter straf wag op die leiers wat Hom verlaat het om daaraan mee te doen en so-doende sy verbond met hulle verbreek het.

Deut. 28:20 vertel ons van God se wraak vir diesulkes:

*Die Here sal teen jou stuur die vervloeking, die verwarring en die bedreiging in alles waar jy jou hand aan slaan, wat jy moet doen; totdat jy verdelg is en totdat jy gou tot niet gaan vanweë die boosheid van jou handeling, **dat jy My verlaat het.***

Ook Jesaja 24:5 waarsku hulle:

Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek.

Selfs in die Kerk sal dit niks beter gaan nie, het Siener gesê, en omdat dit alles so deurmekaar en onseker sal wees (want nog predikant, nog ouderling sal meer weet wat is reg en wat is verkeerd), sal baie van hulle in hierdie tyd op 'n dwaalweg beland.

Hoofstuk vier

Siener en Psalm 23

Siener het by verskeie geleenthede aan vriende en familie vertel dat hy gesien het hoedat groot getalle mense uit die land gaan vlug nog lank voordat die moeilikheid werklik begin het. En dan het hy bygevoeg dat dit nie net die liberale Engelse en Jingo's is wat die hasepad gaan kies me, maar ook van die stoere opregte Afrikaners. Hulle sal egter uitwyk omdat hulle oë nog toe is en hulle nie begryp wat besig is om plaas te vind nie, want die smeltkroes waardeur ons moet gaan, is God se manier om die volk na Horn toe terug te bring.

Maar dit sal baie, baie lank duur voordat die volk sy stywe nek gaan buig en sy ellendige toestand gaan erken.

In hierdie verband het ek `n baie interessante brief ontvang van Michael Viljoen van Murraysburg. Hy beskryf ons huidige omstandighede aan die hand van `n gesig van die Siener, en vergelyk dit dan met die baie bekende Psalm 23 van koning Dawid.

Oom Nicolaas beskryf sy visioen van 20 Oktober 1915 soos volg:

Die portmanteaus wat zoo staan. Die tavel waar die mense wat op die berg uitkom noch een klomp op die gelykte. Een gezen van een man zijn oogen es noch toe. Die twee kampen mense kijk naar die Oosten.

Ek sien reistasse wat oop staan. Eenkant sit mense by 'n tafel waar blomme op is. Ek gaan by twee klompe mense verby, wat met vaal muile ry. Die een klomp gaan ek by 'n brug verby en die ander klomp op die gelykte. Ek sien 'n man van wie die oë nog toe is. Die twee klompe mense kyk albei na die ooste.

Oom Nicolaas se visioen kan ook met Psalm 23 vergelyk word. Die eerste vers van hierdie Psalm lees:

"Die Here is my herder, niks sal my ontbreek nie".

En hierdie verteenwoordig dan die woorde "Die Portmantheus

wat so staan".

Die volgende deel wat na Psalm 23 heen verwys, is "Die tafel waar die mense wat op die berg uitkom..." Dit is die tafel soos beskryf in vers 5 van Psalm 23: "*U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teestanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.*" Die tafel het te doen met die wet en die verbond wat die Vader aan ons gegee het en wat ons met 'n eed bekragtig het, maar toe weer op 'n latere tyd verbreek het. Dit word gevind in Deuteronomium Hoofstukke 4, 5, 9 en 10. Die verbreking van die verbond word in Deut. Hoofstuk 9 vers 17 gevind, en alhoewel die tafels van die verbond weer herstel is, het ons as volk nog steeds buite hierdie verbond geleef, tot vandag toe.

Die tafel op die berg en die tafel uit vers 5 van Psalm 23 is die tafel van die verbond en hierdie deel beteken dat daar van ons is wat weer die verbond erken en aanvaar. En deur erkenning en aanvaarding vind die salwing plaas sodat ons beker oorloop. Die salwing beteken dat diegene wat die verbond erken en dit aanvaar skoongemaak word van alle tradisies en gewoontes wat nie van ons Vader is nie en gevul word met die waarheid van sy wet en verbond. Die woorde, "my beker loop oor", beteken dat diegene wat die salwing ontvang het ten volle in die waarheid van die wet en verbond sal leef.

Dit word gevind in die woorde van Jesus die Christus (gesalfde) in Matteus hoofstuk 5 verse 17 en 18. Die woord "vervul" in vers 17 beteken "om ons vol te maak sodat ons daarvan oorloop" in die betekenis dat jy in die volmaaktheid of totaliteit van die wet sal leef. Soos Jeremia dit in Hoofstuk 31 vers 31 tot 34 bevestig. Die woorde in vers 31 nl. "nuwe verbond" behoort te lees "hernuwing van die verbond." Die verbond word hernu, want dit is ons wat die verbreek het, teenoor ons Vader, wat sy Woord van die verbond nog altyd in stand gehou het. Verder word daar gesien in Psalm 23 dat hierdie Tafel voorberei word "voor my (volk se) aangesig en teenoor my teestanders".

"Voor my aangesig" het dieselfde betekenis as die gebeurtenis in Genesis Hoofstuk 32 waar Jakob God van aangesig tot aangesig ervaar het en sy naam toe na Israel verander is. Jakob se naam beteken "die een wie homself terughou", want jy sal jouself onttrek van dit wat onreg is. Jakob se teëstanders was Esau/Edom. Dieselfde gebeurtenis gaan homself hier by ons afspeel.

Die woorde "teenoor my teëstanders" het te doen met die twee klompe mense wat op vaal muile ry. Oom Nicolaas (die Boervolk) het hulle verbygegaan, die eerste klomp op die vlakle en die ander klomp by die brug. "Teenoor my teëstander" beteken die volgende:

"Teenoor" beteken om die wat in jou pad staan te verwyder, of skoon te maak en teëstanders beteken die wat jou verdruk of onderdruk, die wat vervolg, en die wat optree op 'n vyandige manier. Die gelykte, of vlakle waar een klomp mense op vaal muile ry, is die dal van doodskaduwee in Psalm 23.

Oom Nicolaas (die Boerevolk) het hierdie klomp mense sonder enige vrees en sonder dat hy aangeval is verbygegaan tot by die brug. Die brug is die oorgang na die tafel op die berg; en tydens hierdie tog deur die 'dal van doodskaduwee' word die Boerevolk beskerm deur die "stok" en "staf" van die Vader, net soos die staf wat Moses ook altyd by hom gedra het.

Dit is die vurige kruis, en hier kom nou 'n ander visioen van Oom Nicolaas ter sprake (30 Desember 1915):

Mense met groot bosse baard met portmantheus in hul hande. Die deur is toe. Dit is geel, dit is donker.

Die datum van hierdie visioen het 'n numeriese waarde die getal 4 wat totaliteit of eenheid beteken. Hierdie persone met die vurige kruis in hul hande, sal die volk beskerm en deur die dal van dood-skaduwee lei. Die deur wat toe is, beteken dat die identiteite van hierdie persone geheim sal bly tot die regte tyd en ons sien dat hulle reeds gereed is tydens die benoudheid (dit is geel en donker). Die woorde 'vaal' en 'muile' het te doen met die beskrywing van diegene wat ons teëstanders is: Vaal het te doen met duisterms en 'n muil is die nageslag van

'n perd en donkie en nie raseg nie. 'n Muil kan ook nie aanteel nie, dus kan hy op sy eie nie voortbestaan nie.

Die tafel met blomme is die tafel op die berg wat gedek is. Die mense op die gelykte en die man wie se oog nog toe is, is diegene wie nog nie tot die waarheid gekom het nie, maar soos ons Heiland gesê het: "Die wat eerste is, sal laaste wees, en die wat laaste is, sal eerste wees". Net so sal die hele Boervolk uiteindelik oor die brug gaan.

Verder word gesien dat diegene wat blind is en diegene wat die berg bereik het, het almal na die Ooste gekyk. In Esegel hoofstuk 11 en 12 kry ons die antwoord. Let veral op vers 17 van hoofstuk 11. Hierdie hoofstukke het ook te doen met die ander klomp (teëstanders) wat na die Ooste kyk. Die oop reistasse het te doen met die feit dat die volk besig is om reg te maak om op reis te gaan na die berg, die vesting van ons God en Vader.

Verse 2 en 3 van Psalm 23 het te doen met die ontwaking van die Boerevolk in hul wese tot die ware verbond wat die oorvloed, rus en vrede sal bring - soos ook deur oom Nicolaas gesien.

Die laaste vers van Psalm 23 is die bevestiging van die seën-inge wat sal volg en dat die volk as die ware volk van hul God en Vader in sy huis tot in ewigheid sal wees...

Volgens die simbole wat in die ander visioene gebruik word en wat verklaar kan word, kan die aangehaalde visioen ook die volgende beteken:

Reistasse staan oral rond. Mense staan op die punt om te ver-trek. Dit is 'n taamlike wanordelike situasie asof dit halsoorkop gedoen word.

Die tafel wat teen die berg staan, is omstandighede waarvan die mense probeer wegkom. Daar is niks op die tafel nie - hier is vir hulle niks meer wat hulle hier kan hou nie.

Die mense wat wil vlug, se oë is toe. Hulle verstaan nie wat be-sig is om te gebeur nie. Daar is twee groepe van hulle.

Die een groep staan op 'n brug en die ander op die vlakke.

Die groep op die brug probeer hulle probleme oorkom, maar die ander probeer nie eens nie. Hulle het net vlug in gedagte. Daar is ook 'n tafel waarop daar blomme staan. Vir die mense wat by die tafel aansit, is die omstandighede draaglik en hulle probeer nie vlug nie. Hulle bly liewer al is hulle oë nog toe en kan hulle nie verstaan wat gebeur nie.

Siener (die Boervolk) gaan by twee groepe mense verby wat op muile ry. Die muile beteken dat hulle moeilikheid vir die Boervolk kan en sal maak. Siener raak nie aan die muile nie en dus sal die Boervolk skotvry uitkom. Die Boervolk draai die rug op hierdie muilryers en gaan by hulle verby en gaan oor die brug wat beteken dat hulle die mense die rug keer sodat hulle op hulle eie sal wees wanneer die ellende hulle tref.

Hoofstuk vyf

Prinses Diana se dood

Volgens prof AWG Raath en N van Zyl (*Die vierkleur wapper weer: Die visioene van Siener van Rensburg*. Vierkleur Uitgewers, Bloemfontein, 1994), het die Boereprofeet reeds op 20 Januarie 1919 prinses Diana en prins Charles se egskending voorspel:

*In die Unie is een sloot en by die sloot se bo ent kom een vrouw uit sy het **kakie klere** aan en een zif loop bo op haar hoofd. Toe die vrouw **wegraak** toe staan die koren vol in die aare. Toe loop geel water so dun stroompje van die Noorde naar die Weste, oor en ou pad en toe die water oor is toe kom daar banje mof skape op uit die oupad.*

N Van Zyl se verklaring: In die Unie is 'n nuuskanaal en by die nuus se oorsprong is 'n vrou in die nuus. Sy is 'n Engelse vrou (Diana). 'n Skeiding hang oor haar hoof. Toe die vrou van die toneel verdwyn toe is die tyd ryp...(menende die tyd is ryp dat dinge hier by ons kan begin gebeur).

Na my mening is dit nie heeltemal korrek om net te sê die tyd is ryp nie; want volgens Siener se eie verduideliking aan nmr. Boy Mussman oor die simboliese betekenis van "ryp koring" dat ons begin gereedmaak vir 'n groot verkiesing. (Volgens sy visioen van 1 Julie 1925).

Siener sê ook dat die vrou in kakieklere ('n Engelse vrou van hoë aansien) sal **wegraak** (met aander woorde, sy sal sterf). En dan eers sal ons begin voorbereidings tref vir 'n verkiesing (1999).

Dit is presies wat gebeur het! Enkele dae na prinses Diana se dood op 29 Augustus 1997 is die eerste verkiesingskote deur die NP en ANC afgestuur, en sommer kort op hulle hakke (4 Oktober 1997) verklaar die KP op sy Jaarkongres dat hy ook aan die verkiesing gaan deelneem. Die verdere verloop van

die visioen dui op Oosterse betrokkenheid (geel water), en ook dat baie opregte Afrikaners (mofskape) hulle rug op die KP en NP gaan draai om na die "ou paaie" terug te keer en in eie belang op te tree omdat hul leiers dit nooit gedoen het nie.

Dink maar aan die Vrystaatse boere wat vir die eerste keer die reg in eie hande geneem het om die vlag van koelbloedige moorde op blankes te wreek. Maar volgens Siener sal hulle baie gou deur die Regering aan bande gelê word, hoewel die moorde sal toeneem en sal voortduur tot en met die beplande verkiesing in 1999.

In drie ander belangrike visioene (16 en 23 Januarie 1916, en 3 September 1920) het hy waarskynlik nie net gesien hoedat prinses Diana na haar egskending van alles gestroop word nie; maar ook dat haar skielike dood die hele Engeland in rou sal dompel. Verder het hy gesien dat daar vuilspel by haar dood betrokke was, en ook dat sy in 'n motorongeluk sou sterf:

1. (16 Jan. 1916): *Een prachtig vrouw wat Geel aangetrek es (Engelse vrouw). Zij word kaal.* (Met haar egskending het prinses Diana haar voorreg om Koningin te word, verbeur, asook ook vele ander titels).

2. (23 Jan. 1916): *Een vrouw met een groot zwart lamver om haar (dood) die sef van die Westen kant. Een groot tavel wat blenk. Daar is veel gareng op (gemene spel). Die ashoop wat daar leg* (die skandes waaraan sy die koningshuis blootgestel het, was die rede waarom sy moes sterf. Daar was o.a. berig in die media dat Diana 'n kind van haar Islam minnaar verwag het, en ook dat sy binnekort met hom sou trou). *Die kar sporen wat en die pat es* (sy sou in 'n motor sterf).

3. (Hierdie gesig kom uit die *Krause dokument*. Oom Nicolaas het op 3 Sept. 1920 daarvoor aan mnr S Naude van Bethlehem geskryf:

...In Europa gaan een geel "spiter" (spaaider - 'n ligte Engelse koets) naar Ooste en toe die "spiter"stil staan, kom een bees onder hom uit en gooi hom omver. Toe staan die bees daar, dit

is een rooibont bees en die "spiter" (kar) is weg.

In sy brief aan mnr. Naude verklaar Siener self dat die spaaier na Engeland verwys, en dat dit deur die rooibont-bees (Amerika - die CIA?) se toedoen is dat die karongeluk plaasvind. Maar oom Nicolaas het saam met die egskeding en tragiese dood van prinses Diana, ook die verreikende gevolge gesien wat dit vir die Britse troon sou inhou.

In die twintigerjare het hy aan tant Bessie van Rooyen van Henneman se skoonvader heelwat interessante voorspellings oor die Britse koningshuis gemaak. Mnr. Van Rooyen was 'n goeie vriend van die ou Boereprofeet, en dis net jammer dat hy nie meer moeite gedoen het om hul gesprekke noukeurig op te teken nie:

"Elke keer wat oom Klasie 'n 'slang' in 'n gesig gesien het, het hy gesê daar sal rasseprobleme wees, en ook dat die aarde daar omgekeer word. Hierdie rassemoeilikheid loop dan uit op verraad of gemene spel; 'n vername persoon wat gewelddadig sterf, en/of oorlog (dit wil sê daar gaan verseker ook bloedvergiëting wees).

" Siener het ons mos haarfyn vertel hoe die Tweede Wêreldoorlog gaan uitbreek, wie daaraan gaan deelneem en ook dat Duitsland uiteindelik as 'n verslane en gebroke volk uit die stryd sal tree..."

El Nino

Voordat hierdie groot moeilikheid gaan begin, het Siener ook 'n droogte sien kom waarin die gras wit-droog sal wees; die ergste in menseheugenis.

As ons nou die weerprofete en ander `kenners' moet glo, dan lyk dit of die komende El Nino juis so 'n ramp tot gevolg kan hê; 'n ramp wat wêreldwyd sy invloed gaan laat geld.

Hieroor skryf Zunata Kay: "Ek het Siener se voorspellings met aandag gelees, en soos dit vir my lyk, gaan ons die tweede

droogte in waarvan hy voorspel het. En dat ons, ons probleme kan ver wag wanneer die gras weer gaan groen raak, is dit dalk September 1999? Ek glo ons stuur af op 'n 20 maande ramp-droogte en 'n depressie wat daarmee gepaard sal gaan. Dan praat ek nie van 'n groterwordende ontevredenheid onder die swartes nie. "Ek ver wag wel dat die 1999 verkiesing sal plaasvind, maar dit sal gebeur te midde van 'n geweldige onrus en misdaad.

"Ons het weer begin om kos bymekaar te maak.

My derde baba (tweede seun) word Februarie volgende jaar gebore. Ek glo ons sal nog geld hê om te kan koop, maar ek ver wag dat die kos baie duur sal wees en dat basiese voedsel soorte soos mieliepap en meel nie op die rakke beskikbaar sal wees pie. Ons stuur af op algehele chaos..."

El Nino is al 'n paar maande lank besig om amok te maak. In Nieu Seeland het die hele graanoes misluk. Hulle sal graan uit ander lande moet invoer en as dieselfde lot ander lande ook tref, staar die wêreld 'n enorme hongersnood in die gesig.

In Suid Afrika is die graansilo's leeg. Daar is nie meer graan oor van die vorige oeste nie. Hierdie jaar is tonne graan ingevoer en die boere het om daardie rede nie veel koring gesaai nie.

Die oestyd lê voor en Siener het 'n verskriklike droogte voorspel. Die boere weet nie herwaarts of derwaarts nie, want vir hulle gaan dit nie net oor voedselverskaffing aan die mense van die land nie, maar ook oor oorlewing wat hulleself betref. Honger mense is tot enigiets in staat ...

Godspraak oor die SAKP

Oom Nicolaas het nie net die verbrokkeling van Kommunisme in Rusland voorspel nie, maar ook gesê dat dit hier in Afrika sal voortleef en dat dit ongekende geweld in ons land gaan veroorsaak: *Hier in die Noorde, het hy gesê, kom daar 'n rooi vlag uit.*

Dan is die aarde daar omgeploeg, maar dan sien ek 'n tweede

rooi vlag kom uit (met ander woorde - dit sal weer herleef).
Toe sien ek spanne swart osse (kaffers) wat besig is om in te span (hulle organiseer) en hulle kyk reguit hierheen. (Hulle maak gereed om moeilikheid te kom maak). Dan raak die gras aan die brand (geweld breek uit) en brand hierheen.

Die finale stiyd wat nou aan die gang is, is dus nie soseer 'n stryd tussen wit en swart nie, maar tussen Lig en Duisternis - Christen en heiden. Ons hoor en lees nog daagliks in koerante: "Kommunisme is dood!" Maar oom Nicolaas het `gesien' hoe dit hier in Suider Afrika nuwe momentum kry, voordat dit later geheel en al deur Duitsland vernietig gaan word:

20 Jan. 1926 - *In Europa trek waans met rooi osse (Kommunisme) agter hulle is waans met groot blou osse (biae sterk Duitse mag wat die Kommunisme verdryf). Die wêreld word swart na die Unie toe (die donkerte sak hier toe).*

Siener van Rensburg se uitsprake oor die Kommunisme stem baie ooreen met wat ons in die Bybel daarvan lees.

Die dag toe hierdie `rooi dier' (Siener se `rooi osse') ons land binnegekom het, het dit met die Vader se wil geskied omdat hy dit as instrument wou gebruik om ons te straf. Inderdaad was die godslasteraar dan ook die groot mond wat groot dinge teen die Allerhoogste en sy heiliges gespreek het, en ook 'n diepe ellende, hongersnood en jare se vervolging oor hulle gebring het.

Net soos ons God die Assiriërs van ouds oor Israel en Juda laat optree het, so doen Hy ook met vandag se Assiriër, die Kommuniste. Maar net soos die Assiriërs van ouds uitgeroei is vir hulle oormoedigheid teen sy volk, so sal ons Vader ook hierdie veragtelike Kommuniste met geweldige krag verdryf uit ons land en daarna vernietig op die berge van Israel. (Vergelyk in hierdie verband Jesaja 10:5-34; 14:24-27; 30:6, 27-33; 33:1, 19).

Tipies van die Kommunis oorspeel hy altyd sy hand. Omdat hy nie weet dat God Almagtig hom die reg gegee het om as roede

oor ons op te tree nie, het hy dit as 'n geleentheid gesien om sy wraaksug te bevredig. Die Kommunis bly dus getrou aan sy goddelose aard, maar luister wat sê:

Jesaja 33:1: *Weë jou, verwoester, ... As jy klaar is met verwoes, sal jy verwoes word!*

Jesaja 30:27: *KYK, die Naam van JAHWEH kom van vêr af, Sy toorn brand, swaar wolke kom op; sy lippe is vol grimmigheid en sy tong soos 'n verterende vuur...*

Jesaja 16:4: *... Want gedaan is die verdrukker (Kommuniste), klaar is dit met die verwoesting, weg is die vertrappers uit die land!*

Jesaja 16:6: *... en sy trotsheid en sy grimmigheid, sy onbehoorlike grootpraterij.*

Want Jesaja 14:26 sê: *Dit is die besluit wat geneem is oor die hele aarde, en dit is die hand wat uitgestrek is oor al die nasies (in hierdie eindtyd); want JAHWEH van die leerskare het dit besluit - wie sal dit kan verydél? En sy hand is uitgestrek - wie sal dit kan afkeer?*

U, my liewe vriend, wat hierdie gedagtes van ons God met my deel, moet nie bevrees wees vir hierdie Assiriese Kommuniste, want kyk wat sê ons Vader verder oor hom:

Jesaja 10:23: *... 'n vergelding wat vas besluit is, sal Elohim JAHWEH van die leerskare voltrek in die midde van die hele aarde. Daarom, so sê Elohim JAHWEH van die leerskare: O My Volk wat in Sion (Suid Afrika) woon, wees nie bevrees vir Assur wat jou met die staf slaan en sy stok teen jou ophef op die manier van Egipte nie.*

Jesaja 10:25: *Want nog 'n baie kort rukkie dan is die grimmigheid ten einde, en My toorn gaan uit om hulle te vernietig.*

Jesaja 10:32 *"Nog vandag staan hy (Assur) in Nob (priesterstad), hy swaai sy hand teen die berg van die dogter van Sion (Suid Afrika), teen die heuwel van Jerusalem! (Suid Afrika).*

Jesaja 10:33: *Maar kyk, Elohim JAHWEH van die leërskaars slaan met skrikwekkende geweld die takke af (van die Kommunistiese Nuwe Wereldorde - vergelyk Jesaja 18:5), en die hoog uitgegroeides (swart Kommunistiese strydere) word omgekap en die verhewenes neergegooi.*

Hierdie wrede Kommuniste met hulle kamtige vredes-duiwe soek net een soort vrede, en dit is die verbreking van sy volk:

Jeremia 8:11: *En hulle genees die verbreking van die dogter van My volk (Suid Afrika) op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede! - terwyl daar geen vrede is nie.*

Maar Jesaja 8:15 sê: *Hulle wag op vrede, maar daar is niks goeds nie; op 'n tyd van beterskap, maar kyk, daar is **verskrikking** (Siener praat ook van die 'gees van verskrikking' !).*

Die Kommuniste, bedag op die formidabele slaankrag van 'n gemotiveerde Boervolk, het hulself in gereedheid rondom ons gebring.

Die Verenigde Volke (V.V.) se 'bloumagte' sal hulle bystaan, en ongetwyfeld sal die Russe nie uitbly nie. Hier sal 'n vuurgeveg kom, maar die sterftesyfer sal aan die goddeloses en die afkeriges se kant wees. Dit weet ons. Ja, in die omstandighede van die vasbeslote vergelding teen die goddelose, beide Kommuniste en blanke Westering, sal sterfte syfers skokkend hoog wees, sodat die oorgeblewenes soos die drie of vier olywe aan die boomtop sal wees.

Maar deur sy profeet Jeremia verklaar die Vader dat Hy ons hulpkrete hoor:

Jeremia 8:19 - *Daar is 'n hulpgeroep van die dogter van my volk uit 'n baie ver land: Is JAHWEH nie in Sion nie?*

Die blanke as geheel sal nie sy verdelging ontkom nie. Dit sal slegs diegene onder die gelowige Oorblyfsel wees wat die verwoesting en doodslag sal vryspring: Die meerderheid blankes sal egter of in die storms wat kom sterf, of daardeur verdryf word, want ondanks Siener se duidelike waarskuwing dat die tyd van die politieke party verby sal wees na die swart oor-

name, is daar nog vele wat hul hoop vestig op daardie 'voormanne' of leiers wat net in hulle eie belang optree.

Siener het helder en duidelik geprofeteer dat ons volksleiers in hierdie donker tye geen politieke mag of invloed meer sal hê nie, dat hulle weer sal terugkeer na die dae van Paul Kruger se 'volksregering' - soos dit in die Bybel beskryf word.

"As 'n man opstaan en sê: Ek is julle leier, moet hom nie glo nie. En as 'n ander een opstaan en sê: Kyk, daar is hy, moet julle hom ook nie glo nie, want as die ware leier die dag opstaan, sal die volk hom dadelik herken, en in hul harte sal hulle weet: Hier is ons Moses! En niemand sal dan nog twyfel en vra 'waar is jou geloofsbriefe en getuigskrifte?' nie!"

Verdeel en heers

Ons moet ook nie uit die oog verloor dat dit die party-politiek se hoofdoel is om te verdeel, sodat hulle die weg kan baan vir die Nuwe Wêreldorde wat op hande is. En dis interessant dat die NWO juis in September 1999 tydens 'n luisterryke fees in die piramide van Gisa amptelik ingelui gaan word.

Die Amerikaanse regering het die piramide reeds vir daardie doel bespreek. Onder die vaandel van die Nuwe Wêreldorde gaan hulle dan ook uiteindelik die veelbesproke Een Wêreldregering instel.

Die Boer se weerspanningheid en koppigheid, sy onverbidde-like vashou aan apartheid en sy onwrikbare geloof dat hy sy vryheid verdien, het ons vir 30 jaar lank uit die kloue van die Vrymesselaars en die Een Wêreldregering gehou.

Dit sal die Boervolk ook in opstand laat kom wanneer die tyd ryp is. Daar is nie meer keer aan die Nuwe Wêreldregering nie. Al wat die Boervolk nog kan doen om daardie verskrikking en onderdrukking vry te spring, is om daar buite te probeer bly. Dit sal 'n regering wees wat deur Satan ingestel word.

Vir 2 000 jaar lank baklel hy al om dit reg te kry.

Die Boervolk met sy apartheidswette het dit vir dertig jaar ver-

traag. Nou staan Suid Afrika op die punt om saam met die res van die wêreld opgeneem te word in hierdie nuwe regering.

Siener het gesien dat ons, ons vryheid kry. Ons sal dus nie onder die Nuwe Wêreldregering inval nie. Voordat dit ingestel word in 1999, sal ons reeds al aan die baklei wees vir ons vryheid.

Siener het ook wit tente in die karoo gesien, derduisende van hulle. Wanneer die Nuwe Wêreldregering die skroef na drie en 'n half jaar begin vasdraai en mense forseer om die merk op die voorkop en hand te aanvaar, sal bale duisende blankes uit Europa en ander dele van die wêreld sal wegvlug om die verskrikking van die Antichris se regering te ontsnap. Hier aan die suidpunt van Afrika sal die enigste veilige plek op die ganse aardbol wees. Hulle sal hierheen kom, die enigste plek waar God se seën en beskerming nog sal wees.

Intussen word die volk nog verguis en bespot oor sy lamleendigheid. Terwyl die vertrapte en verskeurde Boervolk ook deur sy leiers ter wille van wins en eie voordeel mislei word, is die dag feitlik op ons wanneer geen volk meer die reg sal hê om oor homself te regeer nie.

Daar word ook van verraderlike geheime organisasies soos die Vrymesselaars, die Afrikaner (Broeder)Bond, IDASA en Toekomsgesprek gebruik gemaak om verdeeldheid in eie geledere te verseker.

In Suid Afrika was daar 5 miljoen blankes waarvan 3 miljoen Afrikaans sprekend is. (Intussen het honderde duisende jastemmers reeds die sinkende skip verlaat).

Daar is dus veel minder as 3 miljoen Afrikaners teenoor 40-50 miljoen andersvolkiges. Slegs 'n klein persentasie van daardie Afrikaners - sowat 'n 100 000 - beskou hulself nog as Boere; want hulle kan hulself net nie vereenselwig met Mandela se Kommunistiese "Reenboognasie", of sy Nuwe Suid Afrika se Eenheidstaat nie. En dit is dan ook net hulle wat nie aan die komende 1999 verkiesing onder die heidense vaandel gaan deelneem nie.

In 1994 was daar 800 000 blankes wat buite stemming gebly

het, maar die meerderheid is reeds gebreinspoel en sien nie meer die nodigheid daarvoor om by hulle beginsel te staan nie.

By monde van dr. Ferdi Hartzenberg het die KP in 1994 gesê dit sal **verraad** wees om aan die verkiesing deel te neem. Maar op die KP se Kongres van 4 Oktober 1997, was hierdie einste dr. Hartzenberg die man wat voorbrand gemaak het vir 1999 se verkiesing.

Op daardie selfde Kongres is toe ook uitgeroep: "Weë die dag waarop die Afrikanervolk nie meer politieke leiers het nie!"

In die lig hiervan is dit ironies dat juis Siener van Rensburg gesê het die tyd van partypolitiek is verby, en dat die Boervolk weer, soos in die dae van Paul Kruger, eendragtig sy vryheid en onafhanklikheid op volkspolitieke gebied moet gaan soek. Afrikaners wat nog steeds vasgevang sit in die vangnet van partypolitiek, sal aanstons hierdie waarheid begin besef wanneer hulle hul in die uur van benoudheid tot die God van Bloedrivier sal rig en wag op die koms van 'n Moses ('n "geestelike leier"), wat Hy sal stuur om hulle uit die hand van Farao te red. Maar voordat die redding gaan kom, het Siener gesê, sal ons nog eers die smeltkroes moet deur, 'n tyd van wolke en wolkenag waarin ons so verskrik en alleen sal wees, dat ons geen ander keuse sal hê as om (soos by Bloedrivier) die knie voor God te buig en in verootmoediging die Gelofte te herbevestig nie.

In die 1914 Rebelle was daar gevegte en baie het gesterf. Daar was ook verraad onder die Boere wat tot haat en woede gelei het. Dit het Siener 'n sif genoem. Dit was 'n eenvoudige, maklike proses.

Vir ons vandag het hy 'n smeltkroes gesien wat veel erger is. Ons volk sal Boos deur vuur gelouter word. Net die suiweres, die egtes, die opregtes sal dit oorleef. God gaan hierdie laaste oorblyfsel deur vuur stuur sodat Hy vir Homself net die aller suiwerste en edelste kan uithaal as sy besitting.

Elkeen met verraad in sy hart, wat ander deur leuens lei, wat die waarheid ken, maar dit nie verkondig nie, wat uit nydigheid

en jaloesie teen sy buurman optree, wat ander in die rug steek, ens., ens., sal in die smeltkroes verlore gaan en sal uitgelewer word aan die swaard.

Die smeltkroes waarvan Siener gepraat het, is God se wraak en woede waarmee hy al hierdie valse aanhangsels van die Boerevolk gaan besoek. Weë die een wat met die vyand heul om die Boerevolk skade aan te doen.

Siener se voorspelling van die "duisternis" wat oor ons gaan toesak, is in 1978 deur 'n besoekende Nieu-Seelandse prediker, eerw. John Beaumont, bevestig toe by vertel het van die naggesig wat hy oor Suid Afrika gehad het.

Vooraf het hy die gebeure in 2 Kronieke 20 voor hom sien afspeel. Daarin word beskryf hoedat die magtige leërs van die Ammoniete, Moabiete en die mense van Seir teen die koning, Josafat, opgetrek het. Toe Josafat dit hoor, het paniek hom oorval en hy het nie geweet wat om te doen nie. Maar toe sy gees tot bedaring kom, het hy sy volk vergader en 'n vasdag uitgeroep. En hy het in die heiligdom tot God gebid en gesê dat Israel nie toegelaat is om die Ammoniete, Moabiete en die mense van Seir met hul uittog uit Egipte uit te roei nie, en nou kom hierdie volke om ons uit ons besittings "te verdrywe wat U aan ons gee het".

Toe antwoord God koning Josafat deur Jahasiël en Hy het vir die volk gesê:

"Wees nie bevrees of verskrik vanweë die groot menigte me, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God ... Julle hoef ook nie te veg nie", het hy gesê en bygevoeg: "...bly (net) staan en aanskou die redding van die Here."

Toe het God die Ammoniete, Moabiete en die mense van Seir die volgende oggend in 'n hinderlaag gelei sodat hulle verward geraak het, en terwyl Josafat se manne staan en toekyk het, het hul vyande mekaar geslag en totaal uitgewis, sodat daar nie een oorgebly het nie!

Eerwaarde Beaumont vertel dan dat sy gesig oor Suid Afrika presies net so verloop het: "Ek het 'n verskriklike holocaust

gesien wat elke oomblik oor julle kon losbars om julle totaal te vernietig. Maar net voordat die leeu se bek oopgegaan het om julle te verslind, het ek toe gesien hoedat God self vanuit die hemel ingryp om die woestaard se bek vir ewig te sluit.

Daarna het ek gehoor hoedat mense dwarsoor die wêreld van julle as 'n volk praat - nie meer as hierdie volk wat so verag, verwerp en teengestaan is nie, maar almal was verwonderd en verbaas daaroor dat julle nou 'n volk was wat deur God ge-eer word. En terwyl dit aan die gang was, het ek gehoor hoe julle God loof en prys."

Ten slotte het by bygevoeg: "Daar is soveel vrees en onsekerheid oor die toekoms van julle land, maar moenie dat dit julle harte ontstel nie; want deur God se toedoen, sal jul vyande mekaar vernietig. Dit is in die aard van rebelle om teen mekaar te draai. Hulle is van nature lafharte en verraaiers..."

Die Boereprofeet Siener, het ook aan oupa Krause gesê hy sien hoe mense vanoor die hele wêreld aan ons eer betoon.

Hoofstuk ses

Die Boere en Israel

Siener van Rensburg het, net soos die Voortrekkers en Jerusalem-gangers, geglo dat die Boerevolk ook God se volk is.

Hy het ons dan ook dikwels met Israel vergelyk. In sy eie tyd het niemand met hom daaroor gestry of dit betwyfel nie, omdat selfs die predikante dit geglo het.

Maar die kerk van vandag distansieer hom daarvan. Soos wat ouderling C.A. Gagiano kan getuig: "Siener het dit geweet en geglo soos die Voortrekkers."

Ouderling Gagiano se seun, mnr Johannes Gagiano, beklemtoon dieselfde gedagte in 'n brief van enkele jare gelede waarin hy sê die Bybelwaarhede word opnuut bevestig deur die visioene van ons eie profeet, "wat ek bevoorreg was om self te ken". In sy kinderdae het oom Nicolaas dikwels sy kinderhand gevat en dan aan hom, sy en vader en oupa al daardie dinge bevestig wat soveel duisende jare gelede deur God profeteer is en wat in die geskiedenis van die Boerevolk weerspieël word.

Hy sê dat baie van oom Niklaas se visioene 'n direkte openbaring is van die profesieë uit die Ou Testament oor die volk van God, oor Juda en Israel, asook ons eie volk se geskiedenis. Oom Niklaas het dan ook dikwels, ter verduideliking van sy woorde, die nodige Skrifte genoem. So byvoorbeeld het hy Jesaja 14:1 aangehaal: *Die Here sal Hom oor Jakob ontferm en Israel (Die Boerevolk) nog verkies, en hulle in hul land laat vestig...*

In die land Kanaän

Terwyl ek die afgelope sewe jaar besig was met navorsing oor die visioene van Siener van Rensburg, het ek nie net op 'n aantal merkwaardige parallele tussen ons geskiedenis en

die van die volk Israel afgekom nie - dit word breedvoerig in *Boodskapper van God* beskryf -, maar daar is ook vir my 'n duidelike ooreenkoms tussen die ontstaan van Israel 2 700 jaar lede in die land Kanaän en die Boervolk 354 jaar terug hier aan die suidpunt van Afrika.

Die Boervolk se ontstaan kan nie geskei word van sy ingewortelde idee en vereenselwiging met Israel, die uitverkore volk van God in die Ou Testament, nie. In hierdie opsig is die Afrikaner egter nie uniek nie. Baie ander Westerse volke het al in die een of ander stadium van hulle geskiedenis dieselfde gedoen (bv. die Britte, die Amerikaners, die Duitsers). So het Joseph Chamberlain, die Britse Minister van Kolonies, by geleentheid verklaar: "Die Angelsaksiese ras is onfeilbaar bestem om die oorheersende mag in die geskiedenis en beskawing van die wêreld te wees." En ook op sy beurt het die bekende Amerikaanse skrywer, Herman Melville, weer gesê: "Ons as Amerikaners is 'n besondere, uitverkore volk, die Israel van ons tyd; ons dra die ark van die wêreld."

Net so het die Boervolk hulleself ook beskou as 'n uitverkore volk wat deur God aan die suidelikste deel van 'n groot vasteland geplaas is met die spesiale doel om die ligbringers van die Evangelie te wees. Wat eers as net 'n ooreenkoms gesien is, het uiteindelik 'n goddelike beskikking en opdrag geword, en is as sodanig verklaar in talryke preke van predikante, toesprake van nasionale en politieke leiers, en is herhaal en nagepraat in eindelose briewe in die pers, van die dae van die Groot Trek af tot vandag toe.

In die vorige eeu het 'n groep Voortrekkers wat bekend was as die Jerusalemgangers, weggetrek na die Beloofde Land². Naas die Bybel was hulle handboek een van die bekendste publikasies vanuit daardie tyd, naamlik, *Redelike Godsdienst*, deur W. A. Brakel wat van mening was dat daar ook 'n fisiese Jerusalem hier in Suid Afrika te vinde was.

² 'n Baie interessante publikasie, *Die Jerusalemgangers*, verskyn volgende jaar by Vaandel Uitgewers.

Volgens F.A. van Jaarsfeld (Die eenheidstrewer van die Republikeinse Afrikaners), het baie Trekkers, soos Gerrit Maritz en Andries Pretorius, ook geglo dat met die Trek uit Kaapland "... trek hulle weg van Farao, die Egiptiese verdrukker, reis (hulle) deur die woestyn en vestig hulle hul dan uiteindelik in Kanaän tussen die heidene". Verder was hierdie wegtrek na die "land van Belofte" vir hulle soos "den uittogt der Isreliten".

In 'n brief van 17 Maart 1937 skryf Maritz: "Aangaande ons bedoeld land - waar wy heen trekken, is het met een woord, volmaakt een land `oervloeiende van melk en honing'...

En net soos die Jerusalemgangers het die Trekkers ook die swartes van Afrika gesien as `Gam se geslag'. Want dit was juis die Trekkers se natuurlike weersin teen vermenging; sy strewer na vryheid, en ook sy vrees vir onderdrukking wat diep in hulle gemoed gesetel het, en wat onbewustelik 'n groot en vormende invloed op hulle denke en emosionele reaksie teenoor die nie-blanke (veral die swartman) gehad het.

'n Ander faktor wat 'n groot invloed gehad het op die Trekker se houding teenoor ander rasse, was die liberale rasse siening en optrede van buitelandse sendelinge wat na Suid Afrika gekom het om klaas tot baas te verhef.

Die feit dat manne soos dr. Philips, Johannes van der Kemp en Read niks verkeerd in sosiale omgang met nie-blankes op 'n grondslag van gelykheid gesien het nie, en dat Van der Kemp uiteindelik tasbare uitdrukking hieraan gegee het deur met 'n Kleurlingvrou te trou, het by die gewone Trekker al die afsku te voorskyn geroep wat hy diep in sy hart ervaar het teen die gevare van verbastering en die 'subtiële invloede' wat dan sy tradisionele lewens uitkyk ondermyn.

Eerwaarde Johannes van der Kemp, 'n dissipel van die Godloënaar Rousseau, is toegelaat om 'n sendingstasie op te rigte te Bethelsdorp. Hy is ook verlof toegestaan om die Griekwas, 'n bastervolk uit die nasate van die blankes by Hottentotte en Maleiers, onder die toesig van die Londense Sendinggenootskap oorkant die Oranjerivier te gaan vestig.

Hier kom ons weer te staan by sy fundamentele begrip van die Skrif, op grond waarvan enige huwelik tussen blank en nie-blank nie net as taboe beskou is nie, maar as 'n onvergeeflike sonde.

In hierdie oortuiging is die Trekker ook verder versterk deur sy sterk Calvinistiese uitkyk, sy drang om die rigsnoer vir sy hele lewe in die Skrif te vind, sy besef dat hy, net soos Israel, deur die wildernis moes trek en die gevare van die onbekende trotseer. Die ooreenkomste tussen die wel en die weë van die uitverkore volk, Israel, en sy eie volk was so opvallend en so talryk dat hy homself met Israel kon vereenselwig.

God het met geen ander volk op aarde, behalwe Israel 'n Verbond gesluit riele, en verder word daar dikwels in die Bybel beskryf dat wanneer Israel in benoudheid verkeer het, dan het hy horn voor God gaan verootmoedig, om redding gesmeek en terselfdertyd ook 'n bindende gelofte afgelê.

En sonder uitsondering het God hulle telkemale uitgered.

Dit is dus nie vreemd dat ook die Trekkervolk in sy uur van benoudheid daar op die wal van die Ngome hom spontaan voor sy God neergebuig het om 'n bindende Gelofte af te lê nie.

En dis seker nog minder vreemd dat God, net soos vir Israel, hulle ook op wonderbaarlike wyse uitgered het!

By die Jabbokrivier

Die ou Boereprofeet, Siener van Rensburg, het 'n aangryp-ende gesig gehad van sy volk wat in die verre toekoms weer vry en onafhanklik sou wees. "Maar dit sal nie sonder bloedvergiëting geskied nie," het hy gemaan, "en julle sal weer voor 'n Tweede Bloedrivier te staan kom, want bokant julle sien ek 'n bloedgedoopte vlag wapper.."

Daar op die walle van sy Eerste Bloedrivier is die Boervolk op 16 Desember 1838 gebore, en op 10 Mei 1994 is hy in weggevoer in ballingskap, en sal eers weer by die "Jabbok", of sy Tweede Bloedrivier, as die Nuwe Boervolk gedoop word.

Israel van ouds het ook dieselfde pad geloop, want die dag toe

Abraham uit Haran vertrek het om 'n eie tuiste in besit te gaan neem, is daar 'n nuwe volk gebore; maar hierdie volk is eers jare later as Israel gedoop nadat Jakob daardie nag by die Jabbokrivier met die engel geworstel het.

Ek glo ook nie dit was somer toeval dat Jakob juis by hierdie rivier oorgestaan het nie, want in die geskiedenis van Israel (in die Ou sowel as Nuwe Testament) speel riviere 'n belangrike rol. So, byvoorbeeld, is Israel se groot vyand, die Farao van Egipte, by die Rooi See verslaan.

Dawid skryf hoedat dieselfde Israel veel later by die riviere van Babel gesit en ween het terwyl hulle aan Sion dink, en dan is daar die skokkende beskrywing in 1 Konings 18:40 van Elia wat 450 profete van Baal op die wal van die Kisonrivier geslag het omdat hulle die volk tot afgodediens verlei het.

In die eerste boek van die Nuwe Testament vertel Matteus ons van die Verlosser wat afgegaan het na die Jordaanrivier om daarin gedoop te word. En in die laaste boek, Openbaring, beskryf Johannes dat hy aan die einde van die tyd gesien het hoedat die riviere in bloed verander wanneer 'n reuse , brandende ster daarin neerstort...

Kyk mens nou na ons eie geskiedenis, dan val dit op dat, net soos wat Israel sy beslag gekry het toe Abraham uit Haran padgegee het, net so ook is die Afrikaner of Boervolk gebore toe die Voortrekkers hulle tentpenne in die Kaapkolonie gelig het om die onbekende in te trek opsoek na hulle eie Kanaän.

In 1834 het 'n simpatieke Britse amptenaar, Donald Moodie, die swerwende trekboere aan die Grootrivier tevergeefs probeer oorreed om terug te draai. Maar hulle het prontuit gesê hulle is Israel en dat hulle op pad na die Beloofde Land is.

Toe Moodie hulle probeer wys het op die verskil in omstandighede en goddelike leiding tussen die Israëliete, het 'n ou man sy hand gelig en gesê:

"Daar is geen verskil nie! Ons is God se volk..."

Maar dit was eers na die slag van Bloedrivier dat daar na die Voortrekkers as die Boervolk verwys is. Of, soos een van die

geskiedskrywers opgemerk het:

"By die rivier is die Boervolk in water, bloed en vuur gedoop."

Dis 'n ontstellende gedagte, en 'n mens wil vra:

Hoekom?

Was die bloedvergiëting van byna 27 000 onskuldige vroue en kinders in die Tweede Vryheidsoorlog dan nie al genoeg nie?

Ons was dan nog altyd bekend as 'n gelowige en Christen-volk. Waarom die bittere straf?

Is dit omdat ons Leviete, priesters en voormanne verleiers geword het en ons op 'n dwaalweg gelei het?

Of is dit omdat ons saam met die profete van Baal (die Islam en voorvadergeesaanbidders) voor hulle afgode neergebuig het?

Die Bybel sê jy moet jou geloftes aan God nakom, of so nie word dit vir jou sonde en dan sal die Almagtige sy Hand van jou terugtrek.

Ons hoef maar net om ons heen te kyk om te besef ons vertoef me meer in die skadu van die Allerhoogste nie; ons weet nie meer herwaarts of derwaarts nie; as ons dink aan die dag van more, is daar beklemming in ons harte.

Toe ek as jong seun die skool verlaat het, was daar by my geen twyfel en onsekerheid oor die pad wat ek wou loop nie. Maar praat jy vandag met 'n jong seun of dogter oor sy of haar toekoms, dan sien jy die onsekerheid in hul oë. Hulle verstaan dikwels nie eens wat in die land aangaan nie, maar hulle ervaar dieselfde vertwyfeling en angs wat daar in hul ouerharte heers.

Siener het gesê die hand van God sal by tye baie swaar op hierdie volk rus, en hy het ook gesê (1914) sal ons deur 'n sif gaan, maar aan die einde van die eeu sal God ons deur die smeltkroes vat. En dan sal elkeen van ons moet kies. Dit is nie vir my om te sê of u reg of verkeerd gekies het nie.

Al wat ek weet, is dat die Woord vir my sê as jy 'n gelofte sewe maal aan God gedoen het, staan dit vir tyd en ewigheid en mag jy dit nooit verbreek nie. God sê ook in sy Woord daar

sal 'n tyd kom dat Hy sy Wet op ons harte gaan skryf. En al het ons glad nie geweet dat die Geloofte by Bloedrivier sewe maal herhaal is nie, sou ons dit eerbiedig en onderhou het omdat God dit reeds op die tafels van ons harte geskryf het. Maar elkeen wat vandag so maklik sê, die Geloofte beteken vir my niks nie, is gewis en seker nie deel van hierdie Boervolk rille!

Tog is daar duisende nasate van die Voortrekkers vir wie 16 Desember net nog 'n vakansiedag is om lekker op die strand deur te bring.

Selfs van ons sogenaamde "Afrikaner organisasies" - soos onder meer, die ATKV - wil reeds hê ons moet Geloftedag afskaf en daarvan 'n "Versoeningsdag" maak waar almal welkom sal wees. Maar die voorsitter van die ATKV, dr. Flits Kok, besef blykbaar nie eens waaroor die Geloofte gaan nie; en ook nog minder dat dit met geen ander volk in hierdie land iets te doen het nie. Dit was 'n Geloofte wat die Voortrekkers namens hulle nasate aan God gedoen het; en diegene wat dit wil afwater, tel beslis nie onder daardie stoere manne se nasate nie. Die ATKV probeer die ANC se guns wen deur iets vir almal te wees, maar uiteindelik gaan hy niks vir niemand wees nie!

Die profete en die leiers van die Bybel was gewis van 'n beter stoffasie, want selfs 'n man soos koning Dawid het rondborstig in die teenwoordigheid van sy onderdane uitgeroep: "Ek sal my beloftes aan God voor die hele volk betaal". En in Nahum 1:15 belowe God dat as ons, ons geloftes aan Hom betaal, sal Hy sorg dat die verdrukker nooit eens deur ons gebied trek nie, want Hy sal hom heeltemaal uitroei.

Maar as die Boerevolk dan nou te skaam is om sy gelofte aan God na te kom, het hy darem nog 'n vriend wat dit jaarliks namens hom probeer doen. Hierdie verrassende nuus het ek van 'n kennis in Johannesburg, Peter White, verneem. Hy was twee jaar lank met werk en studieverlof in Duitsland. Hy vertel dat toe hy in 1993 sy werkgewer gevra het of hy op 16 Desember verlof kan kry omdat hy en sy gesin Geloftedag wou vier, moes hy hoor dat 'n klompie Duitsers (die meeste jongmense),

ook reeds vir 16 Desember verlof geneem het. By verdere navraag maak hy toe die verstommende ontdekking dat hulle "verlof neem om die wonderwerk te vier wat God jare gelede op die dag vir die Boervolk gedoen het."

Volgens Peter was hy nog meer verbaas toe hy agterkom dat feitlik nie een van hierdie groep Jong "Geloofte gangers" aan hom kon sê wat presies op daardie dag van 16 Desember 1838 by Bloedrivier gebeur het nie - hulle het net geweet dat God 'n "handjievul Boere uit 'n oormag swart aanvallers se hand gered het hulle het nie eens geweet hoe dit gebeur het nie, maar dit het hulle aangegryp en herinner aan die Israeliete se ondervinding 2 400 jaar gelede by die Rooi See".

En terwyl daardie klompie Jong Duitsers jaarliks bymekaar kom om die Groot en Magtige Dade van onse God in herinnering te roep, wil die volk van hierdie Geloofte liefs nie daaraan herinner word nie - hulle hou liever Versoeningsdag met die vyand uit wie se hand God hulle gered het, of hulle baljaar op die strande, braai vleis en geniet yskoue bier terwyl hulle hul verbeeld dat alles wel is met hul vertrapte volk en geplunderde land.

Hulle wil liever nie weet dat hulle hul reeds in die smeltkroes bevind nie, en dat dit aanstons so donker sal word dat hulle nie meer die hand voor die oë sal kan sien nie nog minder wil hulle weet dat hulle hulself binnekort sonder God en sonder wapen voor 'n Tweede Bloedrivier gaan bevind.

Oor die verloop van die Slag van Bloedrivier wil ek nie veel uitwei nie, want ek dink u is almal goed bekend daarmee. Ek wil net vlugtig verwys na 'n paar minder bekende feite en gebeurtenisse wat hom daardie dag op die walle van die Ngome afgespeel het.

Na die moord op Retief en die slagting by Bloukrans was daar net twee moontlikhede vir die Voortrekkers onder leiding van Sarel Cilliers en Andries Pretorius, hulle kon ook Durban toe gevlug het soos die groep Engelse wat net betyds 'n skip in die hawe gehaal het.

(Siener het in een van sy visioene gesien hoedat die Engelse weer in die toekoms presies net soos hulle voor-ouers na die skepe in Durban se hawe gaan vlug wanneer die groot moeilikheid by Vereeniging losbars!).

Die Voortrekkers het egter besluit dat hulle die vyand sal aanvat, maar met die sekere wete dat slegs 'n oorwinning hulle van 'n gewisse dood sou red!

Dingaans mag van 15 000 krygers was reeds gedurende die nag van 15 Desember rondom die Voortrekkerlaer saam getrek en as hulle aangeval het, sou hulle die 464 man baie maklik kon oorrumpel en die hele laer uitgewis het. Maar die Boere het hul lanterns dwarsdeur die nag aan sweepstokke laat hang, en die digte mis oor die gebied het aan die dowwe ligsirkels 'n spookagtige voorkoms gegee, sodat die Zoeloes gedink het dit is die geeste wat huil, en hulle het toe gewag vir dagbreek. Om presies halfvyf die oggend het die mis skielik opgeklaar en het Sarel Cilliers hulle vir die eerste keer besef dat hulle is totaal deur die vyand omring. En asof hulle net daarvoor gewag het, het die Zoeloes op hul tromvelle begin slaan, begin toyi toyi en oorverdowende krygskrete laat hoor.

Andries Pretorius het bevel gegee dat niemand 'n skoot mag skiet voordat by dit gedoen het nie, en op 25 meter het by die eerste Zoeloe met 'n doodskoot platgeskiet.

Hoor en sien het vergaan, terwyl die Boere in die laer die een aanval na die ander afgeslaan het. Vier maal het die Zoeloes aangeval en vier maal is hulle teruggedryf. Teen nege uur was hulle moed gebreek en toe Sarel Cilliers en veertig man te perd op hulle afstorm het 11 500 Zoeloes paniekbevange op die vlug geslaan.

Die bekende Afrikaanse skrywer, P.J. Schoeman, het jare gelede 'n onderhoud met een van die Zoeloes wat daar geveg het se agterkleinkinders gehad, en volgens die het sy grootjie oupa vertel van die lang manne in wit klere wat rondom die laer gestaan het en die spiese wat hulle na die Boere in die laer gegooi het, afgekeer het. Van sy ander makkers weer het

witgeklede manne met assegaai wat uit die lang gras opgespring gesien wat hulle voorgekeer het, nog ander Zoeloes het ook vertel van die witgeklede manne op perde wat hulle verhoed het om naby die waens te kom.

'n Gebeurtenis wat seker net so wonderbaarlik is as die Voortrekkers se oorwinning, is dat daar binne die laer 900 osse en sowat 500 perde was. Ons weet almal hoe sensitief 'n dier vir geraas is, en onder normale omstandighede sou die oorverdowende lawaai die diere paniekbevange gemaak het sodat hulle alles voor hulle sou platgeloop het. Maar gedurende die hele veldslag het die osse en perde daar bly staan. En toe die Zoeloes teen 9 uur op die vlug slaan, was die perde nog so kalm dat die Voortrekkermanne die Zoeloes te perd kon jaag. Die Voortrekkers het nie net die Gelofte afgelê nie, hulle het met die agtervolging van die vyand ook God se opdrag uitgevoer waar Hy in Jos 10:19 sê: "Maar julle moenie bly staan nie; jaag jul vyande agterna en sny hulle agterhoede af, laat hulle nie toe om in hul stede in te kom nie..."

Ook sy Belofte dat een man 'n duisend sal agtervolg en voor hom uit sal verdryf!

Josua se woorde is dan ook bewaarheid, want toe Dingaan uiteindelik weer sy stad, Umgungungluwu bereik, was alles afgebrand en sy mag totaal verbreek.

Vandag staan ons op die vooraand van die nuwe Millennium en heel waarskynlik ook die Tweede Bloedrivier. En nou wil ek u graag vertel van wat Siener van Rensburg hieroor vir ons te sê het:

Hy het in een stadium gepraat van 'n emmer bloed wat in die Noorde (Pretoria en die Vaaldriehoek) gaan omval, en van die baie mense wat gaan sterf. Op 'n ander keer het hy gesê ons gaan 'n volmaakte republiek van 'n volmaakte God kry, sonder 'n pennie skuld en sonder dat 'n druppel bloed gestort word. Dit is tog teenstrydige gesigte. Maar hy verwys toe na sy gesig waarin by gesien het dat vir hulle wat weet, dit nie so erg sal wees nie.

Wie is hierdie mense wat sal weet? Die KP's, VF'ters en die

HNP's? Nee, dis almal wat met die aanvang van die Tweede Bloedrivier `binne die laer' sal wees. Siener het nie van 'n fisiese laer gepraat nie, maar verwys na elkeen wat in sy hart reg is deurdat hy hom volkome van God se vyande gedistanseer het. God se vyande is diegene wat sy Woord minag, wat sy Heilige Naam vermy, wat die suiwerheid wat Hy geskape het wil besoedel deur verbastering, wat vir God die Seun nie meer plek het in die hoogste gesag wat die land regeer nie, wat nie in opstand kom as daar teen die Almagtige gelaster word deur die heidene nie, die wat saam met die heiden in dieselfde juk trek, wat liever die wêreld se guns wil hê as die guns van God.

Maar net soos die profete Israel herhaaldelik en tevergeefs gewaarsku het, het Siener se vermaninge ook op dowe ore geval.

'n Noukeurige studie van veral Daniël se gesigte wys op interessante raakpunte met die van Siener van Rensburg.

Daniël en sy volk was ook, net soos die Boervolk vandag, in benoudheid en ballingskap onder 'n vreemde regering:

Daniël 12:7: ... 'n tyd, tye en 'n halwe tyd, en as hulle die mag van die heilige volk (Boervolk) geheel verstrooi het (hulle totaal magteloos is), sal al hierdie dihge vervul word (die einde aanbreek).

Daniël 12:9: ...die woorde bly verborge (duister, weggesteek) en verseël tot die tyd van die einde toe (dan mag dit geopenbaar word).

Daniël 12:10: ... en geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie (vergelyk ook Matteus 24:37-39), maar die verstandiges sal verstaan (die woorde sal aan hulle geopenbaar word en hulle sal begryp wat dit beteken).

Daniël 12:11: En van die tyd af dat die voortdurende offer (die `amptelike' afskaffing van Geloftedag op 16 Desember 1995?) afgeskaf en die ontsettende gruwel (die Mandela skildery met die doringkroon op sy kop) opgerig word, sal duisend-twee-

honderd en negentig dae verloop (Junie 1999?).

Daniël 12:12: Welgeluksalig (geseënd) is hy wat bly verwag en duisend-driehonderd-vyf-en-dertig dae bereik (September 1999?).

Daniël 12:13: En jy, gaan heen na die einde; en jy sal rus (sterf in God) en weer opstaan (in die wederopstanding van die gelowiges) tot jou bestemming aan die einde van die dae (wanneer die ewigheid betree word).

En om die saak bo enige twyfel te stel oor die tyd wanneer hierdie uiteinde sal kom, word dit aan Daniël gesê:

Daniël 12:1: In die tyd (van die einde van die eeu) sal Migael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk (Juda) staan, optree (vergelyk Openbaring 12:6-7); en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op die tyd nie (is dit nie dalk die 'smeltkroes' en 'donker tyd' waarna Siener verwys het nie?

Vergelyk ook Matteus 24:21 en Lukas 21:25); maar in die tyd sal jou volk gered word (Juda word eerste verlos), elkeen wat in die boek (van die Lewe van die Lam) opgeskrywe staan.

Daniël 12:2: En baie (nie almal nie) van die wat in die stof van die aarde slaap (dood is), sal ontwaak (in die wederopstanding) sommige tot die ewige lewe (in die Nuwe Jerusalem) en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.

Daniël 12:3: En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, coos die sterre vir ewig en altoos.

Soos die komende dae en situasies ontplooi, sal al hoe meer en hoe meer van die Skrif vir ons duidelik word, mits ons die komende tyd met bekering, ootmoed en gebed ingaan en ons begeerte op Hom rig.

Hoofstuk sewe

Engeland se ondergang: Bybelprofesie

Oom Nicolaas het in 'n gesig gesien hy stap in die nag na sy broer Piet wat net oorkant die spruit gewoon het.

Daar begin toe groot reëndruppels val en die Goddelike persoon (in die grys klere) verskyn weer aan hom en vra of hy die onweerswolke sien, twee aan die oostekant, twee aan die noordekant, twee aan die westekant en een aan die suidekant. Hierdie Goddelike persoon sê toe aan hom "dit is die sewe plaë wat God gelyktydig beskik het wat oor Engeland sal kom".

Hierdie visioen was een van Siener van Rensburg se mees ontstellende gesigte oor 'n reeks van rampe wat Engeland sou tref en wat tot nou toe nog net ten dele vervul is.

Volgens die Siener sou die sewende en laaste 'plaag' Engeland finaal laat ondergaan die dag wanneer die Boervolk se stryd verby is en hy weer die mag hier oorgeneem het.

Oom Nicolaas het verder ook verklaar dat Engeland se ondergang die gevolg sou wees van die misdade wat hy destyds in die Engelse oorlog teen Afrikanervroue en kinders gepleeg het.

"Kyk," het hy een keer aan 'n vriend verduidelik: "elke maal as daar 'n groot wêreld-gebeurtenis kom, dan word kinders en vroue vermoor en dan volg die straf gewis. Het Farao dan nie ook die vroedvroue opdrag gegee om al die manlike kinders by geboorte dood te maak nie?"

En die straf was dat Farao met al sy ruiters in die Rooi See begrawe is..."

In Engeland het hy 'n bontvark in 'n put gesien wat so honger is dat by teen die walle snoep (water skaarste en hongersnood). Die Siener het gesê dis 'n groot hongersnood wat op Engeland wag wanneer die stryd hier in Suid-Afrika op sy felste is. Daar is ook 'n pot op die vuur in Rusland (burgeroorlog) en

juis dan sien oom Klasie hoe die lang gras in Engeland skielik vlam vat; die begin van 'n burgeroorlog.

Engeland het nog geen hongersnood beleef sedert oom Nicolaas daardie gesig gehad het nie, en dit moet ook eers plaasvind "wanneer 'n baie donker tyd" vir die Afrikaner aangebreek het. Vir die Engels sprekendes hier in Suid Afrika wag daar ook swaar en moeilike tye sommige van hulle sal "in wanorde en wanhoop op die vlug slaan", terwyl ander hulle weer by die Boere sal skaar (die wit sybokke) en nog ander gaan saam met die Kommuniste die wapen teen die Boere opneem (bokke).

Daar is nogal ooreenkomste tussen Siener se gesigte en die van die profeet Jesaja in hoofstuk 28 waar hy ook die Nuwe Wêreldorde se uitbroeiplek direk aanspreek wanneer hy oor die millennia na ons huidige eeu afkyk.

Volgens ds. F. Pelser van Kempton Park het Jesaja in 'n byna identiese skrikgesig as wat Siener gehad het, ook die ondergang van die nakomelinge van Efraim gesien vanweë die onreg wat hulle gepleeg het.

Jesaja sien 'n land wat hy die land van Efraim (seun van Josef, seun van Jakob) noem, 'n land wat die kroon van wêreldheerskappy oor die laaste eeu gedra het. 'n Land wie se nasionale embleem die blom wat verwelk, die roos is.

In Jesaja 28:1 stel die profeet ons voor aan die nageslag van Efraim:

Wee die trotse kroon van die dronkaards van Efraim, en wee die blom wat verwelk, sy pronksieraad, wat daar is op die top van die vrugbare dal van hulle wat deur die wyn verslaan is.

Nadat Jesaja Engeland geïdentifiseer het as die eindtyd heerser, beskryf hy hoedat Engeland spoedig tot 'n val sal kom deurdat 'n menigte hulle sal oorval en vertrap:

Jesaja 28:2: Kyk, Jahweh het een wat sterk en magtig is, soos 'n haelstorm, 'n storm vol verwoesting, soos 'n stort-bui van geweldige, oorlopende waters wat teen die grond gooi met krag.

Jesaja 28:3 Met voete sal vertrap word die trotse kroon van die dronkaards van Efraim...

Engeland, wat nog planne beraam om sy mag nog groter en groter uit te brei, verwelk eers en verdwyn dan skielik (Jesaja 28:4): ... *en die blom (roos) wat verwelk, sy pronksieraad (die magtige Britse ryk), wat daar is op die top van die vrugbare dal (hoog op tussen sy Israelbroers), sal wees soos 'n voorvy voor die vrugte oes: iemand sien dit skaars of, terwyl dit nog in sy hand is, sluk hy dit weg.*

Hierdie val kom onverwags wanneer die situasie in Suid-Afrika skielik vir God se Boervolk verbeter:

Jesaja 28:5 6: In die dag (dag van afrekening met sondaars en verlossing van die saliges) sal Jahweh van die leërskaare wees tot 'n sierlike kroon en 'n pragtige krans vir die oorblyfsel (gelowiges) van sy volk, en tot 'n gees van strafgerig vir hom wat ,sit oor die gereg, en tot 'n sterkte vir hulle wat die geveg deurdring na die poort toe. (Hulle vlug Durban toe, net soos Siener ook gesê het!)

Alles is egter nie maanskyn en rose vir die mense van Suid Afrika nie, want ook onder ons volksgenote het daar addereiers, veral in die leierskorps en kerke, uitgebroei:

Jesaja 28:7 En ook die manne hier (in Suid Afrika) wankel deur die wyn en waggel deur sterk drank (uit die gone beker van Babilon se gruwels); priester en profeet (kerkleiers) wankel deur sterk drank, hulle is verward van die wyn (nou verstaan hulle nie) hulle waggel van die drank (hulle volg die Nuwe Wêreldorde blindelings), hulle wankel as hulle gesigte sien (hulle voorsien 'n valse vrede en voorspoed vir ons), hulle waggel by die regspraak (hulle spreek onreg teenoor die oorblyfsel).

Jesaja 28:8 Want al die tafels is vol walglike uitbraaksel (uitsprake oor samewerking met die Nuwe Suid Afrika wat deel is van die Nuwe Wêreldorde), sodat daar geen plek is nie.

God maan hierdie kerkleiers ernstig aan en waarsku dat Hy hierdie volk in Suid Afrika onder swart heerskappy sal plaas (Siener het dit ook voorspel):

Jesaja 28:9, 11: *Vir wie wil hy dan kennis leer en vir wie wil hy openbaring verstaanbaar maak? Vir die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste weggeneem is? (Die gelowiges?). Ja, Hy sal deur lippe wat hikkel, en deur 'n vreemde tong (vergelyk ook Jesaja 33:19) met hierdie volk spreek.*

En so sal hierdie leiers en kerkmanne, wat hulle deel drink van die goue beker vol is van die gruwels van Babilon se hoerery, ook in die dag saam met Engeland val:

Jesaja 28:14: *Daarom, hoor die Woord van JAHWEH, julle spotters (wat die oorblyfsel van sy volk bespot), heersers oor hierdie volk wat in Jerusalem is! (Suid-Afrika word sinnebeeldend Jerusalem genoem).*

Jesaja 28:15: *Omdat julle sê: Ons het 'n verbond met die dood gesluit (Nuwe Wêreld Orde), en met die doderyk (Satan se magte) het ons 'n verdrag (die verdrag van Rome, 1957) aangegaan; as die golwende gésel (die eindtydse Assiriese roede, die Russiese alliansie) deurtrek, sal hy na ons nie kom nie (want hulle reken op hul bedmaatskap met die Kommunis); want ons het die leuen (van die vreedsame en voorspoedige ryk van die Nuwe Wêreld Orde), ons skuilplek gemaak en ons in bedrog (teenoor die gelowige oorblyfsel van die Boervolk) weggesteek.*

Daar is egter baie goeie nuus vir die gelowige oorblyfsel van die Boervolk, want skaars het die Nuwe Wêreld Orde sy beslag gelê op ons erfenis, dan kom die storm:

Jesaja 28:16 "Daarom, so se Elohim JAHWEH. Kyk, Ek lê in Sion (sinnebeeld van Suid-Afrika) 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie.

Jesaja 28:17 "En Ek sal die reg tot 'n riglyn maak, en die ge-

regtigheid tot 'n skietlood; en die hael (komende storm) sal die leuendak (Nuwe Wêreldorde) wegruk en die water die skuilplek wegspoel.

Jesaja kondig hiermee die spoedige ineenstorting van hierdie Nuwe Wêreld Orde aan (Jesaja 28:18):

En julle (leuenaars se) verbond met die dood (Nuwe Wêreldorde) sal uitgewis word, en julle verdrag met die doderyk nie standhou nie...

Jesaja sê dat die aanhangers van hierdie sogenaamde vreedsame en voorspoedige Nuwe Wêreldorde sal juis deur die Russiese alliansie getref word: Die hele ding was in elk geval Russiese leuens van die begin af, spesiaal geteiken op die gehipnotiseerde Weste (vergelyk Matteus 25 se vyf verstandige en vyf onverstandige maagde).

Jesaja 28:18: ...as die golwende gésel deurtrek, sal julle deur hom vertrap word.

Jesaja 29:19: So dikwels as by deurtrek, sal hy julle gryp; want môre vir môre sal hy deurtrek, by dag en by nag. En dit sal net verskrikking wees om so 'n openbaring te verneem.

God waarsku dat Hyself hierdie Orde sal kom omverwerp:

Jesaja 28:21: Want JAHWEH sal Hom gereedmaak... Hy sal aanstorm ... om Sy werk te doen - vreemd is Sy werk! En om Sy daad te verrig - ongehoord is Sy daad!

In Jesaja 74:3 5 vertel die profeet ons juis wat hierdie ongehoorde daad is:

Jesaja 64:3: wanneer U vreeslike dinge doen waar ons nie op gehoop het nie as U maar wou neerdaal sodat die berge (die koninkryke) wankel voor U aangesig!

Jesaja 64:4: van ouds of tog het niemand dit gehoor of verneem nie, geen oog het 'n God gesien wat werksaam is vir wie op hom wag (sy Koms verwag) nie.

Jesaja 64:5 U kom hom tegemoet wat met vreugde geregtigheid beoefen, hulle wat aan U dink op U weë. Kyk, U was

toornig, en ons het gesondig; in die toestand was ons (Israel) baie lank (2 600 jaar), en - sal ons verlos word?

Jesaja kyk na die eindtyd leiers van die volk Israel en waarsku Efraim/Engeland vir oulaas:

Jesaja 28:22: Gedra julle dan nou nie soos spotters, dat julle bande (met die dood) nie vaster word nie; want ek het van Elohim JAHWEH van die leërskare gehoor 'n verdelging wat vas besluit is, oor die hele aarde.

Jesaja sê die groot uitwissing van sondaars kom en hy pleit dat hulle moet luister:

Jesaja 28:23 Luister, en hoor na my stem; let op, en hoor my woord.

Suid-Afrika word verlos!

Mnr. Joos Haasbroek van Potchefstroom, skryf dat in teenstelling met die verskrikking wat Siener oor Engeland en sy meelopers sien kom het, het hy vir die Boervolk éers 'n tyd van benoudheid gesien, maar daarna 'n wonderlike verlossing!

"Die Siener het wel geprofeteer dat God 'n wonderwerk sal beskik wat die Afrikanervolk finaal van sy vyande gaan verlos. En by het toe ook gesê God is bereid om sy deel vir ons volk te doen, maar Hy verwag iets terug van ons, en dit is om 'n gelowige volk te wees, en hieroor het oom Klasie gesê:

Ek het 'n gesig gehad waarin ek sien die Hand van die Here druk op ons volk, by tye ligter en by tye swaarder. En dit sal aanhou druk totdat ons 'n algehele vrye volk is, daarna sien ek ongekende seën en voorspoed vir die opregte Afrikaner.

En net soos wat Siener Engeland se verdrukking van die Boervolk voorspel het, het die profeet Jesaja in hoofstuk 29 ook vertel van 'n volk wat onder Efraim sou ly, maar daarna wonderbaarlik verlos word.

Jesaja 29:2: ...dan sal Ek Ariël (sinnebeeld vir Suid-Afrika) benoud maak (vergelyk Daniël 12:1; Matteus 24:21; Lukas 21:25), en daar sal geklaag en geklag wees, en dit sal vir My soos Ariël wees.

Jesaja 29:3: *En Ek sal in 'n kring teen jou laer opslaan en jou met wagposte beleër en skanse teen jou oprig.*

Ds. Pelser waarsku: "Ons weet dat die vyand reeds 'n kring om ons getrek het. Opgestook deur Engeland, sit die wêreldmagte reeds oorgehaal om die blanke Boer aanstons met gewapende mag te vernietig. En inderdaad soek die Kommunis juis na 'n verskomng om finaal met die blanke minderheid af te reken: Dit is juis hulle plan en moenie hulle leuens van 'n vreedsame naasbestaan glo nie - dis bedrog om ons gerus te maak - hulle haat ons met 'n ongenaakbare passie (Psalm 25:19).

Maar voorspoediglik vir ons, die gelowige oorblyfsel van sy volk, haat God die werkers van ongeregtheid (Psalm 5:6 en Spreuke 6:16). Ons sal eers in diepe benoudheid raak:

Jesaja 29:4: *Dan sal jy diep uit die grond spreek (vanwaar ons in die myntronke sit), ... en uit die stof sal jou woord piep.* (Die eens trotse Boervolk word nou verneder, want verwaandes word nie gered nie).

Wanneer God Almagtig sien dat die appel van sy oog, sy pêrel in Sion, waarlik nederig en in groot ootmoed hulle harte tot Hom keer, dan sê Jesaja:

Jesaja 29:5 *Maar die menigte van jou vyande sal word soos dun stof, en die menigte van die tiranne soos kaf wat weg waai (vergelyk Jesaja 33:19); en dit sal heeltemal onverwags gebeur* (presies net soos wat Siener ook gesê het).

Alhoewel Jakob se kinders wêreldwyd met baie sterftes die finale skuldversoening doen, en die gelowige Oorblyfsel van Israel wêreldwyd verlos word (vergelyk Jesaja 27), sal daar 'n spesiale verlossing van die eerste orde vir die gelowige Boervolk van Suid-Afrika kom:

Jesaja 29:6: *Vanweë JAHWEH van die leërskare sal jy (Boervolk) in genade besoek word, met donder en aardbewing en groot gedruis, wind en storm en die vlam van 'n verterende vuur.*

'n Geweldige storm sal oor al die spottende ongelowiges se koppe losbars, terwyl die gelowige Oorblyfsel op wonderbaarlike wyse daaruit gered sal word. Wees dus bemoedig.

Dan sal onse God hierdie oënskynlik oorweldigende vyand wat besig is om ons te omsingel, met geweldige storms en 'n verterende vuur verdryf - heeltemal onverwags!

Jesaja 29:7: *En soos 'n droom, 'n naggestig, sal die menigte van al die nasies wees wat oorlog toe trek teen Ariël (die Boervolk), ja, almal wat teen hom oorlog toe trek en sy bergvesting en hom benoud maak.*

Die tydperk van geestelike verval en diepe slaap (Jesaja 29:9-16) wat oor Boervolk gekom het, is op 'n einde.

God Almagtig het ons oë opnuut begin oopmaak vir sy Woord, sy profesieë en sy dringende waarskuwings. Baie het reeds gehoor gegee en is besig om op daardie woorde van profetiese waarskuwing ag te slaan en dit onder ons mense se aandag te bring:

Jesaja 29:17: *Sal dit nie nog 'n baie kort rukkie duur dat die Libanon in 'n vrugteboord verander word, en die vrugteboord vir 'n bos gereken word nie? (Die woord 'Libanon' beteken 'sneeuwit').*

Jesaja 29:18 *En in die dag (waarin ons tans verkeer) sal die dowes Skrifwoorde hoor, en uit donkerheid en duisternis sal die oë van die blindes sien (die profetiese Woord sal tot ons spreek en ons sal die feite van die realiteit wat vir ons weggesteek is - Jesaja 29:9,10 - verstaan soos wat ons oë opgaan).*

Jesaja 29:19: *En die ootmoediges sal vreugde op vreugde smaak in JAHWEH, en die behoeftiges onder die mense sal juig in die Heilige van Israel.*

Jesaja 29:20: *Want gedoem is dit met die tiran, en klaar is dit met die spotter, en uitgeroei (uit Suid Afrika) is almal wat op ongeregtheid bedag is (lees ook Jesaja 16:4).*

Alhoewel die Boere Afrikaner dag en nag beskinder, belaster en beskimp word en sy volkseindom in die gedrang gekom

het, moet ons weet dat God Almagtig aan ons kant is:

Jesaja 29:22 24: Daarom, so sê JAHWEH tot die huis van Jakob, Hy wat Abraham verlos het: Jakob sal nou nie meer beskaamd staan nie, en nou sal sy aangesig nie meer bleek word nie. Want as hy, as sy kinders die werk van My hande in sy midde sien, sal hulle My Naam heilig; ja, hulle sal die Heilige van Jakob heilig en vir die God van Israel met ontsag vervul wees; en hulle wat dwalende van gees is, sal insig kry, en die murmureerders (teen tugtiging) sal lering aanneem.

Jesaja 30:20 21: JAHWEH gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie - maar jou oë sal jou leraars sien. En jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat se: Dit is die weg, wandel daarop!

Ons eie profeet (Siener van Rensburg) het hierdie dinge net so sien gebeur.

Hoofstuk agt

Die Boerewolusie

Ons wat weet, sal die komende rewolusie vroegtydig kan waarneem uit sekere tekens in die natuur. So het Siener aan ons gesê by sien die gras word wit. Dit is die kwaai droogte wat die gebeure voorafgaan.

In sy visioen van 5 Maart 1915 sê hy:

Ons weermag sal nou groot spanning beleef, en talle liberale Engelse sal hulle as 'n laaste toevlug tot die Boer wend. Maar nou is die swartes en Indiërs in 'n sterk mag teen ons saamgetrek, maar dan loop dinge vir hulle skeef en verkeer hulle in 'n haglike situasie in die Vereeniging gebied. Die Boeremagte uit Transvaal en die Vrystaat ruk nou op met wapens wat van die Duitse skepe in Lüderitzbucht verkry is.

Volgens oom Nicolaas het hy gesien hoe `die voëltjies afkom' en as hulle land, word hulle springbokke. Dit kan net valskerm soldate wees. En juis in hierdie tyd begin dan ook die grootste staking wat ons land nog ooit beleef het: Die mynwerkers is huis toe; en daar is geen elektriese krag of brandstof nie, want Siener het die treine en motors op die bulte sien staan.

Die voorspelling gaan verder: "Toe is die gras wit, toe word die gras weer lewendig en toe word die gras weer rooi." Dit wys op 'n bale spesifieke tyd. Die gras word wit beteken 'n droogte ontstaan.

As die rewolusie sy loop neem, dan verlaat die Engelse Suid Afrika in aller yl - veral uit die Vaaldriehoekgebied.

Daarvandaan vlug hulle na die skepe in Durban se hawe terwyl ons onophoudelik op hulle skiet. Dan slaan die Bybel voor Siener oop en by lees: "Dese uwe vyand zult gij in der ewigheid nooit weer ergeren." Volgens Siener beteken dit dat so-lank as wat die wêreld staan, sal ons nooit weer deur ons vyande gepla word nie, want dit is Gods woord.

Die Engelse was nog nooit in Afrika gewortel nie. Engeland was nog altyd hulle vaderland en hulle sal haastig daarheen teruggaan wanneer die wêreld hier te warm begin word.

Die aanval op Johannesburg

Daar was die afgelope tyd kort-kort praatjies in omloop dat swart vyandelike faksies in Johannesburg planne voorberei vir 'n verrassingsnagaanval op die blankes, en die gerugte lui verder ook dat hulle glo bygestaan word deur sekere elemente in die polisiemag.

Waarskynlik is dit maar net gerugte, maar dit is wel so dat beide Siener van Rensburg en Johanna Brandt het 'n aanval op die stad se blankes in gesigte `gesien'. Johanna Brandt se volledige en uiters ontstellende visioen kan in Annelize Morgan se boek, Die visioene van Johanna Brandt, gelees word.

Sy sê dan onder andere in hierdie visioen: "Oraloer was daar bloed en verwoesting wat gedreig het om alles wat leef van die gesig van die aarde af weg te vee. Ek het gesien hoedat menslike gedaantes soos blare voor die wind uitmekaar gejaag en na alle dele van die land agtervolg word."

Siener het vleis aan hake in Johannesburg sien hang. Dit beteken dat daar bloedige geweld daar gaan wees. Dit sluit ook aan by Johanna Brandt wat 'n deel van haar visioen eers aan haar vriende vertel het jare nadat sy haar boek geskryf het. Sy wou nooit met iemand daarvoor praat nie, want, het sy gesê, dit kan verhoed word. Maar vandag weet ons dat niks wat sy of Siener gesien het, verhoed kan word nie.

Sy vertel dat sy gesien het hoedat die swartes gedurende 'n groot staking in die na-nag in Johannesburg op die blanke woonbuurtes toesak en al die blankes voor die voet vermoor. Dit gaan 'n verskriklike bloedbad wees.

Teen dagbreek doen hulle dieselfde met Pretoria en die res van die land. Hulle sal egter nie soveel sukses daar behaal as in Johannesburg nie. Die blankes in die res van die land sal dan reeds wakker wees en baie sal ook gewapen wees om

hulself te kan verdedig. Die aanslag sal afgeweer word en dan sal die eintlike geveg eers begin.

Siener van Rensburg het kortliks gesê dit sal baie skielik en baie onverwags plaasvind: 'n Man sal die aand vantevore nog op sy voorstoep staan, oor die stad uitkyk en aan sy vrou sê: "Wat 'n mooi, rustige aand is dit nie?" Maar teen die na-nag sal hulle wakker skrik van die honde se geblaf, geweeerskote en die bloeddorstige geskree van die aanvallers wat deur die strate hardloop. Dan sal hulle weet: Dit het begin!

Maar niemand sal dit nou meer kan stop nie! In daardie nag-aanval gaan duisende doodgemaak word.

Selfs die Bybel praat hiervan in Job 24:12-14 wat vir ons beskryf hoedat die moordenaars voor dagbreek sal toeslaan; hoedat gewondes in die stad sal lê en kerm, maar dat God hulle nie sal antwoord nie, want dis 'n strafgerig wat hulle verdien.

Die Bybel voorspel dit ook in Jesaja 29 vers drie: *Ek sal in 'n kring teen jou laer opslaan en jou met wagposte beleër en skanse teen jou oprig.* Ook die profeet Jeremia waarsku in hoofstuk een dat die vyand op ons gaan toesak, en alles wat ons het, gaan afwei - elkeen sover as wat hy maar kan bykom. En presies net soos die Siener sê Jeremia ook dat hierdie aanval op ons in die nag gaan afspeel wanneer die vyand teen ons gaan beraadslaag - (Jer.6:5): *Staan op en laat ons optrek in die nag, en laat ons haar paleise verwoes.* Hulle sal niemand spaar nie sê vers elf, nog die vrou, nog die grysaard; dan sal hulle ons huise, landerye en vroue vir hulle vat.

God sê dan self in vers sestien hoekom hierdie straf oor ons kom, want ons het afgedwaal van die weë wat reg was, en Hy wil hê dat ons kerkleiers weer moet opstaan, *en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is.*

Maar ons kerkleiers het gesê: *Ons wil daarin nie wandel nie!* Die verskriklike slagting onder die blankes en die angs waar- onder hulle gaan verkeer, gaan juis hierdie straf wees omdat hulle mnie op die ou paaie gebly het nie.

Volgens Jesaja sewentien sal hierdie moordenaars met 'n verskriklike gedruis op ons toesak - 'n gedruis soos die van baie waters.

Maar juis wanneer ons dink dit is klaar met ons, sal God self ingryp en sy engele stuur om ons te help. Hierdie sprinkaan swerms sal dan deur 'n gees van verskrikking oorval word en hulle sal op die vlug slaan sê vers dertien:

Hy dreig hulle, en hulle vlug vêr weg en word gejaag soos kaf van die berge voor en soos strooi voor die stormwind.

Maar hulle vlugtog is te laat, want volgens vers veertien sal Hy dan die gees van verskrikking oor hulle loslaat en hulle almal in een nag uitwis:

In die aand - daar is verskrikking! Voordat dit môre word, is hulle nie meer nie. Dit is die deel van hulle wat ons plunder, en die lot van hulle wat ons beroof.

In 'n onlangse preek het ds. Frans Pelser dit ook genoem dat daar reeds so 'n plan was, maar dat dit misluk het. En toe het hy bygevoeg: "U moet vir my luister. U sal dit nie weer hoor nie. Hierdie ding gaan binnekort oor ons afspeel.

Jesaja 29 vers drie sê dat as die ander nasies hoor hier het 40 of 50 miljoen gesterf, gaan hulle sê dit was die regses wat keelvol geword het en besluit het om hulle vyand in een nag uit te wis.

En dan sal hulle soos miere van oor die hele aarde teen ons opruk, ons beleër en met atoombomme en ander wapens dreig.

Hulle sal dan hierdie dreigemente uitvoer, want in vers vier staan daar dat Hy ons benoud gaan maak: Dan sal jy diep uit die grond spreek.

Baie van ons gaan ons in die myne bevind as gevangenes, of ons sal die myne as 'n toevlugsoord gebruik.

"Maar die vraag is nou: wie gaan hierdie oorlog wen?"

Die profeet sê in vers vyf: Die menigte van die tiranne sal wees soos kaf wat wegwaai; en dit sal **heeltemal onverwags** gebeur.

Daar sal nie tyd wees om planne te maak of te probeer om dit

te keer nie. Dis nie iets wat ons gaan verwag nie. Dit kom onverwags. Julle weet wie die tiranne is.

In Jesaja 29 vers 6 en 7 staan daar:

Vanweë die HERE van die leërskaer sal jy besoek word met donder en aardbewing en groot gedruis, wind en storm en die vlam van 'n verterende vuur. En soos 'n droom, 'n naggesig, sal die menigte van al die nasies wees wat oorlog toe trek teen Ariël, ja, almal wat teen hom oorlog toe trek en teen sy bergvesting en hom benoud maak.

In vers 8 word daar gesê dat die nasies sal kom om hulle op Ariel (Suid-Afrika) te wreek, maar daar sal niks van kom nie. Hulle sal met leë hande sit en dan eindig die vers met:

...So sal die menigte van al die nasies wees wat oorlog toe trek teen die berg Sion.

Ariël is ook die berg Sion. Hy sê dit sal soos 'n droom wees. Ons sal vir mekaar gryp en lag en dans van vreugde.

Maleagi sê ons sal huppel soos kalwers wat uit 'n stal uithardloop. So gaan hierdie oplossing kom.

Die Bybel sê ook daar sal 'n vreeslike stank wees. Maak vyftig miljoen dood, wie kan in daardie stank leef? Ek wil nou vir julle goeie raad gee, kry solank vir julle maskers, want jy kan nie in so 'n reuk nooit lewe nie.

Ons sal in ons huise moet bly en die vensters toeplak....

Hoofstuk nege

Siener en ander profete

Zunata Kay het die volgende inligting wat sy van 'n ene Rob ontvang het aan my deurgestuур:

"Ek lees tans 'n boek oor die Derde Wêreldoorlog deur Jan van Helsing wat in Demokratiese Duitsland verbied is. Dit is 'n versameling van verskillende profete se uitsprake, en baie van die dirge waana jy verwys het (in verband met Siener van Rensburg), word ook in die boek genoem. Jan van Helsing maak gebruik van Nostradamus, Edgar Cayce, en vele ander onbekende Europese profete om te probeer vasstel wat gaan in die 3de Wêreld oorlog gebeur.

Volgens Van Helsing sal die 3de Wêreld oorlog in die Midde Ooste uitbreek. Rusland sal beheer oor die olievoorrade verkry deur eers Iran, Irak en Turkye binne te val, en daarna ook Griekeland en die res van die Midde Ooste. Amerika sal ook betrokke raak, maar nie om Duitsland te help nie.

Volgens die profete sal Rusland Europa vanuit die noorde (Finland, Noorweë en Swede) binneval, en dan vir Duitsland en Frankryk platloop. Duisende sal daar sterf.

Voordat die Russiese aanval plaasvind, sal daar 'n burgeroorlog in Duitsland losbars; daarna in Frankryk, Engeland en in Italië. Die chaos sal Rusland se inval vergemaklik (Dit stem ooreen met wat Siener gesê het)."

Die skrywer sê ook dat Rusland sal terugkeer na Kommunisme omdat hulle meen kapitalisme kan nie slaag nie (Ook dit het Siener voorspel).

Hierna val Rusland Alaska binne, maar hulle sal verslaan word. Dan sal Rusland kernaanvalle op elke groot Amerikaanse staat loods.

Wanneer Amerika Rusland aanval lei dit tot 'n rewolusie. Laastens sal Sjina Rusland aanval en dit verdeel.

Amerika sal in vier provinsies verdeel word, maar sal nou net nog 'n klein staatjie wees.

Langs die ooskus van Afrika sal daar ook 'n oorlog woed. (Ek sal probeer om die skrywer, Jan van Helsing, te kontak om te hoor wat hy oor Suid Afrika te sê het, maar hy kruip op hierdie oomblik nog weg).

Die aanslag van buite

In aansluiting by die voorafgaande gedeelte skryf Kobus Meyer:

Hier is iets interessant wat ek vir jou stuur om te lees. Dit is dinge wat klaar besig is om in Suid Afrika te gebeur en sekere goed wat jy moontlik al van weet.

Soos dit beskryf word in *The World's last dictator* wat in die VSA in daardie tyd gebeur het, is dit net so besig om hier te gebeur. Die Duitse en Amerikaanse vliegtuie wat nou onlangs aan die Namibiese kus gebots het, is spioenasie vliegtuie.

Die Russies vervaardigde Tupolev TU 54 is die bes toegeruste verkenningsvliegtuig van die Duitse lugmag. Dit was in opdrag van die Organisasie vir Veiligheid en Samewerking in Europa en die Verenigde Nasies se oop lugruimverdrag dat hierdie verkenningsvlugte uitgevoer sou word.

Die vliegtuig het net 'n ruk gelede teruggekeer van 'n tweedaagse verkenningstog oor Rusland om daardie land se ontwapeningsprogram te monitor. Nog sewe ander Duitse vliegtuie het hier geland, nie een waarvan daar 'n vlugplan ingedien is nie.

In Botswana is 'n groot VSA lugmagbasis by Letlakeng. Dit is alles deel van die Verenigde Nasies se plan om Suid Afrika in 'n een-wêreld staat in te lei. Swart soldate is besig met opleiding in weermagkampe aan die Limpopo.

Die afgelope maand is ook treine met weermag-voertuie by Piramied, noord van Pretoria opgemerk. Dit is 'n aanduiding dat Suid Afrika ook besig is met die militêre magsopbou vir die Verenigde Nasies.

Groot maksimum gevangenis is ook skielik besig om oral op te spring soos kakiebos. In Kokstad in die Oos Kaap word 'n supertronk opgerig wat 1500 sal huisves. Ander tronke wat ook vir die doel, soos in *The world's last dictator* beskryf word, gebruik gaan word is in Louis Trichardt, Bloemfontein, Boksburg en Baberton.

Laat ons net hoop dat die dinge ygou by ons sal verbygaan en dat God ons sal help dat ons weer as 'n geringe volkie opreg, sonder voorwendsels bymekaar sal staan.

Profesieë van Gottfried von Werdenberg

Hierdie voorspellings van die Duitse profeet, ene Gottfried von Werdenberg (vision 2004), toon merkwaardige ooreenkomste met die van Siener van Rensburg en beskryf onder andere ook die komende 3de Wêreldoorlog. Hoewel dit grotendeels op Oostenryk (is sy land van herkoms), Duitsland en Middel Europa betrekking het, figureer hy ander lande soos Amerika, Rusland en selfs Afrika ook in sy gesigte. Vision 2004 het in 1994 verskyn, maar die meeste van die profesieë is al lank gelede deur Von Werdenberg opgeteken:

Voor die 3de Wêreldoorlog

1. Duitsland sal ekonomies afsak en 'n sterk inflasie belewe. Belasting sal verhoog word en help om die ekonomie 'n knou te gee, sonder dat dit egter ineenstort.
2. Burgeroorloë in feitlik al die Europese state sal die direkte oorsaak van die 3de Wêreldoorlog wees. (Siener het van drie burgeroorloë gepraat).
3. Voordat hierdie finale wêreldstryd gaan begin, sal die bewind in Rusland deur militêre maghebbers oorgeneem word. (Siener het voorspel dat Kommunisme gewelddadig sal herleef).

4. Die enigste land wat voor die Derde Wêreldoorlog 'n ekonomiese opbloei sal belewe, is Sjina.
5. Voor die uitbreek van die oorlog sal 'n interstellêre materiewolk die son verduister en sal daarna as 'n vonkereën op die aarde neerstort. Veldbrande sal daarvan as gevolg daarvan oral voorkom. Hierdie vonkereën sal omstreeks 10h30 op 'n dag in Augustus in die laat negentigs gebeur.
6. Gedurende Junie (begin van die somer), waarskynlik in 1998, sal Manhattan en ander dele van New York deur geplante kernbomme, asook een wat waarskynlik van 'n duikboot afgevuur is, totaal vernietig word. Die geweldige lugdruk sal die wolkekrabbers oplig en verskuif voordat hulle "in die aarde sal wegsak". Dit sal weerwraak van die Arabiere wees teen iets wat die Amerikaners hulle aangedoen het.
7. Amerika sal (ook voor die uitbreek van die Derde Wêreldoorlog) Saudi Arabië binneval, maar sal deur Oosterse troepe verslaan word.
8. In Oos Afrika en moontlik ook in die Suide (Suid-Afrika) sal daar 'n groot oorlog woed. Net die westelike deel van Afrika sal gespaar bly.
9. Militante linkses en Kommuniste sal in hierdie tyd die mag in Frankryk en Italië oorneem. Die Christendom en die kerke sal bloedig vervolgd word.
10. Miljoene vreemdes sal Europa oorstroom. (Siener het dit ook voorspel: *In die Noorde Weste in Europa kom banja wit rug osse uit en toe die osse wegraak, hardloop klein kaffer-tjies wat nakeen is na die Noorde*). 'n Geweldige energiekrisis sal in Europa ontstaan. Misdadigers sal oorneem, met die gevolg dat roof, moord, verkragting en dwelms die groot stede lewensgevaarlik sal maak. Burger-oorloë vanweë ernstige rassekonflikte sal in Frankryk, Engeland en Italië uitbreek, en in Duitsland sal ooreenkomstige onluste woed. 'n Linkse (Kommunistiese) stelsel sal in Rusland gevestig word. (Vergelyk die profesieë van Jan van Helsing in hoofstuk nege).

Die Derde Wêreldoorlog

11. Die waarskynlike datum vir die uitbreek van die 3de WO is Augustus 1998 - of die minder waarskynlike 1999. Die oorlog sal nagenoeg vir twee jaar duur en in die loop van die jaar 2000 eindig.

12. Die oorlog sal begin deurdat Rusland vir Oostenryk binneval en homself daar vestig, sonder dat die VSA sal ingryp. Op daardie stadium sal die burger en/of rasseoorlog in Frankryk en Italië op sy hewigste woed. In hierdie proses sal Rome en Parys in vernietigende brande verkool word - brande wat deur die gepeupel gestig is.

13. Die eerste kernbomme sal in die Middellandse seegebied, veral in die Adriatiese See, teen vlooteenhede gebruik word. Later sal soortgelyke aanvalle in die Noordsee geloods word.

14. Die Russe sal die oorlog op die Balkan verloor. (Siener: *Die Rooi Leër word deur die gevaarliker geheime wapens van die SA verslaan*).

15. In Middel-Europa sal die Sjinese klein en baie beweeglike pantsermotors gebruik om die Russe mee aan te val, veral in Tjeggië en die noord-oostelike dele van Oostenryk. Die front sal drie keer verskuif met 'n groot pantsergeveg by Wene. Dan sal die eerste kernegeveg daar tot die vernietiging van Tjeggië lei.

16. In hierdie fase sal die Russe ook Duitsland en Wes-Europa aanval. Die Duitsers sal met behulp van hulle "ruimtevoertuie wat blitse kan gooi en heeltemal 'n nuwe, nie konvensionele aandrywing het", van 'n neerlaag bewaar word.

Hierdie wapens sal alles oorheers en kan ook geleide projektele met veiligheid vernietig. (Siener: *Met geheime wapens val Duitsland die lang uitgerekte Russiese kom nninikasielyne aan en druk hulle van agter vas. Tussen die twee vure word die Rus totaal uitgedelg*).

17. Op hierdie stadium sal die VSA (moontlik al vroeër) met alle beskikbare, en ook die vuilste wapenstelsel, tot die stryd toetree. Die helfte van die wêreld sal nou reeds in puin lê.

18. 'n Groot kernbom-, granaat-geveg vind in die Noordsee plaas met 'n spesiale groot ontploffing wat tot 80 meter hoë Tsunami golwe in die Noordsee opwek en veral Suid-Engeland totaal verwoes. (Siener het gesê: *Die oorlog sal dwarsoor die Noordpool gevoer word. Van Ysland na Moskou en van Groenland en Alaska tot in Siberië ... Bale geheime wapens en ook gas word oral gebruik. Terwyl **atoombomme** dood en verderf saai, sal nasies en volkere uitgedelg word, terwyl party ophou om te bestaan...*).

19. Die tweede kerngeveg in Tjeggië ontstaan, as die Sjinese en die Duitsers probeer om die Russe daar vas te keer. Toe die Russe nie meer 'n uitweg sien nie, steek hulle die totale hoeveelheid kernbomme, wat hulle nog het, aan die brand. 'n Superkernontploffing laat gelyktydig die aardkors bars, en dan verskyn die gestalte van die gekruisigde Jesus tot 'n hoogte van 'n paar honderd kilometer bokant die aarde. Dit word deur al die mense daar waargeneem en baie sal dit as 'n teken van God beskou. Die gestalte verander dan in 'n kerkboom (berke). Tegelykertyd word groot hoeveelhede gifgasse vrygelaat.

20. Daarna val miljoene ton materie en lawa terug na die aarde toe tot op 'n afstand van 500 km en begrawe groot dele. Hiermee saam sal die hewigste aardbewings ooit die aarde teister en alle geboue vernietig. Daar sal drie dae lank volkome donkerte op die aarde wees. Verdere gifgasse sal die lewe onmoontlik maak. Die meeste mense sal hierna uitgewis wees.

21. In die laaste deel van die oorlog sal 'n leër van vrywilligers die oorgeblewe Russe in Wes-Europa verslaan en almal dood. Ook in Rusland self kom die mense in opstand en dood alle Kommuniste in 'n meer van bloed. Omtrent een tiende van die mensdom sal op hierdie stadium nog leef.

Die na-oorlogstye

22. Aan die einde van die oorlog sal daar net mense van dieselfde ras in elke land oorbly. En soos wat Duitsland al die ander lande bevry, kry hy sy oorspronklike gebiede vrywillig terug, met die uitsondering van Suid-Tirol, waaroor daar nog in 'n kort oorlog geveg moet word wat deur die Italianers met gemene spel gevoer word.

23. Na afloop van die oorlog sal daar in 'n katedraal aan die Reinrivier 'n nuwe Duitse keiser deur die laaste pous gekroon word. Duitsland sluit nou Oostenryk en Switserland in.

Die Keiser is nie van adellike afkoms nie, en is vandag nog 'n onbekende man uit die oostelike dele van Oostenryk en wat nog 'n groot rol in die bevryding gaan speel. (Moontlik is hy nog die Duitser waarna Siener verwys het as die man wat die 1914 traktate gaan eer en die Boervolk te hulp gaan kom).

24. Die Roomse kerk gaan verdwyn en alle gelowe op aarde sal na 'n eenvoudige gedesentraliseerde Christelike geloof beweeg. (Siener het gepraat van 'n Nuwe Godsdiens).

25. 'n Poolverskuiwing, of selfs 'n ommekering van die pole sal plaasvind, terwyl daar nog verdere aardbewings sal wees.

26. Daar sal geen kernbesmettings wees nie, en net gesonde mense sal oorbly en baie gelukkig lewe. 'n Nuwe era van baie hoë geestelike en morele waardes sal die mense baie gelukkig maak, alhoewel hulle vereers met baie eenvoudige tegnieke moet klaarkom, omdat hulle hul, met hierdie grootskaalse verwoesting wat plaasgevind het, weer op tegniese gebied sover terug as die 17de eeu sal bevind.

Die enigste uitsondering sal nuwe, onkonvensionele energiebronne wees, maar die benutting daarvan sal in die begin bemoeilik word vanweë die min tegniese kennis wat oor gebly het.

27. Afrika sal dan 'n nuwe bloeitydperk onder 'n Christelike beskawing belewe.

28. Duitsland sal baie vinniger herstel en ontwikkel as al die ander lande en 'n wêreldleier word. (Siener het dit ook voorspel).

Hy sal ook bewonder word vir sy voorspoed, maar sonder enige kwade gevoelens. In Duitsland sal dan ook spesifiek die nuwe energiestelsels ontwikkel word. Die beswadding van Duitsland in die verlede sal gestaak word en die land sal deur almal ge-ëer word.

Hoofstuk Tien

Duikbote by Lüderitzbucht?

NA die publikasie van die eerste ses monografieë oor Siener van Rensburg vroeg in 1992, ontvang ek 'n oproep van 'n sekere kommandoor in Kaapstad wat bitterlik ontstoke was oor die "twak" wat daarin kwytgeraak word. Hy het dit veral gehad teen die gedeelte in die sesde monografie wat handel oor die vyf Duitse oorlogskepe in Lüderitzbaai wat in die "tyd wanneer die Afrikaner met sy rug teen die muur staan en daar geen hoop op hulp is nie" vir die Afrikaner in sy nood wapens per spoor na Prieska toe sou stuur.

Sy standpunt was soos volg:

Na die 2de Wêreldoorlog het Duitsland 'n verdrag onderteken wat hom verbied het om oorlogskepe te bou. Volgens hierdie kommandoor was die spoorlyn tussen Prieska en Lüderitz al reeds 80 jaar in onbruik en sou dit ook glad nie meer herstel kon word nie omdat dit glo plek plek meters diep onder die woestynsand begrawe lê.

Ek het aan hom gesê dat ek nie van so 'n verdrag bewus was nie, en verder ook dat ek geen eerstehandse kennis dra van die huidige toestand waarin die spoorlyn tussen Lüderitz en Prieska uis nie.

Maar in die lig van die kommandoor se skerp kritiek het ek met die eerste uitgawe van Stem van 'n profeet die volgende verklaring by Siener se gesig oor die Duitse oorlogskepe bygevoeg:

(In hierdie stadium lyk die moontlikheid dat so iets kan gebeur na 'n vae hersenskim...).

Vandag sou ek baie graag weer met daardie betrokke kommandoor in aanraking wou kom om te hoor of hy nog steeds die gesigte Siener van Rensburg as 'n klomp "twak" beskou, want sedert 1992 het Duitsland nie net 'n aantal oorlogskepe laat

bou nie, maar is die spoorlyn tussen Prieska en Lüderitzbucht 'n geruime tyd reeds weer in gebruik!

Duitse fregat besoek Kaapstad

Die Burger van 20 November 1996 berig soos volg oor 'n Duitse fregat wat Kaapstad verlede jaar aangedoen het:

Die vlagskip van 'n Duitse vloot-taakmag wat Kaapstad pas besoek het, heet Schleswig-Holstein. Die skipnaam het 'n heel interessante geskiedenis wat op meer as een manier 'n Suid Afrikaanse konneksie het, skryf Leopold Scholtz.

Op 'n perskonferensie aan boord van die fregat Schleswig-Holstein vertel die bevelvoerder van die Duitse taakmag van vier skepe (twee fregatte en twee gevegsteunvaartuie), kapt. Jan Scharf, dat die ultramoderne skip so nuut is dat die Duitse vloot hom maar twee maande gelede in diens geneem het.

Dit is die eerste Duitse vlootbesoek sedert 1938, toe 'n vorige skip met die naam Schleswig-Holstein die laaste Duitse oorlogskip was wat by Suid Afrika aangedoen het. Dit was egter slegs 'n nie amptelike besoek om brandstof in te neem; die laaste amptelike besoek met al die seremonies wat daarmee gepaard gaan, was begin 1935, toe die ligte kruiser Emden in die Kaapstadse hawe vasgemeer is. Die skip was onder die bevel van kapt. Karl Donitz, die latere admiraal. Tussen 1932 tot 1934 was die gesagvoerder van laasgenoemde skip kapt. Wilhelm Canaris, wat later as admiraal die hoof van die Duitse spioenasiediens geword het. Die Berlynse buitekantoor van die Suid Afrikaanse ambassade in Duitsland, is in sy ou huis, Villa Harteneck, gevestig.

Hoe dit ook al, die ou Schleswig-Holstein het om 'n bepaalde rede berugtheid verwerf. Die skip se 28cm kanonne het naamlik die eerste skote in die Tweede Wêreldoorlog afgevuur. Wat gebeur het, is dat die skip vroegoggend, voor dagbreek

op 1 September 1939, saam met 'n paar kruisers, torpedojaers en mynveërs in die baai voor Danzig deesdae Gdansk in Pole verskyn het. In die stad se hawe was die grootse deel van die Poolse vloot van 4 torpedojaers, 6 duikbote en enkele kleiner vaartuie gekonsentreer. Op die skepe het die Schleswig-Holstein sy kanonne gerig en so die sein gegee vir die bloedigste en wreedste konflik wat die mensdom nog ooit beleef het.

Maar so verouderd as wat die destydse skip was, net so hipermodern is die nuwe Schleswig-Holstein. Die militêre skeepsbou het vêr gekom sedert die dae van die ou Schleswig-Holstein. En dis passend dat 'n gemeenskaplike besoek aan Kaapstad 'n band tussen die oue en die nuwe smee.

Die Lüderitz spoorlyn

In die afgelope jaar het ek tientalle oproepe en briewe van persone ontvang wat of direk by die opgradering van die spoorlyn tussen Prieska en Lüderitzbucht getrokke was, of wat die gebied besoek het om eerstehandse inligting in te win. Die kommandoor van Kaapstad was wel korrek toe by gesê het die spoorlyn lê plek-plek meters diep begrawe. Volgens 'n dame wie se seun by die herstelwerk betrokke was, "het die telegraafpale langs die spoorlyn op sommige plekke net-net bo die woestynsand uitgesteek, en omdat die duine hier `loop', moet die werkers die lyn voortdurend patroleer om te keer dat dit nie weer toewaai nie.

Uit Windhoek het ons ook 'n baie interessante brief ontvang oor die opgradering van Lüderitz se hawe:

"Mnr. Don Vermeulen is die man in beheer van die vergroting en die verdieping van die hawe by Lüderitzbucht (die Duitsers dring daarop aan dat mens praat van Lüderitzbucht, want dit is die dorp se geregistreerde naam). Hy sê daar word R50 mil-

joen aan die vergoting van die hawe spandeer, soveel so, dat wanneer dit voltooi is, sal skepe wat agt meter diep by laagwater lê en 160 m lank is, daar kan inkom.

Huysamer Stals sê in hulle jongste ekonomiese verslag oor Namibië dat dit nou die vierde agtereenvolgende jaar is dat Namibië se ekonomie afwaarts beweeg. Lüderitzbucht is die enigste plek in Namibië waar die teenoorgestelde gebeur.

Mnr. Vermeulen sê die vis het daar so toegeneem dat hulle gedwing is om die hawe te vergroot.

Hy sê dat die 300 km spoorlyn deur die Namib na Keetmanshoop ook herbou word.

Hy sê al die spoorlyne in Namibië word opgegradeer, ook vanaf Keetmanshoop na die Suid-wes/SA grens.

Volgens mnr. Vermeulen dra hy geen kennis van Siener of van so 'n man se boeke nie.

Wat bier nog groter betekenis aan die hawe en die herbouing van die spoorlyn gee, is dat Duitsland die geld daarvoor gegee het.

Nou kan 'n mens tereg vra:

Het die Here nou gesorg dat die toename in die vis so geweldig word sodat die ouens gedwing kon word om die hawe te vergroot, en terselfdertyd die spoorlyn te herbou?

Lüderitz: Ons dag van afrekening

Mnr. MF Botes van Merweville skryf:

Tydens my afgelope besoek aan Namibië het ek en my vrou onder andere, 'n vlugtige besoek aan Lüderitz gebring. Met ons terugreis het ons die nag op Aus in die hotel oorgebly en lekker gesels met die bestuurderes en haar seun; en so kom die spoorlyn toe ter sprake. Sy vertel toe dat die betrokke lyn vir twee jaar uit bedryf gestel is, maar toe besluit die regering verlede jaar om die lyn weer reg te maak en in gebruik te neem. Sy vertel ons toe dat die lyn op sommige plekke so toegewaaï

was dat net die telefoonpale se koppe uitgesteek het. Op sulke plekke het hulle die lyn met stoot-skrapers oopgestoot en plek-plek moes dit herbou word soos wat ons teweens gesien het aan die ballas klip en opvullings. Verder het hulle ons ook vertel dat die Duitse regering groot hoeveelhede geld in die land in-pomp (hoofsaaklik op spesifieke projekte) wat eindelijk dinge aan die gang moet hou. Dis toe dat ek hulle so een en ander vertel het van die visioene van wyle Siener van Rensburg en veral die wat betrekking het op die spoorlyn na Lüderitz.

Siener het onder meer gesê:

(In) daardie tyd staan al die treine in die Unie, al die motorvoertuie staan. Al stukkies treinspoor in die Unie wat (sal) loop, is die een van Prieska. Daarmee kom ons kanonne en gewere van Lüderitzbucht.

In die lig van bostaande is die dag van afrekening vir die nuwe Suid-Afrika en Kie nader as wat ons beseef het.

Hoofstuk elf

Die Oupa Krause-dokument

Die onderstaande oorsig is 'n poging om die moontlike verloop en vervulling van Siener se gesigte tot en met die jaar 2 000 weer te gee. Ek het dit daarom goedgevind om die jongste beskikbare gegewens chronologies te rangskik en sodoende 'n geheel beeld daar te probeer stel.

Hoewel ek vir hierdie doel hoofsaaklik gebruik gemaak het van inligting wat direk of via familie of vriende van die Siener afkomstig was, het ek ook ander persone se interessante mededelings en kommentaar gebruik wat waarskynlik nog nêrens opgeteken is nie. En laastens het ek ook sekere sensitiewe inligting opgeneem wat anoniem in 'n uurlange telefoniese gesprek direk uit Duitsland ontvang is.

Eers nadat ek hierdie hoogs geheime inligting met Siener se gesigte vergelyk het, kon ek 'n volledige prentjie vorm van die verstommende dinge wat hy vir die einde van hierdie eeu voorstel het.

Die staking sal misluk

(S.N. van P. skryf):

"Ek het my oupa hulle baie keer hoor praat oor die tyd van die ryp koring wat 'n man met sy gaffel uitwan. Dis wanneer die tyd aanbreek wanneer die Afrikaners wat nog saam met die Regering gestaan het, omdraai om na ons toe te kom.

Ek onthou ook dat dinge baie sleg vir die stakers gaan afloop omdat oom Niklaas die vark aan die hak gesien het. Nou sal dinge met ons al hoe beter gaan, want ons saak is reg. En wanneer ons alles weer gaan terugvat, en sal dit nie weer as diefstal gereken word nie, omdat dit ons wettige eiendom is.

Maar vandag is dit moeilik om te onthou wat het Siener 'gesien' en wat dalk net oupa-hulle se verbeelding was."

Oupa Krause se naam is ook baie keer in daardie gesprekke genoem. Ek kon ongelukkig nie die skets van Oupa Krause in die hande kry nie; maar hy was blykbaar 'n lang man met 'n skraal baard, so dink ek maar.

Die Engelse, Jode en die jingo's sal nie net ons land se rykdom gebruik om ons te vertrap nie; maar hulle sal ook die Indiërs, swart Kommuniste en liberale Kleurlinge opstook om ons aan te kla en openlik te vermoor.

Hieraan sal ook party blanke polisiemanne, en lede van die Weermag deelneem, en in ruil daarvoor word baie valse beloftes aan hulle gemaak. 'n Pa sal sy seun uitlewer, en 'n suster haar broer, en 'n vriend die een wat hom vertrou.

Die grootkoppe onder hierdie renegate sal oorkant toe gaan om daar met Engeland in die geheim hulle planne agtermekaar te kry, en net wanneer ons dit glad nie verwag nie, sal hulle toeslaan - ons sal ontwapen word, vir die een of ander rede voor 'n hof beland en dadelik tronk toe gestuur word.

Hierdie optrede teen die Boere is al gereël nog lank voordat daar 'n swart regering was. In die felle stryd wat gaan volg, sal baie van ons sterf. Daarom het my oupa hulle gesê ons moet net nie ons wapens oorgee nie, en ons moet ons onderlinge twiste laat vaar en saamstaan as ons onself van ondergang wil red.

Wanneer hierdie dinge begin, staan daar 'n man in Duitsland op wat die leisels oorneem. Jare lank het hulle in die geheim hiervoor klaargemaak. En die wapens wat Duitsland dan te voorskyn bring, sal maak dat baie lande te bang sal wees om hulle aan te val. Hulle raak ook weer vry, kry al hulle state in Europa terug en word so 'n magtige nasie dat Siener hom by die kop van die tafel (aan die hoof) sien sit het wanneer die Derde Wêreldoorlog ten einde loop. Engeland se plek is leeg, want by is geen nasie meer me. En nou kry Duitsland die geleentheid om sy manne wat na die 2de Wêreldoorlog opgehang is, te wreek. Hiermee sal hulle aan Engeland 'n genadeslag toedien.

Ja, dis Duitsland met sy ongelooflike wapens wat die Engelman gaan vernietig vir dit wat by in die 2de Wêreldoorlog aan hom gedoen het, en ons moet ook nog daarvoor betaal.

Ons mense is baie verdeeld; baie gaan uit die Weermag padgee, maar baie gaan bly sit om die Engelse te help om ons Boere te ondergrawe. Oupa Krause het mos ook gesê daar sal bale mense in die land wees wat beweer dat hulle groot Nasionaliste (vir die Boeresak) is, maar hulle doel is net om die vyand se hand teen ons te sterk. Hy het gesê dit sal ook net so in die Polisiemag wees.

Verder sal ons vyande in die geheim optree en wapens en ammunisie van Engeland en ander lande hierheen verskeep om op verskeie plekke oor die land in hulle geheime opslagplekke weg te steek. En die dag as hulle gereed is om ons aan te val, sal hulle ook die Indiërs, swartes en gekleurdes aanhits om deel te neem aan die opstand wat hulle so lankal beplan het.

Dit sal 'n revolusie wees en ons vrouens en kinders sal in die grootste gevaar verkeer.

Maar ons moet nie vergeet nie:

Baie van die manne in die Polisie diens en Weermag wat ons saak goedgesind is, word nou in hegtenis geneem en met jingo's vervang.

Maar die dag wanneer hulle gereed is om op die Rebelle (die blankes wat nog weerstand bied) toe te slaan, gebeur daar 'n lelike ding wat al hul planne tot niet sal maak. Dit sal so vreeslik wees dat hulle op die vlug sal slaan. Maar dit sal hulle nie veel help nie, want baie sal omkom wanneer ons saam met die Duitsers teen hulle optree.

Hulle sal daarna ook nooit weer teen ons kan veg nie.

Al daardie gevorderde, geheime wapens van Duitsland waarvan ek vroeër geskryf het, word nou gebruik, en hulle verwoestende krag is soos die van atoombomme wat groot stede kan verwoes. Daar is baie vuur en rook wat weke of maande lank

soos 'n dik kombors oor alles sal hang, en vroegoggend sal dit al donker wees, en die voëls nog voor die middag nes toe kom om te slaap.

Verder sal daar ook gas wees wat duisende in die stede sal doodmaak sonder dat 'n steen aangeroeer word of 'n ruit gebreek sal word. Dit sal van die Duitse duikbote en slagskepe of op die hawestede losgelaat word, en die lug sal daarvan blink met 'n oranje-geel gloed wat elke dag op die horison gesien sal word.

Die oorlog sal nie baie lank duur rille. Maar die vrede sal eers kom wanneer ons tot in die Noorde 'skoongemaak' het. Baie van die state sal dan vrywillig die hand na ons toe uitsteek ...

Die Nuwe Duitsland

Oom Nicolaas se seun, Kallie, het in 'n koerantonderhoud in 1966 bevestig dat sy pa nie net vooruit gesien het wat in die 2de Wêreldoorlog gaan gebeur nie, maar ook geweet het dat Duitsland die vuur van daardie oorlog aan die brand sou steek, en dat hy uiteindelik die stryd sou verloor.

Een van Siener se gesigte wat hierop betrekking het, is die volgende:

Ek sien 'n blou steen draai in die rondte (Duitsland) dan verander dit in 'n kanonwiel en val stukkend op die grond. Maar die grond waarop dit val, word omgespit en dit word vrugbare aarde.

Kallie het egter ook dikwels aan besoekers vertel hoe sy pa gesien het dat Duitsland uiteindelik die oorlog gaan verloor, en daarna weer uit die as gaan verrys om 'n wêreldleier op tegnologiese gebied te word, om dan die ganse Westerse wêreld uit te stof met sy ekonomiese en industrieële opbloeï. Mnr. Van Rooyen se vertelling sluit hierby aan: "Oom Klasie het gesê by sien 'n gesig van Duitsland as 'n swart slang, en in die bloedige stryd wat gaan volg, word sy rug so stukkend geslaan dat by heeltemal verlam en baie swaar verwond daar lê... Dit was in '45 toe by die oorlog verloor het en tot in die as toe vertrap en verneder is.

Wat beteken daardie swart slang in oom Klasie se gesig wat van Duitsland af na die vrou op die troon oorkant die water gepik het, waarna sy toe sommer weggeraak het?:

Iemand in die koningshuis gaan tragies sterf. En nie lank daarna nie gaan Duitsland die oorsaak daarvan wees dat die Britse koningshuis so vinnig sal verbrokkel en uitmekaarval dat daar vir die "vrou op die troon" geen opvolger sal wees nie...

Volgens hierdie verklaring wil dit dus lyk of koningin Elizabeth dalk die laaste troonhouer van die Britse monargie sal wees voordat die wederkoms van Christus plaasvind, en Hy self op die troon van sy vader Dawid gaan sit (Luk. 1:32).

Maar al het die wêreld Duitsland verag, het God hom nie vergeet nie, want die Siener het aan mnr. Van Rooyen gesê hy sien hoe 'n hand kom en 'n wit seiltjie oor Duitsland trek waar hy daar lê - dieselfde wit seiltjie wat hy die dag by Rooidam in 1914 oor die Rebelle gesien het. Wanneer oom Klasie 'n wit seiltjie oor 'n volk of iemand sien, beteken dit dat daardie persoon of volk deur God beskerm word.

Die slang was jare lank onder die seiltjie verberg. En na die afloop van die Tweede Wêreldoorlog was daar vir etlike jare lank geen beweging van die kant van die swart slang nie, want dit het lank gevat voordat sy rug weer genees was, en die seiltjie van hom afgetrek kon word. God het Duitsland in daardie jare geseën en ook baie voorspoedig gemaak...

(Nou wonder 'n mens net: as Duitsland dan wel al daardie miljoene onskuldige Jode doodgemaak het, sou God hom dan nie eerder gestraf het nie? Waarom word hy dan vandag so geseën en voorspoedig gemaak? En waarom sê oom Siener Duitsland sal na die 3e Wereldoorlog nog die grootste nasie word?).

Oupa Krause het gesê Siener het ook baie gepraat van die seëninge wat na sy volk se kant toe kom, maar dan raak hulle van God afvallig en omdat daar geen berou oor hulle sondes is nie, sal dit al hoe slegter met hulle gaan. Dis dan wat hulle

mekaar sal vertrap en baklei soos nog nooit tevore nie. En wanneer hul leier, wat oom Klasie op 26 Februarie 1922 sy knie voor Europa sien buig het om sy volk in vreemde hande oor te gee (*in die Unie is 'n boer wat sy veldskoene uittrek en op sy knieë voor die Weste neerbuig om aan hulle eise te voldoen*), skielik gaan bedank, sal hy sy rug finaal op sy verslae en vernederde volk keer.

Maar dit was op 'n nag in die tronk (1916) dat oom Klasie gedroom het wat nog eendag met sy volk sou gebeur wanneer hulle leierloos sal wees.

Hy het homself (die Boeivolk of Nasionaliste) op sy **kouse** gesien loop - dit beteken dat daar nie net geen Boereregering meer is nie, maar ook dat die volk nou sonder 'n gids is omdat hul leier hulle in die steek gelaat het deur te bedank - hy loop sonder skoene. *Toe ek voor die deur kom, kom my kinders uit die huis uit* (Die Nasionale Party word deur die jonger garde oorgeneem (Marthinus van Schalkwyk en Kie), maar hierdie jongelinge het geen belang meer by die Boervolk nie, want hulle `verlaat die huis'). *Ek loop na my stal, en in die loop was dit of my kop 'n ruk gee.* (Dit is nou die tyd wat die volk gaan wakker word en sien waarvan hy alles beroof is en dat hy hom in sak en as bevind).

En wanneer Siener (die volk) besef in watter haglike toestand hy verkeer, sal hy eers "Boontoe" kyk - daar waar sy hulp vandaan moet kom; met ander woorde, die volk gaan hom voor God verootmoedig en dan verander alles ... *die lug is helder skoon en dadelik begin swart letters met silwer glans uit te kom, van Suid-oos na Suid-wes. Dit was of die hele lug met letters vol word. Toe sien ek besonderlike syfers: 1-4-3-7-6* *Toe verdwyn die letters.*

Maar dit sal nog etlike jare duur voordat hierdie hardnekkige volk hom sal verootmoedig; veral omdat nie een van die Kerkgenootskappe bereid is om die leiding te neem nie.

Hulle sal bid vir reën, vrede en voorspoed, want dis mos vir almal - maar vir die blankes om afgesonderd en alleen hulle

God aan te roep en vir iets anders as apartheid vergifnis te vra, is diskriminasie!

Hoofstuk twaalf

Siener en Daniël

Mev. A. Botha van Pretoria skryf oor die bovermelde droomgesig van Siener dat ons dit dalk moet verklaar soos die gesig wat Daniël by die water van die engel ontvang het (Dan. 12:11-12).

Die syfers 1-4-3-7-6 is dan veertienduisend driehonderd ses en sewentig dae. Deel dit deur 365 dan kry jy 39 jaar en vier maande.

Hierdie tydperk het in die geskiedenis van die Boerevolk net twee moontlikhede:

1. Dit kan strek vanaf 1948 toe die NP die bewind oorgeneem het tot 1988; of,

2. Dit kon begin het met die moord op dr. H.F. Verwoerd (6 September 1966) en duur tot Januarie 2006.

1988 was in vele opsigte 'n belangrike jaar vir die Boerevolk, want dit was onder andere - die herdenking van die Dias – landing 500 jaar vantevore; die herdenking van die 300 jaar sedert die Hugenote landing; die viering van die 40 jaar van die NP oorwinning in 1948, en laastens, die 150 jaar herdenking van die Groot Trek en van die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838.

Maar 1988 was ook die laaste jaar van PW Botha se bewind, die laaste Afrikanerleier wat geweier het om sy volk se vyande en Godloënaars vry te laat en die bewind aan hulle oor te gee. Hy was dus die laaste van die vyf rigters wat vir 40 jaar lank oor die Boerevolk opgetree het voordat by vroeg in Januarie 1989 siek geword het en die mag uit sy hande geneem is.

Tog lyk dit eerder vir my of die 2de moontlikheid op Siener se visioen betrekking het. Hy sien homself op sy kouse loop: Hy is dus sonder sy velskoene, en volgens sy eie verklaring beteken dit dat sy volk nie meer 'n leier het wat slegs na hulle belange omsien nie. Dit was dan ook so, want na Verwoerd se

dood, het eers adv. John Vorster en daarna ook PW Botha hulle vlerke uitgesprei om ander volke te akkommodeer; en dit was ook in hulle tyd dat die beskermende Bybelse wette en verordeninge wat deur die Boereregenng van 1948 op die wetboek geplaas is, geleidelik afgewater en so afgekraak dat selfs die volk dit naderhand verwerp het, en toe het God hulle aan hul vyande uitgelewer...

In 'n ander gesig (11 Julie 1919) het oom Niklaas ernstiger probleme (finansiele krisis en die ineenstorting van alle openbare dienste) vir die nuwe (swart) regering sien kom:

In die Noord Ooste is een vloer en toe kom daar een zif op die vloer (dit was die Algemene Verkiesing van April 1994) en toe raak die kafferskoren se kaf weg, (staatsbeheerde instansie en munisipale dienste gaan tot niet en daar kom 'n groot geld skaarste - goud verloor sy waarde en/of die Aandelebeurs stort in duie) en toe kom daar weer een zif' op die vloer ('n tweede, soortgelyke en moontlik vervroegde verkiesing in 1998 of in 1999 vind plaas). En eers dan, sommer kort na die verkiesing, sal die drie blou briewe in die Parlement opdaag.

Maar lank voor hierdie tweede verkiesing gaan ons groot moeilikheid met die Indiërs en swartes hê, soos wat Siener dit in sy heel laaste visioen van 28 Januarie 1926 beskryf: *Ek sien 'n dik, vet swart perd en daarna 'n vuilgeel perd.*

Oor sy visioen van 21 Januarie 1921 het Siener (volgens Oupa Krause) gewaarsku dat die Indiërs en swartes gewapen sal wees wanneer hulle die land gevat en die wet in eie hande geneem het.

Hulle sal opstande veroorsaak en ook baie doodskiet, soveel so dat die land onregeerbaar sal wees.

Oupa Krause het in 1942 in die tronk ook nog bale ander dinge vir mnr. SL Brits oor die Siener se gesigte in verband met die Indiërs vertel. Hy het gesê die Indiërs gaan nie hierdie dinge uit hul eie doen nie, maar hulle sal agteraf deur die Engelse en jingo's (Boere verraaiers) opgesteek word.

Verder sal die swartes se berowing en verkragting van die blankes, en die moorde op die boere tot 1999 net erger en erger word. En nie die Regering of ons Boereleiers wat so graag en so baie kan praat, sal iets aan die saak doen nie. Hulle sal net weer, soos voor 1994, met hande gevou staan en toekyk soos die Siener ons destyds al in sy gesig van 9 Januarie 1915 teen hulle gewaarsku het:

Maar die kamtige getroue Afrikaners wat so kordaat gereed gemaak het vir die stryd, bied geen weerstand nie.

Selfs ons eens dappere jongmanne wat voor die 1994 verkiesing reg was om tot die bitter einde te veg, sal dan, deur hul leiers verraai, net hulpeloos daar staan om na die verbygaande, vlugtende waens te kyk.

Van 1994 af tot en met die verkiesings van 1999 gaan/sal ons ellende al hoe groter en leliker word. Oom Klasie het gesê ons gaan 'n nag binne wanneer baie hul werk, huise, pensioengeld en sommer alles gaan verloor; 'n tyd wanneer die munisipaliteite en baie staatsdepartemente ook bankrot gaan speel; die kerke sal dan ook deurmekaar wees en leegloop, want toe hulle teen God se vyande moes optree, het hulle hul om die hals geval en het hulle krokodiltrane gehuil.

Daarom moet ons ook nie hoop dat die volk iets aan die saak gaan doen nie, want hulle sal nie.

(Die tragiese is dat Siener al voor die 1914 Rebelleie 'gesien' het dat sy volk se onafhanklikheid soos 'n appel in sy skoot kon geval het, maar omdat hy sy rug op God gekeer het, sal hy nou eers 'n bloedoffer moet bring.

Maar Suid Afrika sal eers sy onafhanklikheid kry nadat Ierland onafhanklik geword het. Alles dui daarop dat dit binne die volgende jaar of twee kan gebeur).

Maar dis eers wanneer 'n belangrike swart leier gewelddadig sterf, en 'n groot staking die land lamlê, dat ons moeilikheid regtig sal begin. En juis dan vind die tweede verkiesing plaas, en volg daar 'n staatsgreep en oorlogsverklaring deur Duitsland

wat Suid Afrika in 'n bloedige oorlog gaan dompel. (Dis die emmer bloed wat Siener in die Noorde sien omval het).

Ons sal dan eers behoorlik verstaan wat is daardie aaklige donkerte wat Siener oor sy volk sien toesak het en wat hom so diep ontstel het dat hy aanvanklik met niemand daarvoor wou praat nie!

Die Boervolk sal egter nie vir lank alleen staan nie, want na Duitsland se ultimatus en oorlogverklaring, volg dinge mekaar vinnig op. Die volk skrik ook nou wakker en hulle is so keelvol vir al die uitbuiting en verontregting dat hulle na die wapen sal gryp om hulle vryheid terug te vat. Maar omtrent geen blanke sal meer 'n wapen of ammunisie hê nie.

Dan sal 'n goedgesinde generaal in Duitsland (hul nuwe leier - hy sal met 'n staatsgreep die bewind daar oorvat) die traktate van 1914 eerbiedig deur vir ons wapens by Lüderitz af te laai. Die gees van verskrikking sal eers na die verkiesing losgelaat word, en teen September van daardie jaar sal die donkerte hier en oor die hele wêreld op sy ergste wees...

In 'n vorige publikasie oor Siener (Die Boereprofeet) het ek verwys na 'n artikel in Keur en Fyngoud van die jare 1949-1950 waarin oom Nicolaas gesê het die laaste Groot Oorlog sal in 1996 met 'n bloedbad eindig. Hierdie datum is nou verkeerd bewys. Siener het nooit datums gegee nie. Wat hy wel gesê het, is dat ons sal weet "die tyd is ryp vir dinge om te begin wanneer Engeland in rou gedompel word". Het hy dalk na prinses Diana se skielike dood verwys?

In sommige van die briewe wat ek ontvang het, word daar ook spesifiek melding van gemaak dat dinge by ons vinnig agteruit sal gaan nadat 'n baie belangrike Engelse vrou 'n tragiese dood gesterf het.

Dit was dan ook so: Die verval is oral sigbaar; koelbloedige moorde op blankes vererger by die dag; en ons pensioenskemas word voor die voet geplunder. Volgens twee van sy visioene (12.12.1917 en 26.12.1921) lyk dit ook of Siener 'n dodelike maagpes in die Johannesburg omgewing sien uit-

breek het. (*Van die Noorde kom 'n groot jenk. Uit die jenk rol skaapmis*). 'n Tenk is altyd gebruik om water in op te gaar. Die mis wat daaruit rol, dui op besmette water - moontlik sal cholera of maagkoors uitbreek. Die chaos en ontwrigting wat dit gaan meebring, sal op geweld teen die blankes uitloop: (*in die ooste kom 'n ronde swart jenk uit en vuur val uit hom uit*).

Nou kom die tyd wat Siener gesê het hy sien die rooi kielhouer oor ons gaan - 'n tyd wanneer die volk nog erg verdeeld sal wees, en die tweespalt op sy heel ergste. Maar juis in hierdie angsvolle tyd sal die man met die bruin pak klere baie onverwags opstaan, ons mense bymekaar bring, en met 'n staatsgreep dinge in eie hande neem. Die eerste grootskaalse geweld bars los en veral die Witwatersrand (Gauteng) loop onder die swart geweld deur. Die bloedvergieting daar sal, volgens Siener en Johanna Brandt, heeltemal onverwags plaasvind. Wanneer hulle egter teen dagbreek na Pretoria toe opruk, is die Boeremagte gereed en dan vind daar 'n bomaanval op Johannesburg plaas wat die hele wêreld gaan skud.

Die grootste probleem in die stede sal 'n ernstige water tekort wees. Die damme is feitlik droog want Siener sê hy kan die 'straatklippe' sien (23.9.1923). Dit sal tot gevolg hê dat die swartes in hul derduisende noordwaarts gaan vlug opsoek na drinkwater. Die blankes weer gaan inderhaas agter die Boeremagte aan na die Noordoos Kaap (Prieska?) toe uitwyk.

Die dreigende oorlog sal nou eers ten volle uitbars, en spoedig ook na die noordoostelike dele van Europa en ander lande versprei, totdat die hele Europa in vlamme staan. Maar tog is dit Engeland wat die swaarste gaan kry as gevolg van rasse probleme en hongersnood...

Dit sluit aan by wat die Siener se een seun, Kallie, oor sy pa se voorspelling oor Engeland onthou: Kort na die ineenstorting van ons pensioenfondse, breek daar hewige rasse onluste in Europa uit, waarin veral Engeland kwaai sou deurloop:

Bij Pretoria is een klompie perziken boompjes en die boompjes raak weg dat die een kaal plek is zoals een vloer. In Europa

lê een groot swart slang opgerol. Maar dis oor Engeland wat die nag gaan toesak. Daar sien ek 'n swart slang lê. Dit is nou vir Engeland sy swart probleem. Dit wys op hongersnood en burgeroorlog. Die slang rol hom op - die swartes en gekleurdes gaan vestig hulle in Engeland. En dan begin al Engeland sy -- probleme en sy ondergang.

Oom Nicolaas sê dat wanneer dit gebeur, sien hy hoe die rooi kielhouer breek en die slang skielik hier na ons kant toe pik. Dit beteken dat Duitsland ons nie net gaan steun nie, maar ook 'n groot hand sal hê in die bloedige stryd wat hom hier in Suid Afrika gaan afspeel. (Vgl. hoofstuk veertien. *Duitse wil en staal*).

Dis interessant dat die swart slang se pik wat die Britse koningshuis met ramspoed en ellende tref, vir die Boervolk eensgesindheid, oorwinning en uiteindelik blywende vrede gaan bring.

Hoofstuk dertien

Duitse wil en staal

In 'n onlangse uurlange telefoon gesprek met 'n Duitser (anoniem) uit Bonn net ek van die mees verstommende inligting ontvang; inligting wat waarskynlik nou vir die eerste keer bekend gemaak word, en dit het my fmaal oortuig dat Siener se visioene oor die "Duitse hulp en bystand vir die Boere" nog 'n werklikheid gaan word.

Tydens die gesprek het die persoon ook interessante gegewens verstrekkend oor die vergroting van Lüderitzbaai en die spoorlyn tussen Prieska en Lüderitz. Volgens hom word die hawe met twaalf meter verdiep sodat 'n standaard oorlogskip van 25 000 ton daar sal kan vasmeer.

Die spoorlyn waaroor daar deesdae so dikwels gepraat word, en wat nou na 70 jaar weer in gebruik geneem is, kan op die oomblik net sowat 8 ton per as dra. Maar die Duitse owerheid het reeds planne goedgekeur vir die verbreding en versterking daarvan sodat dit uiteindelik oor sy volle lengte 'n dra vermoë van 20 ton per as kan hê.

Die doel vir hierdie opgradering van die spoorlyn is omdat daar langs die Namibiese kus in die see by Lüderitzbucht 'n gasveld ontdek is. Die pype wat op die seabodem gelê moet word om die gas vanaf die platform na die kus te pomp, word vir die betrokke firma in die staalfabriek op Vanderbijlpark vervaardig; en aangesien dit die naaste aanleg is waarvandaan dit na Lüderitz gebring kan word, was dit noodsaaklik dat die spoorlyn tussen Prieska en Lüderitz dringend herstel word.

Twee vliegtuie

Daar is ook 'n verband tussen Lüderitz en die twee vliegtuie wat onlangs aan die Namibiese kus gebots het.

Die een 'n Amerikaanse verkenningsvliegtuig en die ander 'n

Russiese Topolev - 'n Duitse vliegtuig. Albei hierdie vliegtuie is van die klassieke tipe wat uitsluitlik gebruik word om duikbote mee op te spoor. Hulle was op 'n geheime sending; en geen vliegtuig wat op hierdie soort verkennings-vlugte uit is, handig ooit 'n vlugplan in nie. Die gebrek aan vlugplanne het ook niks te make met die feit dat die twee in die lug gebots het nie. Hierdie moderne vegters is toegerus met radar en hulle kon mekaar maklik met behulp daarvan ontwyk het om sodoende 'n botsing te vermy.

Maar hier was heeltemal ander faktore by betrokke; iets waarvan selfs nie eens die gewone Duitser bewus is nie, en wat terug dateer na die einde van die 2de Wêreldoorlog toe, toe Duitsland geweier het om die Geallieerdes se vredesverdrag te onderteken. Duitsland verkeer dus teoreties steeds in 'n staat van oorlog met sy destydse vyande.

Die enigste rede waarom Duitsland hoegenaamd daartoe ingestem het om die oorlog te beëindig, was omdat sy generaal staf inligting ontvang het dat Amerika ook van plan was om 'n atoombom op Duitsland te gooi. Die Duitse Geheime Diens het selfs die dag en datum geweet wanneer die bom gegooi sou word. En met die verskrikking van Hirosjima en Nagasaki nog vars in die geheue, het Hitler se Generaal Staf besluit om die Duitse volk daardie aaklige verwoesting te spaar. Hulle sou 'n vinnige oorgawe maak, maar nie die vredesverdrag sluit nie. Duitse wetenskaplikes was in daardie stadium reeds gevorder met die ontwikkeling van nuwe tegnologiese wapentuig waarvan nog Amerika nog Rusland enige kennis gedra het. So het hulle bv. in hul duikbote oor apparaat beskik waarmee 'n magnetiese veld geskep kon word wat enige ander aanvalstuig kon fnuik. Met hierdie kragtige magnetiese veld was die duikboot bevelvoerder ook daartoe in staat om die elektriese stelsels van vyandelike vliegtuie wat bo oor hom vlieg, totaal buite aksie te stel.

Die topwetenskaplikes van Duitsland is nie almal gevang nie; en die wat daarin geslaag het om Russiese en Amerikaanse invallers te ontglip, het na die Noordpool toe uitgewyk. Daar

is reuse, geheime grotte waarin geen ys voorkom nie, en in daardie grotte het hulle hul navorsing voortgesit. Nog voor die 2de Wêreldoorlog het die Duitsers van hierdie grotte geweet. Hulle het toe hulle apparaat, toerusting en dokumente alles na die grotte geneem en daar hul navorsing voortgesit.

Goedgesinde jonger Duitse wetenskaplikes het later by hulle aangesluit en oorgeneem sodat die navorsing kon voortgaan. Hierdie wetenskaplikes is egter nie die huidige regering van Kohl goedgesind nie. Volgens hulle is die oorlog tussen Duitsland en Amerika steeds onder die oppervlakte aan die gang. Hulle aanvaar glad nie die samewerking tussen Duitsland en Amerika nie.

Sedert die afloop van die 2de Wêreldoorlog het hulle duikbote gebou en toegerus met wapens wat niemand nog ooit gesien het nie. Onder andere die magnetiese kragveld.

Dit blyk nou dat van daardie duikbote wat deur hierdie groep wetenskaplikes gebou is, heel dikwels die Namibiese kus patroleer en waarnemings doen. Die twee vliegtuie ('n Russies vervaardigde Tupolev TU 54 en 'n Amerikaanse vegvliegtuig) het die Duitse duikboot in die Namibiese gebiedswaters opgespoor en was gereed om horn te kelder, toe die duikboot sy magnetiese veld soos 'n `reuse net uitgegooi' het om die vliegtuie te `vang' en hul elektriese en radarstelsels `af te skakel'. Dit het dieselfde uitwerking as wanneer 'n vlieënier skielik geblinddoek sou word en hy glad nie meer koers of rigting kan bepaal nie. Die gevolg was dan ook dat die twee vliegtuie kort daarna in mekaar vasgevlieg het omdat geeneen van die twee vlieëniers meer geweet het wat hulle vlieghoogte of rigting was nie, want hulle vlieginstrumente het glad nie gewerk nie; hulle kon dus ook nie die naaste vliegtoring kontak of 'n noodsein uitsaai nie.

Die werklike rede vir die botsing sal daarom nooit bekend gemaak kan word nie.

Wapens

Ek het ook verneem dat hierdie Duitse patriotte oor 'n groot wapenarsenaal uit die Tweede Wêreldoorlog beskik; splinternuwe wapens wat nog nooit gebruik is nie en iewers in die berge van Noord Europa weggesteek lê.

Vergelyk in die verband Siener van Rensburg se byna ongehooflike visioen van 10 Junie 1923 waar hy sê:

Ek gaan na Europa en gaan oor berge. Toe kom ek bij 'n plek en daar lê nieuw mauser geweeers onder planke en hulle is nog in die ghries...).

Wanneer ons dan hulp gaan nodig kry, sal die Duitsers wat ons goedgesind is die wapens gaan haal en dit vir ors bring waarskynlik met een van die 5 Duitse fregatte wat tans (na verneem word) in Brasilië gebou word onder geleide van die duikbote wat so gereeld ons kuswaters patroleer.

Hierdie duikbote het ongelooflike tegnologie aanboord. Hulle is glo daartoe in staat om alle vyandelike optredes die hoof te bied deur die aanvaller se boordinstrumente en/of wapentuig `onmiddellik en sonder enige sigbare aksies' buitewerking te stel. Sedert die einde van die 2de Wêreld-oorlog is nog nie een van hierdie duikbote gekelder nie. En daar was glo al talle pogings om dit te doen.

Hulle beskik oor wapentuig waarvan geen ander land kennis dra nie, selfs nie eens die huidige Khol regering nie. En dit is so ver gevorderd sodat hulle 'n gesamentlike aanslag deur Amerika en Rusland met sukses sal kan af-slaan. Wanneer die 3e Wêreldoorlog dus uitbreek, wil dit lyk asof die `Vierde Reich' tot die stryd gaan toetree en in die daaropvolgende konfrontasies van hulle gesofistikeerde wapens gebruik gaan maak.

Het oom Nicolaas van Rensburg nie dalk hierdie `Duitse patriotte' in sy verstommende visioene oor die uitbreek en verloop van die Derde Wêreldoorlog `gesien' nie?

Want wat anders beteken die volgende aanhalings uit die Siener-geskrifte (vgl. Siener van Rensburg - BoodsAPPER

van God):

1. Kort voor haar dood het sy dogter, Anna, 'n baie interessante opmerking gemaak. Sy het onthou dat haar pa gesê het dat die land wat in die toekoms die laaste oorlog (die Derde Wêreldoorlog) wil wen, **Duitsland aan sy kant sal moet hê.**
2. Na die uitbreek van die oorlog: Dis dan ook hier waar die **wonderwerk** met die Duitse leër plaasvind. Die Rooi Leër word ook hier verslaan...
3. Daar oorkant in Europa gebeur **die wonderwerk van die heropstanding van die Duitse leër**, wat 'n draai in die geskiedenis bring. **Ons kry ons wapens van die Duitsers** uit Suidwes en die **vyande vlug uit ons land. Hulle is behep met vrees** en hulle vlug net so vinnig as wat hulle kan en laat al hulle besittings net so in die steek.
4. Die Duitsers het baie **geheime wapens** oor die Spaanse grens gestuur toe hulle met die laaste oorlog moes oorgee. Hulle kon of wou dit nie gebruik nie, want **die tyd was toe nog nie ryp daarvoor nie.**
5. Na die gevegte van die Duitsers in Europa stuur hulle **gewapende magte met baie krygstuig vir ons hierheen. Op die grens van Suidwes gee hulle vir ons die wapens**, organiseer ons in kommando's en dan trek daar ook Duitse magte saam met ons op deur die Unie om dit weer in besit te neem.
6. Die **haat van die Duitser** is vreeslik en hulle sal gebuik maak van die kans om wraak uit te oefen teen Engeland. **Engeland sal totaal uitgedelg word ...** Oom Niklaas sê dat die **Duitser ten volle gewapen word** maar in die geheim ondergronds **seker met geheime wapens.** So is dit ook.
7. Voor Spanje se grens sal die Rooi Leër in Europa vernietig word. **In die Pireneë sal die Russe wapens teenkom, wat hulle nooit daar verwag het nie, alles deur en vanuit die Duitse brein.**

8. Die oorlog sal baie, baie snel, verwoestend en vreeslik wees. **Volkere sal in 'n baie kort tyd uitgedelg word.** Dit sal ook meesal in en uit die lug wees met Atoombomme en wapens, siektekieme en baie **gevaarliker wapens as wat ons dan bewus van is.** Die ergste sal wees die elektriese strale wat dood en verderf saai bo en onder. Selfs die grond sal verwoes word, soos bv. in Engeland.

9. Die VSA en Engelse troepe in **Duitsland sal weggee word met een veeg. Hulle (die Duitsers) brand hulle met vuurbomme uit die gate.** Daar sal vreeslike slae plaasvind. Oom Niklaas sê: "*Ek sien 'n groot put en dit loop vol bloed*". Dus dit gaan geweldig wees. Daar sal bloed loop soos nog seker nie geloop het nie. **Dis nou juis hier waar die Duitse kans weer deur God kom: Die Duitsers met hul geheime wapens val die lang uitgerekte Russiese kommunikasie lyne aan en druk hulle van agter vas.** Tussen die twee vure word die Rus totaal uitgedelg. Dis die ding wat die mense sal sê: **God het Duitsland verlos en gehelp want hoe kon sy dit ooit reggekry het.**

Die **Duitsers** maak die vrede in Europa. **Hulle word die sterkste nasie in 'n baie kort tyd.** Deur Duitsland kry ons dan ons vryheid. **Hy word die baas in Europa.** Duitsland kry al haar kolonies terug. Ook ons wat haar skade aangedoen het, moet daarvoor betaal.

10. Daar kom 'n **wonderwerk in Duitsland wat hulle weer optel.** Hulle kom weer in die gevegte, en hierdeur kom hulle weer vry en **word hulle weer 'n groot nasie.** Al hulle gebiede in Europa kry hulle terug. Al hulle geroofde goed moet na hulle terugkom.

11. Die Engelsman **sal orals bars waar die Duitsers grondvat.** Onthou in Europa sal Engelsman geen vriend meer hê ook nie elders en in Amerika. Duitsland en VSA sal vnende wees en die Engelsman sal NIKS wees. Dan kom die vrede: Onthou ook oom Niklaas het gesê, dat die **wonderlikste is**

dat by die finale vredestafel sit die Duitser aan die kop van die tafel. Duitsland help ons ook hier aan wapens en help ons verder om die swartes in Afrika op hul plek te sit...

12. 'n Ander gesig waarin oom Niklaas sien dat die Duitse volk gerehabiliteer was, is die volgende:

Ek sien in Duitsland 'n groot huis. Dis donker in die huis. Ek gaan by die agterdeur in en as ek halfpad in die huis is, sien ek dit word effens lig. En voordat ek by die voordeur uitgaan, word dit heeltemal lig. Dan sien ek hier lê 'n wit seiltjie. Ek tel die wit seiltjie op en onder die seiltjie lê die jong Duitse troepe in hulle volksuitrusting. (Daar lê ook spanne osrieme klaar opgevleg).

Die feit dat dit donker in die huis is, wys dat die Duitsers hulle in die geheim vir 'n oorlog voorberei het. Die spanne osrieme wat klaar opgevleg is, is 'n teken dat die nasie (Duitsland) nou gereed is om die spanne osse (sy leermagte) in te span en uit te trek vir oorlog. Die WIT SEILTJIE is GODS HAND wat die Duitsers daartoe in staat stel om weer 'n oorlog te voer.

Die 'volksuitrusting' dui daarop dat hierdie Duitsers konserwatief is omdat hulle sterk voel oor hulle volksverband, tradisies en herkoms. (Siener het hier waarskynlik 'n afdeling van die 'Duitse patriotte' gesien waarna daar in hoofstuk dertien na verwys is).

Die kis op Kerkplein

Terwyl die skrywer Francois Richter besig was met navorsing vir sy boek, *Teen die hele wêreld vry...*, het hy 'n brief van 'n leser ontvang wat aan hom geskryf het van die man uit Wes-Transvaal wat jare gelede die gesig gehad het van 'n swart leier wat sterf en dan op Kerkplein in Pretoria in staatsie lê terwyl duisende daarheen stroom om aan hom die "laaste eer te betoon". Die persoon kon ongelukkig nie sê of hierdie "man uit Wes-Transvaal" Siener van Rensburg was nie. Maar omdat

hierdie interessante gegewens aansluit by 'n gesig wat Siener gehad het (4 April 1915) en omdat ek ook 'n soortgelyke voorstelling van mnr. Frans Vermaak van Port Elizabeth ontvang het, wil ek dit tog hier aanhaal:

Die koning (swart leier) se liggaam is in 'n glaskis geplaas en op die Plein in Pretoria in staatsie gelê sewe dae lank. En roubeklaers het van oor die ganse wêreld gekom om aan hierdie koning van die Reënboognasie eer te betoon.

En daar was niemand wat gewerk het nie sewe dae lank; want dag en nag het hulle by die kis verbybeweeg, daarop neergeval en bitterlik geween, en hulle wou nie getroos word nie; vir sewe dae lank.

Op die agtste dag is hy in die helde akker begrawe.

En toe het waar geword wat deur die profeet Siener van Rensburg gespreek is toe hy gesê het:

Ek sien 'n doodskis wat in 'n graf afsak, vure wat uitkom, maar een groot vuur wat voor uitkom. Nakende mense verskyn.

Dit vertel van die geweld en burgeroorlog wat met die (swart) koning se begrafnis gaan losbars. Dan sal die Boervolk ook nakend, gestroop van alles wees, en in groot benoudheid verkeer...

Enkele persone wat oor hierdie swart leier se dood geskryf het, meen hy sal binne 31/2 jaar nadat die ANC regering die mag oorgeneem het (dit wil sê - einde 1997) "gewelddadig sterf"; terwyl die persoon uit Lichtenburg omgewing weer "onthou" dat die man van Wes-Transvaal gesê het dit sal "net voor of in die tyd van 'n staatsgreep en burgeroorlog" plaasvind.

Hoe dit ook al sy, Siener het self 'n gesig gehad van 'n swart man wat uit die tronk vrygelaat word; waarna hy Rusland besoek, en met sy terugkeer word hy in 'n leiersposisie aangesel; maar teen die einde van sy lewe gaan hy 'n gewelddadige (of onnatuurlike) dood sterf.

Hoofstuk veertien

'n Volk se ontwaking

Die meerderheid van Siener se visioene wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is nie in BoodsAPPER van God opgeneem nie en kom uit die Krause dokument waarna reeds verwys is; ander het ek in 'n aantal ou briewe van Boy Mussmann opgespoor en die res is van persone ontvang wat die afgelope tyd hieroor geskryf het.

Van die inligting is mondelings oorgedra.

In hierdie gesigte kry ons 'n byna chronologiese volgorde van die verloop van sake soos Siener dit waargeneem het van die tyd dat sy volk onder 'n swart regering beland het om kort daarna deur hul vertroude NP leiers in die steek gelaat te word. Verder is daar ook 'n beskrywing van die volk se ellende in die 'donker tyd', sy ontwaking en die daarop volgende aggressie wanneer die Duitse ultimatum ten opsigte van die Boer se vryheid in die Parlement aankom. Dit loop uit op 'n onverwagse staatsgreep wat daartoe sal lei dat die Boervolk weereens op 'n wonderbaarlike wyse sy vryheid terugneem.

Maar dit sal nie sonder bloedvergieting geskied nie.

Die Nieu-Seelandse prediker, ds. John Beaumont, het in 'n gesig gesien hoedat 'n leeu sy bek oopmaak om die Boerevolk te verslind, maar dat God toe self ingryp het, die ondier se bek toedruk en die Boerevolk red.

Siener van Rensburg het ook so 'n wonderwerk sien plaasvind, maar geen verklaring daarvoor gegee nie. Miskien het hy self nie die besonderhede verstaan nie, want hy het gesien hoe ons vyande feitlik 'oornag' uit die land 'verdwyn' om nooit weer gesien te word nie.

(Ongedateer): *In die suide sien ek 'n groot boom. Die Speaker sit in die mik van die boom. Die Parlementslede sit hoog in die*

takke van die boom. Onder die boom is 'n gat en in die gat gaan die eerste minister.

Wanneer die Nasionale Party die Boervolk uitverkoop en finaal aan sy eie lot oorgelaat het, sal sy leier hom ook skielik uit die voete maak om in 'n onbekende plek te gaan wegkruip. Maar selfs hy sal nie die ellende en haglike toestande wat hierna aanbreek, kan vryspring nie. (Vergelyk in die verband die 'geelhond visioen').

(21 Maart 1921): *Vir 'n tydjie gelede het ek die Vrystaatse vlag helder gesien uitkom en die droge wingerdstokke bot en gee groen blare. Dis ons volk wat net nou gaan levendig word. Die Engelse is nou hulle hoogte getrek en als hulle daarvan terug trek dan kom die Duitser reg.*

Die kentering in die volk se hart gaan sy oorsprong in die Vrystaat hê, met ander woorde, iets sal daar plaasvind wat sal maak dat die Boere hulle tot God gaan wend (wingerdstokke wat bot), en dan geen ander keuse sal hê as om gesamentlik op te tree nie.

Dit sal ook die begin van die ontwaking van die res van die volk wees. Engeland sal openlik planne maak om ons te stuit en 'n finale nekslag toe te dien, maar wanneer hy wil optree, sal Duitsland onmiddellik ingryp en die Boere se saak steun.

(19 September 1920): *In die Zuidweste is 'n klein dammetjie met gras in en bietjie water, en makouvoëls hardloop daarin en die water word al meer en meer. Die makouvoëls is ons mense en die water is goeie nuus vir ons. Die skape word witrugbeeste in die Noordekant. Die skape is die boere wat so verander en dan is hulle gevaarlik. Daar is 'n klein beweging onder die kaffers, maar geen gevaar.*

Wanneer die Boervolk dan die goeie nuus kry dat Duitsland sy saak goedgesind is, sal dit so 'n dramatiese verandering (ontwaking) by hulle te weeg bring dat hulle vir die eerste keer eendragtig bymekaar gaan staan, en vir die eerste keer ook sal hulle bale gevaarlik wees.

Hierna kry ons waarskynlik daardie situasie waar hulle eenvoudig alles gaan doodtrap wat voorkom.

Hoewel die swartes tog nog sal probeer om weerstand te bied, gaan hulle poging nie slaag nie, en sal hulle ook noodgedwonge gou-gou die aftog blaas.

(5 Maart 1922): *'n Balie kom uit 'n put en gooi geel water in gras op die put se wal en die water loop weer terug in die put. Toe kom die put se vloer uit en is droog. Dis die Engelse nuus wat opraak. Toe kom 'n breë stroom blouwater van die Weste die Unie in. Dis goeie nuus van die Duitsters en Amerikaners. Ver in die Noorde is 'n dorp, en van die dorp kom 'n breë stroom water (na Pa se mening is die dorp Indië). 'n Engelsman kaal geskeer net 'n broek en hemp gaan van Johannesburg naar die Weste en toe kom mense met emmertjies in hul hande van die Weste naar die Ooste. Toe gee die aarde 'n draai en toe zit ons boere op hulle bont perre en kyk naar die Noord Ooste.*

In die haglike tyd wat Engeland ondergaan, word alle nuuskanale daarmee verbreek. Juis in hierdie tyd kry ons dan die goeie nuus van Duitse wapens in Lüderitzbaai.

Indië sal ook nou baie in die nuus wees, maar dis nie goeie nuus nie. Hier by ons word die Engelse wat so eensgesind teen die Boere opgetree het, van alles gestroop en hulle moet inderhaas die land uitvlug. Nie lank daarna nie breek moeilikheid in die OP uit en ontstaan daar ook 'n kosskaarste vanweë die ontwrigting en uitgerekte staking.

(30 Maart 1922): *Die laaste teken wat ek van die staak gezien het was 'n afgeslachte skaap wat aan die hak hang en dis 'n teken dat die arme stakers sleg gekom het. Ons zaak loop nog reg die koren en kaf is in die vloer en die kaf gaan nit die skoon koren uit.*

In die unie was eers net die Ooste donker maar nou is hy heelmaal donker. In Europa is drie potte wat geweldig aan kook

is, dit is dat moeilikheid binnekort daar zal aan die gang raak. Dan 'n blaww voor water van Europa dis nieuws vir ons daar vandaan. In Europa kom 'n vrou uit wat swart aangetrek is, dis 'n teken van rou. Hier by ons staan 'n man en hy trap vorentoe maar sy veldskoene bly lê achter. Dis 'n teken dat die volk tot 'n verootmoediging kom. Dan kom hier ook 'n vrou uit achter. Dis 'n teken dat die volk tot 'n verootmoediging kom. Dan kom pier ook 'n vrou uit wat naar Europa toe kyk wat zwaar in die rou is. Zo zal in Europa nou 'n groot ding gebeur.

Volgens mnr. S.N. van P. het Siener gesê hy het met hierdie visioen 'gesien' dat die 'groot staking' eintlik teen-produktief sal wees en heeltemal gaan skeefloop vir die stakers, want baie van hulle sal in daardie tyd sterf. Dinge begin eers vir die Boere reg verloop wanneer die eg Afrikaanse elemente hulle heeltemal van die liberale faksie afskei.

Ons moeilikheid wat in die OP begin het, versprei nou vinnig na die res van die land. In Europa woed drie burgeroorloë. Maar ons kry ander maal goeie nuus en steun van Duitsland. En die geestelike leier uit die OP verenig die volk, en net soos by Bloedrivier verootmoedig hy hom voor sy God. Een van die grootste tragedies van alle tye sal hom nou in Europa afspeel.

Die simbole in Siener se visioene het baie duidelike betekenis. So beteken die afgeslagde skaap wat aan 'n haak hang, dat daar geweld en bloedvergieting sal wees, in hierdie geval saam met die staking.

Die kaf en die koring skei, die liberales en konserwatiewes verdeel in twee kampe.

Drie potte staan geweldig en kook in Europa, maar Siener sê dat die moeilikheid nog gaan kom, die burgeroorlog gaan nog uitbreek, maar nie op daardie oomblik wanneer ons land gereedmaak vir die komende oorlog nie.

Aan die einde van die visioen sê hy ook dat iets verskrikliks in Europa gaan gebeur. Dit kan wees dat die burgeroorloë dan gaan uitbreek.

(9 Aug. 1923): *'n Vrou sit op 'n stoel op mielieblare, en blare raak aan die brand en raak weg. Toe zit die vrou weer op 'n klomp mielieblare bo-op. Dis Frankryk in die Rhyng gebied. Die Engelse beeste trek in die mielie stronke weg, lyk of hul vlug. Dis die Engelse wat vlug.*

In 'n tyd wanneer Frankryk groot verkiesingsmoeilikhed ondervind en daar ook kwaai opstande in die Rhyng gebied is, beleef Engeland dan sy finale ondergang, en die wat nog daartoe in staat is, slaan op die vlug.

Ook hier in Suid-Afrika breek 'n burgeroorlog uit, en sal die een swart nasie teen die ander swart nasie opstaan in 'n oorlog soos hierdie land nog nie gesien het nie, skryf Francois Richter, en voeg by:-

As die Parlement opbreek en almal haastig Noorde toe vertrek om die wapen op te neem, het die Zoeloes reeds 'n vuur aangesteek teen die Xhosas en hulle het begin om mekaar met knopkieries, kapmesse, assegaaie, AK 47's en 'n groot gejuig te verdelg; niemand sal verskoon word nie, en hulle sal dood maak man sowel as vrou, kind en suigeling, bees en kleinvee, ook skaap en bok, kuiken en hond.

Richter beskryf hierdie dramatiese gebeure soos volg:-

Maar die regverdige was bly toe hulle die wraak sien, en hulle het hulle voete in die bloed van hierdie goddelose gewas. **(Ps 58:11).**

Die dooies het opgehoop in die stede, en hulle liggame is deur die vegtendes vertrap, en na vele dae het die stank vanal die lyke opgestyg soos 'n wolk, en die berge het gesmelt van hul bloed **(Jes. 34:3).**

Toe het die vrees van Jahweh oor hierdie tien swart nasies gekom, en hulle het hul AK 47's, knopkieries, kapmesse en assegaaie in die son laat val en soos wilde esels op die vlug geslaan. Maar Jahweh het met hulle 'n strafgerig gehou ter wille van sy volk en sy erfdeel Israel.

En Hy het hierdie Azaniërs wat sy volk se land in nege provinsies verdeel het, verdeelg volgens die woord van Jahweh wat hy gespreek het oor Azanië deur die diens van die profeet Nicolaas:

Ek het jare gelede, kort na die Driejarige Oorlog 'n klein, maer kaffertjie halflyf sien verrys uit die aarde, en gister het ek weer 'n visioen gehad. Ek sien dat die kaffertjie gegroei het tot 'n magtige kryger wat heeltemal uit die aarde te voorskyn kom, en die assegaai en skildvel wat hy bokant sy kop uitstoot se skaduwee val dwarsoor ons land. Dis ver vorentoe, en dan sien ek dat hy agter 'n newel verdwyn.

Maar voordat hierdie heuglike oomblik vir die Boervolk aanbreek, sou hy nog deur vele diep waters moes gaan, en dit beskryf Siener baie realisties in die volgende reeks visioene:

(3 Junie 1915) Hy sien eers: *'n Papier kom rnet blou letters uit* (en byna onmiddellik daarna sien hy) ... *'n put waar houte oor is. Die mense dra hulle seiltjies. 'n Vlakput kom weer in gesig. 'n Nuwe geweer kom uit. Daar is 'n groot gewoel onder die mense. Die gras is groen.*

Selfs nadat die eerste twee blou briewe (ultimatums van die goedgesinde 'Duitse patriotte') in die Parlement afgelewer is, volhard die swart regering steeds met sy diskriminerende beleid en weier by om aan die Duitsers se eise te voldoen.

Dit lyk ook of die blankes net nog meer vertrap en verguis word. En dan land die derde blou brief ('n direkte oorlogsverklaring van die Duitsers wat saamval met 'n staatsgreep deur die Boere). Die Parlement spat in groot chaos uitmekaar, en al die Parlementslede gaan dadelik terug huis toe (hulle dra hul seiltjies).

Hier maak Siener van Rensburg dan 'n vreemde opmerking. Hy sê dat die rede waarom die Parlement in wanorde uitmekaar gaan, is die rede waarom ons uiteindelik 'n Republiek sonder 'n pennie skuld sal hê. Anders gestel:

Die rede waarom ons nuwe Republiek sonder 'n pennie skuld

sal kry, is ook die rede waarom die Parlement uitmekaar spat. Daar is werklik net een rede waaraan 'n mens kan dink wat so iets tot gevolg kan hê 'n staatsgreep deur die Boere. Wanneer die regering van 'n land deur 'n staatsgreep oorge neem word, is daar geen wet wat die 'onwettige' regering kan dwing om die vorige regering se buitelandse skuld te betaal nie. Die Boereregering sal eenvoudig nie verantwoordelikheid hoef te aanvaar vir die swart regering se skuld nie.

Die meeste (blanke) Parlementslede gaan, volgens Siener, na die noorde toe; waarskynlik na die Vrystaat en Transvaal toe. Teen die tyd dat hulle daar aangekom het, het die groot staking reeds begin - moontlik uit protes teen die staatsgreep en/of oorlogsverklaring.

Volgens Siener is die myn werkers huis toe; en het alle vervoer tot stilstand gekom, behalwe vir die trein tussen Prieska en Lüderitz wat onder Duitse beheer is en daarom nog loop. Hy stel dit so: Dis al stukkie (treinspoor) wat GOD gebruik vir die redding van die Afrikanervolk. Met die trein kry ons, ons hulp: kanonne, ammunisie en gewere van die Duitsers volgens ons traktate van die 1914 Rebelle.

Siener sê wanneer die Parlementslede in die noorde aankom, dan sit hulle (die ander Boere) daar reeds op hulle perde; hulle is dus slag gereed vir die stryd ophande. Dit dien dan ook as staving vir die gedagte dat daar klaar 'n staatsgreep deur die Boere in die Parlement uitgevoer is, want hoe anders sou hulle makkers tuis geweet het om vir 'n oorlog gereed te wees? En vandaar waar hulle op hulle perde geklim het, gaan almal na Lichtenburg.

Onder daardie omstandighede (met 'n volk wat gereed maak vir oorlog terwyl daar ook 'n groot staking aan die gang is) kan mens te wagte wees dat die land in chaos sal verkeer en die Boere oproerig sal wees. Tot in hierdie stadium was die organisasie van wat gebeur het nog heel temal spontaan. Daar is (skynbaar) nog geen defnitiewe, leier gekies nie; bes moontlik

omdat die Boere tot in daardie stadium nie meer hulle leiers vertrou nie.

Herderloos kan hulle egter ook nie bly nie. 'n Oorlog word nie gewen sonder aanvoerders nie. Die Boere trek dus spontaan saam by 'n koppie noord van Lichtenburg, want daar moet nou planne vir optrede gemaak word en dit moet baie gou ook geskied.

By hierdie koppie kom die man met die bruin pak klere vir die eerste keer te voorskyn. Die taak rus op hom om die oproerige, ontevrede en oorlogsugtige Boere tot orde te roep en om hulle woede in die regte rigting te stuur.

Niemand sal vooraf weet wie hierdie man is nie, want die volk sal eers van sy bestaan bewus word wanneer hy hulle daar op die koppie naby Lichtenburg gaan toespreek.

Maar die Engelse historikus, Julian Oxford, skryf in sy boek, *A Prophet with Honour*, dat oom Nicolaas se dogters aan hom vertel het hulle pa was "baie goed bekend" met 'n man in 'n bruin pak klere wat vir die eerste keer "aan hom verskyn het" in sy ontstellende gesig oor die dood en verwoesting van die 2de Vryheidsoorlog. Oxford sê dat hierdie persoon herhaaldelik daarna aan die Siener verskyn het om die betekenis van "ingewikkelde gesigte aan hom te verklaar".

(In aansluiting hiermee was daar ook 'n tweede persoon wat net so gereeld aan oom Nicolaas in sy visioene verskyn het, naamlik 'die man in die grys pak klere'. Oom Nicolaas het hom as 'n Goddelike wese beskryf en het aan Adaan de la Rey van een so 'n verskyning vertel:

Dit was op 29 Feb. 1900 toe ek huis toe gestuur is omdat ek erg pyn verduur het van die fyt aan my vinger. Ek het toe by 'n Duitse gesin in Hoopstad tuisgegaan en daar op die rusbank aan die slaap geraak. Toe verskyn hierdie Goddelike persoon aan my en vra of ek sal weier om te dra wat God my oplê. Van daardie oomblik af het ek nie getwyfel om te vertel wat ek sien nie.

In later jare het Siener by verskillende geleenthede 'n beskry-

wing gegee van die man in die bruin pak klere wat die volk nog eendag by Lichtenburg gaan toespreek, een daarvan was soos volg:

Hy is nie 'n lang man nie en sal in 'n rustige, kalmerende stem met die ontstuielige Boere praat. Hy sal 'n egte Afrikaner wees, 'n Boer in murg en been. Wat hy egter gaan sê, gaan die volk aan die hart gryp en almal by wie daar nog twyfel was, sal hom onmiddellik as hul nuwe leier aanvaar...

En nadat hierdie nuwe leier klaar gepraat het, sien oom Nicolaas baie gekniehalterde perde om die koppie wei. Dit beteken die manne is dan gereed en lus vir oorlog. Daar is nou geen keer meer aan hulle nie; selfs die nuwe leier sal probeer, maar hulle ook nie keer nie, want in sy toespraak het hy hulle aangespoor om te verenig, die wapen op te neem en as gelowiges hulle vyand tegemoet te gaan.

Hy kan dus nie een van die huidige geslag se sogenaamde 'Afrikanerleiers' wees nie, want dit het al 'n gewoonte by hulle geword om liever terug te staan of met die vyand kompromieë aan te gaan.

Van Lichtenburg af draai die Boeremagte dan suidwaarts in die rigting van Prieska.

Hier gebeur dan ook 'n wonderwerk en kry die Boere onverwags hulp in die vorm van 'nuwe gewere' (by Lüderitzbaai?). Siener het gesê dat hy daar by Prieska dae aaneen op sy perd sal kan ry en net vaal donkies (getroue Afrikaners) voor hom sien. Vir die eerste keer sedert die Tweede Vryheidsoorlog gaan die Boerevolk opstaan om sy vryheid en beroofde erfgoed oor die loop van die geweer terug te vat.

Almal sal toegerus word met splinternuwe wapens en ammunisie wat sedert die Tweede Wêreldoorlog deur die Duitsers in die Pireneë gebergte naby Spanje geberg is en nou met oorlogskepe na Lüderitz gebring is.

En nou neem alles skielik 'n ander wending, want met 'n groot gewoel en werskaf maak hulle gereed om saam met die Duitse magte die vyand aan te vat in die Derde (en laaste) Vryheids-

oorlog. En wanneer die stryd dan uiteindelik in aanvang neem, **staan die gras vry algemeen groen.**

Sy aan sy met die Duitse magte draai hulle om vir die stryd. Die Noord-Transvaalse en Noord-Vrystaatse magte keer die slang, wiel en Springbokke (Regeringstroepen) by Vereeniging vas. Dit gee aan Suid-Transvaal, Suid-Vrystaat en Kaapland die geleentheid om van Prieska af op te ruk.

Op pad na Vereeniging word die eerste bomme van die oorlog op Kimberley gegooi en duisende gaan daar sterf.

Dan trek hulle op na Vereeniging vir die groot slag.

By Vereeniging is die posisie van die vasgekeerden Regeringstroepen uiters haglik. Die plek waar hulle hul bevind, is hol soos 'n put.

(Ongedateer): *'n Troepetrein beweeg met die spoor na Bulawayo, en êrens tussen berge kom die trein skielik tot stilstand. 'n Geveg breek uit tussen troepe van Rhodesië en die Unie se troepe op die trein (wat almal Afrikaans praat).*

Met hierdie visioen het Siener 'n vlugtige beeld gekry van die oorlog wat nog tussen die Boere en Zimbabwe (en ook waarskynlik Zambië) se swart magte sou uitbreek nadat die res van Suider-Afrika al reeds deur hulle oorgeneem is, en die Engelse al uit die land verdryf is. Uit die Krause-dokument blyk dit dat 'n sterk Duitse kontingent ook hier saam met die Boere sal optree.

By die 'put' daar naby Vereeniging het Siener die gees van verskrikking oor ons vyande sien kom, en behop met vrees het hulle net so vinnig as wat hulle kon weg gevlug terwyl hulle alles wat hulle sedert die tyd van die Geloofte van ons gesteel het, net so agterlaat.

Die Boeremagte jaag hulle dan tot daar waar hulle ons nooit weer sal pla me. En wanneer die Boere terugkom, konfiskeer hulle alles: vanaf die Limpopo se bo-lope tot onder waar die Kaap sy tong in die see stoot.

(7 Aug. 1923): *In Europa lê 'n groot hoop strooi op mekaar en mielielbare langs die strooi. Die mielielbare is aan die brand. Daarna is daar mielie stronke en die is in ene vuur. Diezelfde teken van oorlog het ek gezien toe Turkye en Griekeland geveg het. Waans met witpens osse trek naar die Noorde maar die osse is my onbekend. In die verre Noorde in Europa staan 'n skiller bees wat hier heen kyk (onbekend). Toe die bees weg raak is die aarde swart. Die swart is 'n voorteken van wat die aarde kry wanneer zake gaan draai. Toe is ek in die nuwe grasdakhuis dis goeie nuwens vir Ons.*

Die 3e Wêreldoorlog is reeds in volle swang. Europa word feitlik geheel en al deur vuur (atoombomme?) vernietig. Italië tree toe tot die Derde Wêreldoorlog.

In die verre noorde van Europa word 'n komplot teen die Boer-volk gesmee; maar nog voordat dit uitgevoer kan word, sterf die betrokkenes en sake verloop skielik gunstig vir ons.

(Dis wanneer ons Duitse hulp kry; die mag oorneem en ons nuwe Boereregering daarstel).

(Die geelhond visioen): *Ek sien in 'n omgeploegde land is 'n paal ingeplant (gevestig). By die paal staan ek en my vrou en kinders (Afrikaners), dan kom daar 'n geel hond met 'n wit halsband. Die geel hond kruip by die vrou en kinders in die gat.*

Siener het gemeen die geel hond is genl. Jan Smuts. Maar dit kon nie wees nie, want hy sê "Smuts sal in die aarde wil kruip oor alles wat hy aan ons volk gedoen bet, wanneer ons VRY en onafhanklik is".

Dit kon egter nie Smuts gewees het nie, omdat hy lankal dood is en ons nog nie ons vryheid gekry het nie. Die enigste ander persoon wat dit kan wees, is FW de Klerk, "wat in daardie dag in skande en skaamte sal gaan wegkruip oor wat **hy** sy volk aangedoen het," soos die Siener dit self gestel het, en toe bygevoeg het:

"Al belang wat ons by hom sal hê, is die halsbandjie. Dit beteken by is Afrikaner gebore en het 'n Afrikaanse van!"

Ons President

(Laaste deel van die visioen van 7 Aug. 1923): *By ons lyk die aarde zoos zomer, kampe wat heelmaal uitgetrap is van Geel waans met paarde trek of naar die Kolonie. Geel waans belang aan Engelse. Die koring lê aangelê in die vloer is 'n teken dat die tyd naderkom. Die wat die aarde zo zonder gras is, bruin poeding is op tafel in my bord dis 'n goeie teken vir ons. Aan die Weste kom 'n skottel heuning in gezig wat 'n mes stroke sny en in my bord kom een. Vir 10 jaar terug het ek die heuning aan die Weste kant gezien wat nou eers op my bord kom.*

Nadat ons daar by Vereeniging die Regeringsmagte finaal verslaan het, verdryf ons die laaste klomp Engelse (geel waans) ook landuit.

En daar in die waterryke landstreek van Prieska kies ons toe ons eerste regering en ons eerste President.

Die mense was verwonder toe hulle hom in sy pluiskeil en sy manel sien verskyn; want hy was nie groot van persoon nie en ook glad nie oud nie, met min hare en groot wenkbroue en skerp oë.

En baie was nog meer verwonderd toe hulle hom later in sy rytuig sien verbykom op die nuwe grootpad wat met Duitse hulp gebou is, want sedert die dae van Paul Kruger het hulle nog nie weer 'n president in 'n koets sien ry nie.

Hy is daardie dag nog op feestelike wyse in die teenwoordigheid van die hele volk ingesweer - presies tien jaar nadat hulle vryheid op 2 Februarie 1990 deur hulle vorige president aan die heidene weggegee is...

(Volgens hierdie verklaring wil dit dus lyk of die eerste Boerepresident vroeg in die jaar 2000 in sy amp aangestel kan word). Hierna is elkeen terug na sy huis toe, en hulle het sonder vrees in die oop veld geslaap en ook sonder vrees die stad binne gegaan.

Oupa Krause sê:

Nou lê daar vir ons Afrikaners 'n baie groot en mooi toekoms voor. Ons kom vry van die vyande van ons. Ons het 'n baie goeie godvresende boere President. Hy is 'n besondere man, vry van partypolitiek. Hy steur hom nie aan kleinighede maar kyk bo oor alles (boontoe). Hy kyk na ons toekoms.

Regverdig en opreg. Die kern van die groot (Boere)republiek is die Transvaal, OVS en Kaap. Van hier kyk ons na die noorde. Die Afrikanervolk is dan 'n groot eenheid. Vasgeheg aanmekaar, en ons staan blokvas agter ons goeie president, 'n ware leier.

Met verloop van tyd het die Boere die Unie in besit geneem en al hoër op tot by die ewenaar uitgebrei. Boere en Duitse kommando's het saam in Afrika opgetrek om die land weer veilig en bewoonbaar te maak vir die witman. Dit gaan met die tyd, maar almal is hier eensgesind en werk hier eendragtig saam.

Baie kolonies daar ver oorkant die water kom nou om by ons aan te sluit, want daar was net verwoesting, dood en groot ellendes; en moeder Engeland was nou ook nie meer daar nie.

En ook het baie immigrante vanuit die verwoeste streke van Europa hierheen gevlug om in wit tente te kom woon van die Kaap tot in die Karoo en van Pretoria tot by Lourenco Marques.

Toe was die Boere weer net een volk, 'n beter volk, met net een Kerk wat nou vaster gestaan het as ooit tevore!

En ons het 'n groot en voorspoedige nasie geword, want steeds het immigrante van oral-oor hierheen gekom om saam met ons in vrede en veiligheid te woon...

Kopiereg © 1997 VAANDEL Uitgewers BK
Eerste druk November 1997
VAANDEL Uitgewers
Posbus 1736, Mosselbaai, 6500
Geset in 13 op 13pt New Times Roman
Setwerk gedruk op 'n IBM Lexmark Optra R+ Laser Drukker
Gedruk en gebind deur Colorgraphic , Durban

ISBN 1 919728 02 3

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verloop van die uitgewer gereproduceer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiering, plaat of bandopname, vermikro-filming of enige ander stelsel vir inligtingsbewaring.

Siener van Rensburg – die laaste loopgraaf, is Adriaan Snyman se nuutste en waarskynlik ook die heel opwindendste toevoeging tot sy reeds uitgebreide publikasies oor ons eie Boereprofeet se visioene oor sy volk se eindbestemming. En hier maak die skrywer veral gebruik van nuwe verklarings wat betrekking het op gebeure soos prinses Diana se dood; die ‘Duitse Patriotte’ se oorlogsverklaring, en die Boere se staatsgreep. Daarna beskryf hy ons Derde Vryheidsoerlog en die inswering van ons eerste ware president van die nuwe Boererepubliek:

“En daar in die waterryke landstreek van Frieska kies ons toe ons eerste regering en ons eerste President.

“Die mense was verwonder toe hulle hom in sy pluiskel en manel sien verskyn; want hy was nie groot van persoon nie en ook glad nie oud nie, met min hare en groot wenkbroue en skerp oë. En baie was nog meer verwonderd toe hulle hom later in sy rytuig sien verbykom op die nuwe grootpad wat met Duitse hulp gebou is, want sedert die dae van Paul Kruger het hulle nog nie weer ’n president in ’n koets sien ry nie...”

ISBN 1-919728-02-3



9 781919 728025